

Die Psalms van Christus

Die Liedboek oor Christus en geskryf deur Christus Self vir die Kerk van alle eeue

Deur

Dr.AH Bogaards

Kopiereg Fritz Uitgewers ©

2019

Inhoud

Voorwoord.....	7
Opset en bedoeling van hierdie boek.....	7
Hoofstuk 1.....	9

In die klaskamer van Christus en sy Gees.....	9
Die mens is van nature onbekwaam om die Psalms reg te verklaar.....	9
Van nature onbekwaam tot Skrifuitleg – tensy ons wedergebore word.....	9
Na die Skrywer self en na sy Leerskool toe.....	10
Lukas 24:25-27 en 44-47.....	11
Handelinge 7.....	12
2 Petrus 1:20-21.....	12
Deur Christus en sy Gees alleen.....	12
Hoofstuk 2.....	13
Vervul met die Christus-Woord van die Gees sing ons die Psalmwoorde van Christus en sy Gees.....	13
Vervul met die Gees van Christus, vervul met die Woord van Christus.....	13
Die woord van Christus.....	13
Psalms, lofgesange en geestelike liedere.....	13
Geestelike liedere.....	14
Die vrug van die vervulling: Psalmgesang.....	14
Hoofstuk 3.....	15
Indeling en eenheid van die Ou Testament.....	15
Bedoeling van hierdie hoofstuk.....	15
Volgorde en indeling van die boeke van die Ou Testament.....	15
Die besondere plek van die Wet in hierdie indeling.....	16
Die Messias, die dag van oordeel, die Profete en die Psalms.....	16
Moses (die <i>Wet</i>) en Elia (die <i>Profete</i>) en – die <i>Psalms</i>	16
Josua en Rigters.....	16
Josua.....	16
Rigters.....	17
Grafiese voorstelling van die indeling en eenheid.....	18

Hoofstuk 4.....	19
Die indeling en eenheid van die Psalms.....	19
Inleiding op die Psalmboek: Psalm 1 en 2.....	19
Psalm 1.....	19
Psalm 2.....	19
Boek 1 tot 5.....	19
Grafiese voorstelling van die indeling van die Psalmboek.....	21
Die eenheid van die boek van die Psalms.....	21
Die inleiding wys op die eenheid van die Psalmboek.....	21
Die onderlinge samehang van verskillende Psalms bevestig die eenheid.....	21
Die onderlinge samehang ook gesien in die vyf boeke van die Psalms.....	22
Hoofstuk 5.....	23
Die eggo van die <i>Wet</i> en die <i>Profete</i> in die Psalms.....	23
Die Psalms sing van die <i>Wet</i> en die <i>Profete</i>	23
Die eggo van die <i>Wet</i> in die Psalms.....	23
Genesis.....	23
Eksodus.....	23
Levitikus.....	24
Numeri.....	24
Deuteronomium.....	24
Die eggo van die <i>Profete</i> in die Psalms.....	24
Josua.....	24
2 Samuel.....	24
1 Konings.....	25
2 Konings.....	25
Maleagi.....	25
Hoofstuk 6.....	26

Wet-Profete-Geskrifte en die Nuwe Testament.....	26
Die <i>Wet</i> , die <i>Profete</i> en Matteus.....	26
Die vyfdeling van Matteus en die vyf boeke van die <i>Wet</i>	26
Die boek van die genesis van Jesus Christus.....	26
Die geboorte-aankondiging en die <i>Profete</i>	27
Die Bergrede en die <i>Wet</i> en die <i>Profete</i>	27
Die <i>Geskrifte</i> en Matteus.....	27
Die Psalms en Matteus.....	27
Psalm 1.....	27
Psalm 2.....	28
Psalm 110.....	28
Johannes – die Psalm 2-evangelie!.....	28
Hoofstuk 7.....	30
Die Wraakpsalms.....	30
Hoofstuk 8.....	35
Die Naam HERE in die Psalms.....	35
Die groot belangrikheid van die Naam HERE.....	35
Hoofstuk 9.....	38
Oordenkings van die Psalms van Christus.....	38
1. Die Liedboek oor Christus en geskryf deur Christus.....	38
2. Ons hoor Christus in ál die Psalms.....	38
3. Die Psalms van Christus bedoel óók vir die kerk van die Nuwe Testament (1).....	39
4. Die Psalms van Christus óók bedoel vir die kerk van die Nuwe Testament (2).....	41
5. Christus is óók die Verklaarder van die Psalms.....	41
6. Psalm 1: Met ons hoogste Profeet, Jesus, op die berg van die Psalms.....	43
7. Die tempel van die Psalms.....	44
8. Psalm 1 en 2: in die poort van die tempel van die Psalms.....	45

9. Die Wet (1): die belangrike plek van die Wet of Woord in die Ou Testament.....	46
10. Die Wet (2): die besondere plek van die Wet in die Psalms.....	48
11. Psalm 38: Vader, gee u kinders in ons land 'n salige pakslae.....	50
12. Psalm 2: die wêreldgeskiedenis in 'n neutedop - 'n rewolusie wat reeds verloor is.....	51
13. Sonder die Heilige Gees geen verstaan van die Psalms nie.....	52
14. Psalm 1 en 2: salig-rampsalig.....	53
15. Psalm 1: Salig – die Saligmaker, die salige Weg.....	54
16. Psalm 1 en 2: Salig – luister na die Woord van Christus is die geheim.....	54
17. Psalm 2: Kus die Seun – onderwerp julle aan sy Woord.....	55
18. Psalm 2: Die oordeel is deur die Vader aan Christus gegee.....	56
19. Psalm 2: <i>Welgeluksalig</i> is almal wat by Hom <i>skuil</i>	57
20. Psalm 34:6. Die gebed: aanskou die HERE en straal van vreugde.....	59
21. Psalm 3 (1): Die Een is meer as die baie.....	60
22. Psalm 3 (2): Staan op, verlos my.....	61
23. Psalm 4: Gebed om die lig van die HERE se aangesig.....	62
24. Psalm 5 (1): Gebed die eerste item op ons dagprogram.....	63
25. Psalm 5 (2): 'n Gebed wat oorloop van sekerheid en vertrouwe.....	64
26. Psalm 6 (1): Die eerste van sewe Boetpsalms.....	65
27. Psalm 6 (2): Straf my soos 'n Vader.....	66
28. Psalm 6 (3): Vir my is die lewe Christus.....	67
29. Psalm 6 (4): Monumente van die HERE ter nagedagtenis.....	68
30. Psalm 6 (5): nogeens goedertierenheid en gedagtenis.....	69
31. Psalm 6 (6): die gebed van 'n regverdige het groot krag.....	69
32. Psalm 6 (7): 'n vloeistofgebed, maar nie krokkediltrane nie.....	70
33. Psalm 9 (1): Die Naam is die inhoud van Psalm 9 en van die hele Bybel.....	70
34. Psalm 9 (2): Die Naam, die Onse Vader en ons Kategismus.....	71
35. Psalm 9 (3): Lofprysing is om te vertel van die HERE se wonderdade.....	72

36. Psalm 9 (4): die evangelie die wonder van alle wonders van die HERE.....	73
37. Psalm 9 (5): Kennis van die Naam en vertrouwe.....	74
38. Psalm 9 (6): Kennis van die Naam en gebedsvertroue.....	75
39. Psalm 9 (7) Die groot Naam teenoor die klein naampie.....	75
40. Psalm 11 (1): Ongeloof in die krisis.....	76
41. Psalm 11 (2): Geloof in die krisis.....	77
42. Psalm 11 (3): Godskennis in die krisis.....	78
43. Psalm 11 (4): Sekerheid in die krisis.....	79
44. Psalm 11 (5): Om God se aangesig te sien in die krisis.....	80
45. Psalm 11 (6): Die onomgooibare fondament in die krisis.....	82

Voorwoord

Die Psalms is **die Liedboek geskryf deur Christus en oor Christus en dit is bedoel vir die Kerk van alle eeue.**

Met hierdie formulering wil ek drie dinge benadruk:

- **Christus is die Skrywer** van die Psalms. Dit is ook wat ons bely in ons Heidelbergse Kategismus (HK 12:31): Hy is ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het. Dit geld ook van Psalm 110. Hy is die Woord van God wat in die Woord en in die Woord van Psalm 110 aan die Woord is.
Daarom sê die groot kerkvader Augustinus: Jesus self is die Sanger in die Psalms. In die boek van die Psalms het ons die volmaakte, deur Christus self gegewe Liedboek.
- Tweedens wil ek met die formulering sê: **Christus is ook die inhoud** van die Psalms. Dit gaan oor Hom. Hy is die inhoud, die agtergrond en die geheim van elke Psalm.
- Die woorde **vir die Kerk van alle eeue** het eweneens 'n besondere bedoeling. Al was ons nog nie daar toe die Psalms geskryf is nie, het die groot Skrywer van die Psalms nie alleen die Ou Testamentiese Kerk op die oog gehad toe hulle dit geskryf het nie, maar ook ons as Nuwe Testamentiese gelowiges. Dit is wat Petrus (1Pet 1:10-12) bedoel, wanneer hy skryf: Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlijkheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar **vir ons dié dinge bedien het** wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is.
Christus is dus in die Psalms die Voorsanger nie alleen van die Ou Testamentiese kerk nie, maar ook van sy volk van die Nuwe Verbond.

Hierdie formulering is 'n geloofsoortuiging, gegrond op Skrif en belydenis.

Opset en bedoeling van hierdie boek

Die boek begin nie met die verklaring van 'n paar Psalms nie, maar met 'n hele paar inleidende hoofstukke.

Die bedoeling van die boek is nie om slegs 'n kommentaar op 'n paar Psalms te wees nie. Dit wil die leser ook help om self die Psalms te verstaan en te kan verklaar.

Hoofstuk 1 laat aan die hand van Skrif en belydenis sien *dat ons slegs deur Christus en sy Gees die Psalms kan verstaan en verklaar.*

Hoofstuk 2 is 'n behandeling van *Efesiërs 5:15-21 en Kolossense 3:16-17*, twee baie besondere gedeeltes vir die verstaan van die Psalms.

Hoofstuk 3 gee die *indeling en die eenheid van die Ou Testament en plek van die Psalms binne die geheel van die Skrif, Ou en Nuwetestament*. Om die Psalms werklik goed te kan verstaan, moet ons dit sien binne die groot verband van die Ou Testament.

Hoofstuk 4 gaan in op *die onderlinge verband van die Psalms*. Die Psalms is nie 'n hoop sandkorrels wat los van mekaar staan nie, maar 'n liggaam, 'n heerlike bouwerk. Daar is 'n wonderlike orde, 'n lyn, 'n samehang, 'n eenheid. Ook Psalms onderling hang met mekaar saam.

Hoofstuk 5 handel oor *die weerklank van die Wet en die Profete in die Psalms*. Wie die Ou Testament ken, weet hoe die Psalms sing van wat ons in die res van die Ou Testament hoor: God se verlossingswerk, sy verbonde en beloftes, sy eise, sy offers en nog baie meer. Daarom kan ons die Psalms nie verstaan sonder die lig van die res van die Ou Testament. Dit gaan om Skrif-met-Skrif-vergelyking. Ons groot Profeet en Leraar lei ons deur sy Gees en Woord om sy Woord te verstaan en te verklaar. Die Skrif is die beste, die volmaakte Kommentaar op die Skrif.

Hoofstuk 6 laat sien dat die Nuwe Testament nie losstaan van die Oue nie, maar 'n hegte eenheid daarmee vorm. Die opskrif is *Wet-Profete-Geskrifte en Nuwe Testament*.

In **hoofstuk 7** word die *Wraakpsalms* behandel.

Hoofstuk 8 handel oor *die Naam HERE*.

In **hoofstuk 9** word *enkele Psalms in kort oordenkings* behandel

Hoofstuk 1

In die klaskamer van Christus en sy Gees

Die mens is van nature onbekwaam om die Psalms reg te verklaar

Op die drumpel van hierdie boek oor die Psalms moet een ding beklemtoon word: Skrifverklaring is nie mensewerk nie. Dit geld óók van die Skrifwoorde van hierdie Psalm.

In ons Kategismus (HK 3:8) bely ons immers: ons is só verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en dat ons tot alle kwaad geneig is. Hierdie waarheid van ons belydenis is eweneens van toepassing wanneer dit by Skrifverklaring - en dus ook Psalmuitleg – kom: van nature is die mens nie bekwaam tot die goeie van suiwer Skrifuitleg en getroue Psalmverklaring nie. Hierdie onvermoë hang ook saam met ons onwil en totale onvermoë om te luister na die verklaring wat die Woord self vir ons gee. Van nature wil ons ons nie buig onder die Skrifuitleg van ons hoogste Profeet en Leraar nie.

Die teoloog Hermann Friedrich Kohlbrugge se teologie kan so saamgevat word: **Die mens is 'n nul, Christus is alles**. Hierdie woorde druk die mens se totale onvermoë uit om homself te kan red. Nét Christus kan dit doen en Hy doen dit hééltemal.

Die mens 'n nul, Christus alles - dit moet ons eweneens toepas om die mens se totale en absolute onvermoë om die Psalms suiwer te kan verklaar. Net Een kan ons help: Christus. Daarom moet die hulpelose mens na Christus toe gaan.

Van nature onbekwaam tot Skrifuitleg – tensy ons wedergebore word

Die Bybel sal vir ons 'n geslote boek bly as dit van onself afhang. Dit is duidelik.

Wat is dan die oplossing? Hier wys die Heidelbergse Kategismus (HK 3:8) die Weg (doelbewus met 'n hoofletter): ons is onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad **tensy ons deur die Gees van God wedergebore (opnuutgebore) word**.

Ons moet hierdie wedergeboorte nie verkeerd verstaan nie. Dit is **nié** 'n wedergeboorte los van die Woord en los van Christus nie. Die Heilige Gees is die Gees van die Woord. Hy is die Gees van Christus, die Woord van God. In Johannes 14 vers 26 sê Jesus presies wat die Gees sal doen: ... **Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het**. En in Johannes 15:26 noem Jesus die Gees **die Gees van die waarheid wat van Hom sal getuig** en Christus is die waarheid (Joh.14:6).

Onder ander in die eerste brief van Petrus hoofstuk 1 leer die Skrif ons **hóé** ons wedergebore word: God die Vader skenk ons die wedergeboorte deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode (v 3). In vers 23 word die Woord die saad van die wedergeboorte genoem, want in die Woord kom die leweskeppende verlossing deur die opstanding van Jesus Christus tot ons.

In die Bybel word daar **twee belangrike benamings** vir die mens gebruik: **ou mens** en **nuwe mens**. Dit is besonder belangrik om te verstaan wat daarmee bedoel word:

1. Die **ou mens** is ons soos wat ons deur die sondeval geword het. Die ou mens is die rebel in ons, wat doof en blind geword het vir die Woord. Dit is die mens wat dood is in die misdade en die sonde.
2. Die **nuwe mens** is die mens in ons, wat deur die verlossingswerk van Christus, deur die krag van sy kruis en opstanding, die Woord verstaan en glo.

Wedergeboorte is die **afsterwe van die ou mens** en die **opstanding van die nuwe mens** en beide het met ons Here Jesus Christus en sy verlossing te make:

1. In Romeine 6:6 hoor ons in verband met ons **ou mens**: ons ou mens is saam met Christus **gekruisig** is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
2. Deur die opstanding van Christus is ons **nuwe mense**, want ons is saam met Hom opgewek en soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit (Kol 3:1). God die Vader skenk ons die wedergeboorte deur die **opstanding** van Jesus Christus uit die dode (1 Pt 1:3).

Dit is **hiërdie** waarheid en dit is **hiërdie** die lering van Christus, waaraan die Heilige Gees ons herinner.

Die Gees bring die Woord. Die Gees is die Gees **van die Woord**. Dit is Gees **én Woord**. Die Woord is die saad van die wedergeboorte (1 Pt 1:23).

God het nie alleen geskep deur die Woord, deur Christus nie, maar Hy herskep (verlos) ons ook **nét** deur die Woord.

Deur die Woord kry ons weer ore wat luister na die Woord en deur die verlossingswerk van Christus kry ons 'n hart wat buig onder die Woord van ons Heiland. Die opstanding van Christus maak ons nuwe mense – nuwe mense, wat weer na die Woord luister en dit kan verstaan. Deur die krag van die Woord word ons wat ons nie is nie: getroue Skrifverklaarders.

Dié Woord is die Woord van Ou én Nuwe Testament. Deur hierdie Woord leer en lei Christus ons deur sy Heilige Gees.

Na die Skrywer self en na sy Leerskool toe

Wie 'n boek wil verstaan, moet na die skrywer self toe gaan. Hy sal immers die heel beste weet wat hy self in sy geskrif bedoel het.

Dit geld ook van die Bybel. Wie die Psalms wil begryp in hulle betekenis, wie wil weet watter plek die Psalms inneem ook in die Kerk van die Nuwe Testament, moet na die Nuwe Testament toe gaan. Daar laat ons hoogste Profeet en Leraar self, Jesus Christus onse Here, Hy wat die Skrywer van die Psalmboek is, ons die Psalms sien in hulle diepste betekenis en waarde.

'n Mens moet in die skool van die beste Leermeester, Jesus Christus, en sy apostels les ontvang in Skrifuitleg, sê Kohlbrugge. Hulle het die sleutel tot die verstaan van die Ou Testament gegee. Met daardie sleutel kan ons die heilige deur tot die geheimenisse van die

Skrifte van die Ou Verbond open. In die klaskamer van die Nuwe Testament leer ons die Ou Testament ken as die gesagvolle Woord van God, wat Christus aan ons verkondig.

Lukas 24:25-27 en 44-47

Menslike onvermoë en onwil om die Skrif te verstaan en te glo - dit sien ons in die geskiedenis van ons Here Jesus se verskyning na sy opstanding aan die Emmausgangers en die dissipels. Ons sien egter ook Wie die Skrifte vir ons oopmaak, naamlik Christus.

In verse 25-27 sê Jesus vir die Emmausgangers: "o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." In vers 44-47 sê Jesus verder: "Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder."

Drie punte moet by hierdie verse aangestip word:

Eerstens is dit uit die geskiedenis van die Emmausgangers duidelik: **Hulle was blind vir iets in die Ou Testament**: In lyn met die Joodse opvatting van daardie tyd wou hulle niks weet van 'n lydende Messias nie. Hulle wou dit nie in die Skrifte (die Ou Testament) sien dat die Christus eers moes ly en daarna in sy heerlijkheid ingaan nie (Luk 24:26). Hulle het net oog gehad vir die een lyn in die Skrifte van die Ou Verbond: die lyn van verheerliking van die Christus. Hulle wou nie álles glo wat die profete geopenbaar het nie. By daardie álles is ook ingesluit die lyn van lyding. Dit is ook nie vreemd dat hulle dit nie wou glo nie: So 'n evangelie van 'n Christus wat moes ly vir ons sondes – dit is nie na die mens nie (Gal 1:11).

Tweedens dui Christus **die oorsaak van hulle blindheid** aan: hulle onverstandigheid (v 26), hulle verstand wat gesluit was vir die volle boodskap van die Skrifte (Luk 24:45). Hierdie onverstandigheid of dwaasheid het niks met gewone domheid te make nie, maar slaan in die Bybel altyd op 'n sondige weiering om in te sien en te glo wat so duidelik in die Skrifte staan. Ondanks die duidelikheid van die Ou Testament en die feit dat Jesus self hulle verskillende male daarop gewys het hoe die Ou Testament van Hom profeteer (sien o.a. Luk 22:37), het hulle nog nie geglo nie. Daarom beskryf Jesus hulle geestesgesteldheid as 'n traagheid van hart om te glo alles wat die profete gespreek het (Luk 24:25) – ongelooft.

Derdens sien ons **Wie die blindheid wegneem**: Christus doen dit. Hy neem hulle blindheid weg deur vir hulle uit te lê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het (Luk 24:27) en deur hulle verstand te open om die Skrifte te verstaan (Luk 24:45). Hy open die Skrifte en Hy open hulle verstand en dan verstaan hulle.

Hierdie dinge moet ons ook onthou as ons ons besig hou met die Bybel. Net biddend, met die hulp van ons hoogste Profet en Leraar, Jesus Christus, en sy Heilige Gees kan ons verstaan én glo wat daar geskrywe staan.

Handelinge 7

Ook die geskiedenis van Handelinge 7 laat ons sien dat ons sonder Christus en sy Gees niks glo en niks begryp van die evangelie nie.

Waarom het die Jode nie geglo dat Jesus die Messias van die Skrifte van die Ou Testament is nie? Stefanus lê sy vinger op die wond, wanneer hy in sy preek in Handelinge 7 vir die Jode sê: “Julle hardnekkiges, julle weerstaan altyd die Heilige Gees” (v 51). En dan gaan Lukas verder: Stefanus "het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En Stefanus het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan" (vv 55-56). Ons kan maar sê: Stefanus kyk in die hemel in en – hy sien die Ou Testamentiese Psalm 110. Met sy oë aanskou hy die vervulling van daardie Messiaanse Psalm: Jesus aan die regterhand van God. Hoé sien hy dit? Lukas onthul die geheim wanneer hy sê: Stefanus was vol van die Heilige Gees en het gesien.

Ons is onbekwaam tot enige goed – ook tot uitleg (sien) van die Ou Testament - tensy ons deur die Heilige Gees weergebore word (HK 3:8).

2 Petrus 1:20-21

In vers 20 getuig die apostel Petrus: Geen enkele profesie van die Skrif kan deur die menslike verstand uitgelê word nie. In vers 21 gee hy die rede: “Want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” Om dit so te sê: wat in gemeenskap met die Heilige Gees gespreek is, kan ook net in gemeenskap met dieselfde Heilige Gees opgelos en verstaan word.

Deur Christus en sy Gees alleen

Hierdie Skrifgedeeltes is genoeg om ons te laat sien hoe ons die Psalms moet benader: op ons knieë. Slegs wanneer die Heilige Gees ons vervul en lei met die Woord van Christus kom ons tot verstaan en glo van Skrifte.

Hoofstuk 2

Vervul met die Christus-woord van die Gees sing ons die Psalmwoorde van Christus en sy Gees

In hierdie hoofstuk gaan dit oor Efesiërs 5:15-21 en Kolossense 3:16-17.

Vervul met die Gees van Christus, vervul met die woord van Christus

In Efesiërs 5:18 skryf Paulus: Word met **die Gees** vervul.

Kolossense 3:16 sê dit 'n bietjie anders. In plaas van die bevel om met **die Gees** vervul te word, staan die opdrag: Laat **die woord van Christus** ryklik in julle woon.

Hierdie twee tekste is nie in stryd met mekaar nie. Die twee staan in verband met mekaar. Gees en woord, die Gees en Christus, hoort onlosmaaklik bymekaar. Ons kan die verband so verduidelik: As die woord ryklik in ons woon (Kol 3:16), is ons vervul met die Heilige Gees (Ef 5:18) en as ons vol is van die Heilige Gees, woon die woord van Christus oorvloedig in ons. Die Gees is die Gees van die woord en die woord is die woord van die Gees. Die Gees werk deur die woord en in die woord kom die Gees na ons toe. Wie Gees-vervuld is, is woord-vervuld en wie woord-vervuld is, is Gees-vervuld.

Om met die Gees **vervul** te word (Ef 5), beteken: om geheel en al in beslag geneem te word deur die Heilige Gees. Die woord **ryklik** (Kol 3) beteken dieselfde as vervul: in sy volheid, in volle maat, oorvloedig. Laat die woord van Christus oorvloedig, in volle maat, in julle woon.

Die woord van Christus

Ons moet die sinsdeel “die woord van Christus” op twee maniere verstaan.

Daarmee word eerstens bedoel: die woord wat **deur Christus gegee** is. Christus is die Skrywer van die woord.

Tweedens leer dit ons wat die inhoud van hierdie woord is: Dit is die woord wat **oor Christus handel**. Christus is immers die woord (Joh 1) en Hy sê self dat die Psalms van Hom spreek (Luk 20:42; Luk 24:44). Christus is nie net die vleesgeworde woord nie. Hy is ook die Skrifgeworde woord. In die woord kom die woord na ons toe.

Psalms, lofsange en geestelike liedere

Met “psalms en lofsange en geestelike liedere” word die Psalms bedoel.

Dat met al drie die uitdrukkings - psalms (Grieks: *psalmos*), lofsange (Grieks: *hymnos*) en geestelike liedere (Grieks: *oide*) - die Psalms bedoel word, is duidelik wanneer ons sien dat die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint) die Psalms soms *psalms* noem (vgl Ps 3:1; 5:1), soms *lofsange* (Ps 65:2; 40:4) en soms *liederere* (al die bedevaartsliedere, Ps 121-134). Soms word een Psalm selfs met al drie die woorde beskryf, byvoorbeeld Psalm 67:1

(Septuagint: onder die lofsange, 'n psalm, 'n lied) en Psalm 76:1 (Septuagint: onder die lofsange, 'n psalm van Asaf, 'n lied).

Paulus se lesers het die Septuagint geken. Dit was hulle Bybel. Hulle het presies geweet wat met psalms, lofsange en (geestelike) liedere bedoel word: die Psalms! Hulle het die taal van die Psalmboek (die opskrifte, ens., van die Psalms) in die “psalms, lofsange en liedere” gehoor.

Maar meer in Efesiërs 5 en Kolossense 3 dui daarop dat met hierdie drie uitdrukkings die Psalms bedoel word. Ook die woorde “sing” en “psalmsing” en die woorde “tot eer van die Here” is Psalmtaal, dit wil sê uitdrukkings wat aan die Psalms ontleen is. Die woorde “sing” en “psalmsing” en “tot eer van die Here” kom dikwels saam voor in die Psalms en dikwels twee van die drie (Ps 27:6; 68:33; 98:1; 104:33. Vgl verder Ps 9:12; 13:6; 30:5; 95:1; 96:1, 2; 98:5; 147:7; 149:1). Hierdie verse in Efesiërs 5 en Kolossense 3 is dus duidelik deurdrenk van Psalmterminologie en daarom is dit vanselfsprekend dat die drietal “psalms, lofsange, geestelike liedere” ook aan die Psalmboek ontleen is en daarheen verwys.

In Efesiërs en Kolossense het ons daarom nie te make met 'n bevel om nuwe liedere te maak nie. Intendeel, ons kry opdrag om te sing, om te spreek wat voorhande is: die Psalms.

Geestelike liedere

Die woorde “geestelike liedere” moet nie verstaan word in die algemene sin van godsdienstige liedere nie. Die woord “geestelik” dui hier op die herkoms van die liedere: dit is van die Heilige Gees afkomstig. Dit gaan dus in die Psalms oor liedere wat deur die Heilige Gees geïnspireerd is en nie maar bloot vrye liedere wat deur mense gedig is nie.

Die groot Calvin-kenner BB Warfield wys daarop dat die woord “geestelik” in 24 van die 25 gevalle waar dit gebruik word, afgelei is van Gees (*pneuma*) en beteken: (liedere) wat behoort aan, wat bepaal is deur die Heilige Gees. Die gepaste vertaling is daarom: liedere “wat deur die Gees gegee is”, “wat deur die Gees gelei is”, “wat deur die Gees bepaal is”.

Dit is voorts moontlik om die “geestelike” óók te laat slaan op psalms en lofsange en nie alleen op liedere nie. Dit is heeltemal in lyn met die Griekse taalreëls.

Die woord “ander” in die sinsdeel "ander geestelike liedere" in die 1983-vertaling staan nie in die grondteks nie.

Die vrug van die vervulling: Psalmgesang

Sowel Efesiërs as Kolossense laat ons sien wat die vrug daarvan is as ons met die Gees vervul is en as die woord van Christus ryklik in ons woon. Die resultaat is: die sing van psalms en lofsange en geestelike liedere.

Kort en kragtig saamgevat: Wanneer ons deur die Gees van Christus vervul word met die Woord van Christus, sing ons die Psalmwoorde van Christus. Dit is die lering van Efesiërs 5 en Kolossense 3.

Hoofstuk 3

Indeling en eenheid van die Ou Testament

Bedoeling van hierdie hoofstuk

In hierdie hoofstuk sal die hegte eenheid van die Ou Testament aangetoon word en hoe die Psalms deel is van daardie eenheid.

Wie hierdie eenheid sien, sal die Psalms des te beter begryp en verklaar.

Volgorde en indeling van die boeke van die Ou Testament

In ons Bybels is Genesis die eerste en Maleagi die laaste boek in die Ou Testament. In die Hebreeuse Bybel is dit egter nie so nie. Daarin is die laaste boek 2 Kronieke.

Ook die volgorde en in indeling van die boeke van die Ou Testament in die Hebreeuse Ou Testament is heeltemal anders as die in ons Bybel.

Ons verdeel die boeke van die Ou Testament soos volg:

- a) die vyf boeke van Moses (Genesis tot Deuteronomium);
- b) die historiese boeke (Josua tot Ester);
- c) die digterlike boeke (Job tot Hooglied – waarby die Psalms dus ingesluit is);
- d) die profete (Jesaja tot Maleagi).

Ons het ons indeling en volgorde gekry by die Griekse vertaling van die Ou Testament, die sogenaamde Septuagint.

Die Jode het die boeke van die Ou Testament egter in die volgende drie dele en volgens hierdie volgorde verdeel:

1. die *Wet* (die vyf boeke van Moses: Genesis tot Deuteronomium),
2. die *Profete* (Josua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja tot Maleagi) en
3. die *Geskifte* (Psalms, Spreuke, Job, Hooglied, Rut, Klaagliedere, Prediker, Ester, Daniël, Esra, Nehemia, Kronieke).

Jesus gebruik ook hierdie indeling in Lukas 24:44, waar Hy praat van die wet van Moses, die profete en die psalms. Met die psalms word die Geskifte bedoel en dit word die psalms genoem, omdat die Psalms in die bundel van die Geskifte voorop staan.

Ook uit Matteus 23:35 (vgl Lk 11:51) kan ons iets aflei oor die volgorde van die boeke van die Ou Testament en die omvang daarvan. Daar praat Jesus van die bloed van Abel (Gen 4:8) tot die bloed van Sagaria (2 Kron 24:20 ev) en dan bedoel Hy: van die begin van die Ou Testament (die eerste boek, naamlik Genesis – die bloed van Abel) tot die einde daarvan (die laaste boek, naamlik Kronieke – die bloed van Sagaria).

Die besondere plek van die Wet in hierdie indeling

As hierdie drie bundels, die *Wet*, die *Profete* en die *Geskifte*, nader bekyk word, is dit opmerklik watter plek die Wet in die indeling speel:

3. die *Weteindig* met die ernstige vermaning: Israel, hou julle aan die Wet (Deut 26:16 – 33:29);
4. die *Profetebegin* waar die *Wet* ophou naamlik met die dringende bevel: Handel nougeset volgens die Wet; dit mag nie uit jou mond wyk nie, maar oorpeins dit dag en nag (Jos 1:7-8);
5. die *Profeteëindig* met die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose (Mal 3:18) en die oproep: Dink aan die wet (Mal 4:4);
6. die *Geskiftebegin* waar die Profete geëindig het: met die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose (Ps 1) en dat die regverdige die wet van die HERE dag en nag oording (Ps 1:2).

Dit is voorts opvallend hoe gelykluidend Josua 1:7-8 (die **begin** van die *Profete*) en Psalm 1:2-3 (die **begin** van die *Geskifte*) is:

3. “Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar *bepeins* dit *dag en nag*, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou *weëvoorspoedig* wees” (Jos 1:8);
4. “Maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy *oordink* sy wet *dag en nag* ... en alles wat hy doen, voer hy *voorspoedig* uit” (Ps 1:2-3).

Die Messias, die dag van oordeel, die Profete en die Psalms

Nie alleen die Wet vorm ’n verbindende skakel tussen die verskillende groepe nie.

Dit is besonder opmerklik:

dat die *Profete* (Mal 3:1-3; 4:1-6) **eindig** met die profesie van die koms van die Messias en die groot dag van gerig en
 dat die *Geskifte* op dieselfde noot **begin**: met die profesie van die salwing van die Messias (Ps 2) en die waarskuwing van die komende dag van oordeel (Ps 1:5a; 2:8,9).

Moses (die Wet) en Elia (die Profete) en – die Psalms

Hoe *Wet*, *Profete* en *Geskifte* aan mekaar verbind word, kan ook hierin gesien word:

- Moses en Elia, die verteenwoordigers van die *Wet* en die *Profete*, daarmee **eindig** die *Profete* (Mal 4:4-6);
- Moses (Psalm 1, ’n Psalm oor die wet) en die Profete (Psalm 2, ’n profetiese Psalm) daarmee **begin** die *Geskifte*.

Josua en Rigters

Josua

Die boek **Josua begin met** die opdrag van die HERE:

“Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar *bepiens* dit *dag en nag*, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou *weëvoorspoedig* wees” (Jos 1:8);

Josua eindig met

Rigters

Grafiese voorstelling van die indeling en eenheid

WET		PROFETE		GESKRIFTE	
	Eindig met die ernstige vermaning: Israel, hou julle aan die WET (Deut 26:16 – 33:29)	Begin waar die <i>Wet</i> geëindig het het naamlik met die dringende bevel: Handel nougeset volgens die WET ; dit mag nie uit jou mond wyk nie, maar oorpeins dit dag en nag (Jos 1:7-8)	Eindig met die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose (Mal 3:18) en die oproep: Dink aan die WET (Mal 4:4)	Begin waar die <i>Profete</i> geëindig het: die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose (Ps1) en dat die regverdige die WET van die HERE dag en nag oording (Ps 1:2).	
		DIE <i>PROFETE</i> : DIESELFDE BEGIN AS DIE <i>GESKRIFTE</i> “Hierdie WETBOEK mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag , sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weëvoorspoedig wees” (Jos 1:8)		DIE <i>GESKRIFTE</i> : DIESELFDE BEGIN AS DIE <i>PROFETE</i> “Maar sy behae is in die WET van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag ... en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit” (Ps 1:2-3).	
		DIE MESSIAS, SY WET EN SY DAG – daarmee eindig die <i>Profete</i> Maleagi 3-4		DIE MESSIAS, SY WET EN SY DAG – daarmee begin die <i>Geskryfte</i> Psalm 2	
		MOSES (= WET) EN ELIA (= PROFETE) Moses en Elia, die verteenwoordigers van die <i>Wet</i> en die <i>Profete</i> , daarmee eindig die <i>Profete</i> (Mal 4:4-6)		MOSES (= WET) EN ELIA (= PROFETE) Moses (Psalm 1, ’n Psalm oor die wet) en Profete (Psalm2, ’n profetiese Psalm) daarmee begin die <i>Geskryfte</i>	

Hoofstuk 4

Die indeling en eenheid van die Psalms

Inleiding op die Psalmboek: Psalm 1 en 2

Omdat Psalm 1 en 2 geen opskrif het nie, word dit as inleiding op die Psalmboek in die geheel beskou.

Die meeste Skrifverklaarders sien in hierdie twee Psalms die inleiding op die Psalmboek.

Temas wat in Psalms aan die orde kom, kom deurlopend in die Psalms aan die orde:

Psalm 1

In Psalm 1 staan *die wet van die HERE* sentraal.

Ten opsigte van die wet hoor ons van twee paaie: regverdiges wat hulle verlustig in die wet en daarteenoor die pad van die goddeloses. Die uiteinde van hierdie twee paaie word ook geteken.

In die Psalms sal dit alles aan die orde kom.

Psalm 2

In Psalm 2 gaan dit oor *die HERE en sy Gesalfde*.

Ook hier speel *die wet* egter 'n groot rol: die nasies en volke wil juis die juk van die Messias, die wet, van hulle afwerp.

Ons hoor dus van die stryd teen die Messias van God. Daarvan sal ons meer hoor in die Psalms. Trouens, reeds Psalms 3 begin hierdie stryd, 'n Psalm wat Dawid gedig het toe hy moes vlug vir Absalom.

Verskillende ander temas, wat verder in die Psalms aan die orde kom, kom in Psalm 2 ter sprake, soos:

- die oordeelsdag van die Messias en
- die oproep om by die Messias te skuil.

Boek 1 tot 5

Die res van die boek van die Psalms (3-150) word meestal ingedeel in 5 boeke:

1. Boek 1: Psalm 3-41
2. Boek 2: Psalm 42-72
3. Boek 3: Psalm 73-89
4. Boek 4: Psalm 90-106
5. Boek 5: Psalm 107-150

Hierdie vyfdeling word daarop gegrond dat die eerste vier van die vyf boeke met 'n lofprysing én Amen eindig:

1. Boek 1: Psalm 41:13: “Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid! Amen, ja amen.”
2. Boek 2: Psalm 72:18-19: “Geloofd sy die HERE God, die God van Israel, wat alleen wonders doen! En geloofd sy vir ewig sy heerlike Naam! En laat die hele aarde met sy heerlijkheid vervul word! Amen, ja amen.
3. Boek 3: Psalm 89:52: “Geloofd sy die HERE vir ewig! Amen, ja amen.
4. Boek 4: Psalm 106:48: “Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot ewigheid! En laat die hele volk sê: Amen. Halleluja!
5. Boek 5: Hierdie Boek eindig ook wel met 'n lofprysing. Hierdie lofprysing bestaan egter nie net uit een of twee verse nie, maar uit 'n lofprysing van 5 Psalms (Ps 146-150).

Dit kan wees dat hierdie vyfdeling 'n sinspeling op die vyf boeke van die *Wet* is en dat dit ons iets wil leer oor die inhoud van die Psalms, naamlik dat die Psalms staan nie los staan van die vyf boeke van die *Wet* nie. Daarby kan nog gevoeg word dat die boek van die Psalms eindig met 'n lofprysing van vyf Psalms (146-150) – weer die vyf.

Dit is tog heel opmerklik dat Sagaria, die priester, sy lofsang in Lukas 1:68 met die lofprysing aan die einde van Psalm 41 begin: “Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het” Daarby staan dat hy vervul was met die Heilige Gees en geprofeteer het toe hy dié lofsang gesing het. Vervul met die Heilige Gees – hoe anders sou hy die profesie van die Psalms kon verstaan (2 Pet 1:20-22) - begryp Sagaria die Psalms in hulle diepste bedoeling: *die lof van God vir die verlossing wat Hy in Christus kom skenk het.*

Dit is voorts opvallend dat die Naam HERE (in die Hebreeus *Jahwe*) in al vyf die lofprysings voorkom. Dit gaan om die lof van die HERE, die God van die verbond.

Grafiese voorstelling van die indeling van die Psalmboek

Grafies kan alles wat gesê is soos volg voorgestel word::

Inleidin g	Boek 1	Boek 2	Boek 3	Boek 4	Boek 5
Psalm 1-2	Psalm 3-41	Psalm 42-72	Psalm 73-89	Psalm 90-106	Psalm 107-150
	LOFPRYSIN G EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 41:13	LOFPRYSIN G EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 72:18- 19	LOFPRYSIN G EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 89:52	LOFPRYSIN G EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 106:48	LOFPRYSING DIE EINDE (AMEN ONTBREEK): Psalm 146-150

Die eenheid van die boek van die Psalms

U moet tog nooit dink dat die boek van die Psalms 'n hoop los sandkorrels is, wat nie aanmekaar sit nie.

Inteendeel, die 150 Psalms vorm 'n hegte eenheid. Dit is nie 'n sandhoop nie, maar 'n liggaam, 'n wonderlike gebou.

Die inleiding wys op die eenheid van die Psalmboek

Dat die Psalmboek 'n eenheid is, is alreeds duidelik as 'n mens oog het vir Psalm 1 en 2 as inleiding op die Psalmboek en dat met hierdie twee Psalms deurlopende temas of boodskappe aangekondig word.

Die onderlinge samehang van verskillende Psalms bevestig die eenheid

'n Mens kom des te meer onder die indruk van die eenheid van die Psalmboek, as jy sien hoe die Psalms onderling saamhang en op mekaar volg.

Psalm 22 en 23 is 'n goeie voorbeeld:

Hier het ons twee Psalms wat langs mekaar geplaas is nie deur mense nie, maar deur die groot Bybelskrywer self: deur ons Goeie Herder, Jesus Christus, en sy Heilige Gees. Dit het die goeie Herder met 'n baie besondere bedoeling gedoen, want die twee Psalms staan nie maar net langs mekaar nie, maar dit hoort ook bymekaar. Dit is onlosmaaklik verbonde aan mekaar.

Ek wil die eenheid van hierdie twee Psalms so saamvat: Psalm 23 is die heerlike, troosryke vrug en gevolg van Psalm 22. Ja, deur Psalm 22 en danksy Psalm 22 staan die troos van Psalm 23 rotsvas.

As ons ons teksverse langs mekaar lê, lyk dit met die eerste oogopslag asof hierdie twee Psalms presies die teenoorgestelde sê. In Psalm 22:2 hoor ons Dawid roep: “My God, my God, waarom het U my verlaat ...?” Daarenteen hoor ons in Psalm 23:4: “...U is met my ...”

Dit lyk so teenstrydig, nie waar nie? As Nuwe Testamentiese gelowiges weet ons egter wat die oplossing is. Ons weet immers: hierdie woorde van Psalm 22 is die woorde van ons Here Jesus Christus aan die kruis. Onder die vreeslike las van die toorn van God het Hy dit uitgeroep: “My God, my God, waarom het U my verlaat ...?” Psalm 22 sing dus van Christus.

As ons dit weet, sien ons ook dadelik die geweldige eenheid van die twee Psalms raak en die besondere troos wat daar in hierdie eenheid lê, want in beide Psalms gaan die oor die goeie Herder: in Psalm 22 gaan dit oor die goeie Herder wat van God verlate is in sy sterwe. Daarop volg daarop Psalm 23 en in dié Psalm sien ons die vrug van sy Godverlatenheid: Nou het ons ‘n Herder, wat altyd by en met ons is.

In Psalm 22 roep Christus dit uit: Waarom ...? “My God, my God, waarom het U my verlaat ...?” Hierdie “waarom” beteken nie dat Jesus van die Godverlatenheid aan die kruis niks kon begryp nie. Eintlik is die woord “waarom” ook nie ‘n goeie vertaling nie. Die woord wat in die oorspronklike Hebreeus gebruik word, het eerder die betekenis “waartoe”. Waartoe het U my verlaat? Wat is die doel daarvan? En dan laat Christus Self die doel van dit alles sien in Psalm 23: Die goeie Herder was van God verlate, sodat elkeen wat in Hom glo nooit meer deur God verlaat sal word nie. Die goeie Herder was van God verlate, sodat ons die Herder van Psalm 23 altyd en dwarsdeur alles heen – ook in donker doodsvalleie – by en met ons mag hê.

[Die onderlinge samehang ook gesien in die vyf boeke van die Psalms](#)

Die feit dat die Psalms saamgebundel is in vyf boeke, wat al vyf eindig met lofprysing, bring die gedagte oor van eenheid.

Dit is ook opvallend hoe die vyf bundels by mekaar aansluit. Een baie opvallende voorbeeld is genoeg:

Bundel 4 eindig met die *gebed*: “Verlos ons, HERE onse God, en versamel ons uit die nasies, dat ons u heilige Naam kan loof en ons beroem in u lof!” (Ps 106:47)

Bundel 5 begin met ’n bevel tot lofprysing, omdat die *slotbede* van Bundel 4 (Ps 106:47) *verhoor* is: “Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid! Dit moet die verlostes van die HERE sê, wat Hy uit die nood verlos het en uit die lande versamel het, van die ooste en die weste, van die noorde en van die see af.” (Ps 107:1-3)

Hoofstuk 5

Die eggo van die *Wet* en die *Profete* in die Psalms

Die Psalms sing van die *Wet* en die *Profete*

Reeds as ons die verbindende skakels tussen die *Wet* en die *Profete* enersyds en die Psalms (*Geskryfte*) andersyds sien, besef ons dat die Psalms nie losstaan van die *Wet* en die *Profete* nie.

'n Mens kom nog dieper onder die indruk van die eenheid van die Bybelgedeeltes as jy oor het vir die eggo van Moses en die Profete in die Psalms:

- Die Psalms sing van die *Wet* en – dit is so belangrik om dit te sien - die Psalmiste het geleef uit die *Wet*. Hulle het die wet liefgehad en dit dag en nag oordink (Ps 1:2); die wet was hulle verlustiging (Ps 119:70).
- Die Psalms sing eweneens van die *Profete*: van die verbond met Dawid (Ps 89, 132, ens), van die tempel (Ps 84, ens) en nog baie meer.

Dit alles beteken dat ons die *Wet* en die *Profete* moet ken om die Psalms te verstaan.

Die eggo van die *Wet* in die Psalms

In die Psalms hoor ons die weerklank van die *Wet*, van die vyf boeke van Moses. Enkele voorbeelde uit die vyf boeke van die *Wet* sal u duidelik laat sien wat bedoel word.

Genesis

- Hoe het die Psalmiste nie gesing van God se **skeppingswerk** nie. Psalm 8:6-7 jubel vol verwondering oor die skepping van die mens: “U het hom ‘n weinig minder gemaak as ‘n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel.” Daarin beluister u die weerklank van Genesis 1:26-28.
- **God se verbond met Abraham, Isak en Jakob** was vir die Psalmdigters sangstof: “Hy dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte — die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, en sy eed aan Isak; wat Hy ook vir Jakob as insetting bekragtig het, vir Israel as ‘n ewige verbond, met die woorde: Ek sal aan jou die land Kanaän gee, julle aangewese erfdeel.” (Ps 105:8-11;; vgl Gen 15).

Eksodus

- Die **uittog** uit Egipte kom by herhaling ter sprake in die Psalms (vgl oa Ps 81, 105, 106).

Levitikus

- Die Psalms is vol van die **offers** van Levitikus. Na die troos wat daaruit voortvloei, het die Psalmdigters gegryp, daaiuit het hulle geleef, daarvan het hulle gesing (vgl Ps 32 en 51).

Numeri

- Ook die **woestyntog** kom in die Psalms aan die orde (vgl Ps 105:39-41) en hoe God sy beloftes aan Abraham, Isak en Jakob vervul het, toe Hy hulle in Kanaän gebring het (Ps 105:42 ev). Die HERE se verbondstrou - dit was vir hulle rede om die HERE te loof (Ps 105:1-2), iets om aan te dink en uit te leef (Ps 105:5-6).
- Hulle het gejubel oor **God se trou** (Ps 105), maar hulle het ook getreur oor **Israel se ontrou** (Ps 106).

Deuteronomium

- Lees maar Psalm 119, die Psalm oor die wet. Dit is vol van verwysings na Deuteronomium (vgl Deut 33:4 met Ps 119:111).

Die eggo van die *Profete* in die Psalms

In die Psalms hoor ons ook die weerklank van die *Profete*.

Daarby moet ons sê: Die *Profete* staan nie los van die *Wet* nie. Dit moet alreeds duidelik wees uit die vorige hoofstuk, waar ons gesien het hoe die *Profete* aansluit by en afsluit met die *Wet*.

Josua

- Josua laat sien hoe die HERE sy **beloftes van die *Wet* vervul** en aan Israel die beloofde land gee. Daarvan sing onder andere Psalm 44:1-3: “o God, met ons ore het ons dit gehoor, ons vaders het ons dit vertel: ‘n werk het U gedoen in hulle dae, in die dae van die voortyd. U self het met u hand nasies verdrywe, maar hulle geplant; U het volke kwaad aangedoen, hulle daarenteen laat uitspruit. Want hulle het die land nie deur hul swaard in besit geneem nie, en hul arm het hulle nie die oorwinning gegee nie, maar u regterhand en u arm en die lig van u aangesig, omdat U ‘n welbehag in hulle gehad het.”

2 Samuel

- 2 Samuel 7 verhaal van **die verbond van die HERE met Dawid** en sy belofte (v 16) aan hom: “En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.” Hierdie verbond met Dawid kom in verskillende Psalms ter sprake. Dink maar aan Psalm 89 en 132.
- Ook Psalm 2 en 110 sluit aan by die geskiedenis van 2 Samuel 7, maar juis hierdie Psalms laat ook in alle duidelikheid sien dat die profesie van 2 Samuel 7 na meer as net ‘n aardse koning verwys: dat **die groot Seun van Dawid ook Dawid se Here** is. Dit is reeds duidelik uit die profesie van Jesaja (9:6-7).
- Ook **die geskiedenis van die opstand van Absalom** vind weerklank in die Psalms. Reeds die derde Psalm het as opskrif: “‘n Psalm van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Absalom.” (v 1)

1 Konings

- 1 Konings 6 vertel die bou van **die tempel** van Salomo. Van hierdie tempel sing verskillende Psalms. Dink maar net aan Psalm 84: “Hoe lieflik is u woninge, o HERE van die leërskaar! My siel verlang, ja, smag na die voorhewer van die HERE.” (vv 1-2) In Psalm 127:1 vertel Salomo self aangaande die tempelbou: “As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou.”

2 Konings

- 2 Konings 25:9 verhaal **die verwoesting van die tempel**. Psalm 74 en 79 laat die verbystering en snikke hoor van die vromes, wat die verwoesting van die tempel meegemaak het: “Hulle het u heiligdom aan die brand gestee; tot die grond toe het hulle die woonplek van u Naam ontheilig” (74:7); “o God, heidene het gekom in u erfdeel, hulle het u heilige tempel verontreinig, Jerusalem tot puinhoop gemaak” (79:1)

Maleagi

- Maleagi 3:18 laat die groot onderskeid in Israel sien: tussen **die regverdige enersyds en die godelose andersyds**. Van hierdie twee weë hoor ons reeds in die heel eerste Psalm en dwarsdeur die boek van die Psalms heen hoor ons van die twee groepe en hoe die goddelose die regverdige verdruk.

Hoofstuk 6

Wet-Profete-Geskrifte en die Nuwe Testament

In hoofstuk 3 tot 5 kon ons met verwondering sien wat 'n eenheid die Ou Testament is en hoe die drie dele van die Ou Testament, die *Wet*, die *Profete* en die *Geskrifte* aaneen skakel.

Die besondere plek van die *Wet* en die komende Messias en sy dag is aangetoon.

In hierdie hoofstuk wil ek baie kortliks aantoon hoe die Nuwe Testament aansluit by die drietal *Wet-Profete-Geskrifte*. Ja, ons moet praat van die viertal *Wet-Profete-Geskrifte-Nuwe Testament*.

Die *Wet*, die *Profete* en Matteus

Die vyfdeling van Matteus en die vyf boeke van die *Wet*

Matteus het sy beskrywing van die Evangelie met groot sorg opgebou rondom 5 redevoerings:

1. die Bergrede (5:1-7:27);
2. die Redevoering by die uitstuur van die twaalf dissipels (10:5-42);
3. die Gelykenisredes oor die koninkryk van die hemele (13:1-52);
4. die redevoerings oor die orde wat die koninkryk van die hemele en die vergadering van die kerk voorskryf; (18:1-35)
5. die redevoerings oor die oordeel van die Seun van die mens (23:1-25:46)

Vanweë hierdie vyfdeling is daar 'n parallel getrek tussen Matteus en die *Wet* of vyf boeke van Moses.

Die boek van die *genesis* van Jesus Christus

Matteus begin sy evangelie met die woorde: “Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham.” (1:1) Letterlik staan daar: “Boek van die *genesis* van Jesus ...”

Met die woord “*genesis*” of geboorte word direk 'n verband gelê tussen die *Wet* (*Genesis*) en die Nuwe Testament, want in *Genesis* (in die Griekse vertaling daarvan) kom die woord *genesis* ook voor: “Dit is die boek van die *genesis* van die mens die dag toe God Adam geskape het”. (Gen 5:1)

Hierdie Jesus is die seun van Abraham – direk weer die verband met *Genesis*, die *Wet*.

Hierdie Jesus is die seun van Dawid – waarmee die verband gelê word met die *Profete*.

Hierdie Jesus is die vervulling van die *Wet* en die *Profete*.

Die geboorte-aankondiging en die Profete

Direk na die geslagsregister kry ons die geboorte-aankondiging en dan sê Matteus 1:22-23: "En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur *die profete* gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons."

Die Bergrede en die Wet en die Profete

Aan die begin van sy Bergrede (5:17) sê Jesus dit in alle duidelikheid: Hy het nie gekom om om *die wet* en *die profete* te ontbind nie, maar om dit te vervul.

Daarmee word weereens die verband tussen die *Wet* en die *Profete* enersyds en die Nuwe Testament en Jesus se werk andersyds gelê.

Die Geskrifte en Matteus

Die laaste boek van die Geskrifte en van die Hebreuse Ou Testament is Kronieke. Die Ou Testament eindig met die ondergang van die huis van Dawid in ballingskap. Kronieke is geskryf na die ballingskap toe daar geen koning meer was in Israel nie.

Het die Here sy beloftes aan die huis van Dawid dan vergeet?

Is dit dan nie wonderlik mooi dat die eerste boek van die Nuwe Testament Jesus begin waar die Ou Testament ophou nie: met die geboorte van die groot Seun van Dawid, Jesus Christus, nie/

Die Psalms en Matteus

Psalm 1

Die ooreenkoms tussen Psalm 1 en Jesus se Bergrede in Matteus 5 tot 7 het baie Skrifverklaarders al opgeval.

In Matteus 5:2-3 open Jesus sy mond en sê: "Salig ...". Ook in Psalm 1:1 open ons Heiland sy mond en leer: "Welgeluksalig ...". Immers, nie net in die Bergrede nie, maar ook in die Psalm is Jesus aan die woord met sy Woord en hoor ons ons hoogste Profeet en Leraar (Heidelbergse Kategismus 12:31), wat die verborge raadsplan en wil van God aangaande ons verlossing openbaar.

Psalm 1 én Jesus se Bergrede begin met die woord welgeluksalig of salig: "welgeluksalig is die man" (Ps.1:1), "salig is die wat arm van gees is, ens...." (Matt 5:3-11).

In beide die Psalm en die Bergrede gaan dit om 'n luister na én 'n doen van die Woord. Van die regverdige in Psalm 1 word geskryf dat hy die wet van die HERE dag en nag oordink (Ps 1:2). In die Bergrede hoor ons enersyds van mense wat na hierdie Bergredewoorde van Jesus luister én dit doen. Andersyds word vertel van hulle wat hoor, maar nie doen nie. Die wat luister en doen, word vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. Die wat luister en nie doen nie daarenteen word vergelyk met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het (Matt 7:24, 26).

In Psalm 1 sowel as in die Bergrede volg na die "salig"n belofte, wat ingelui word deur want: "want die HERE ken die weg van die regverdiges" (Ps 1:6), "want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele" (Matt 5:3).

In beide die Psalm en die Bergrede hoor ons van die twee paaie: die weg van die regverdige en die weg van die goddelose (Ps 1:1,6; Matt 7:13-14).

In Psalm 1:6 staan dat die HERE die weg van die regverdige ken. Daarteenoor sê Jesus in Matteus 7:23 van die wat nie die wil van sy hemelse Vader gedoen het nie: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"

In Psalm 1 sowel as in die Bergrede hoor ons van die uiteinde van die twee paaie: die een pad is die pad van die lewe (Ps 1:6, Matt 7:14, 26-27) en die ander is die pad van die verderf (Ps 1:6, Mt.7:13, 24-25).

As ons hierdie ooreenkoms tussen Psalm 1 en die Bergrede raaksien, begryp ons hoe belangrik onder andere die Bergrede – en die hele Ou en Nuwe Testament – is vir ons verstaan van Psalm 1.

Om 'n boek te verstaan, is dit van die uiterste belang dat ons die skrywer self sal gaan vra wat hy bedoel. Die skrywer self sal die heel beste weet wat Hy bedoel op 'n bepaalde plek. Dit geld nog meer van die Bybel: Die Skrywer moet ons sê wat Hy bedoel. Wie Skrif met Skrif vergelyk, word deur die Skrywer self, deur Christus en sy Gees, onderrig.

Psalm 2

In Psalm 2:7 sê die Vader aangaande sy Gesalfde (sy Christus): "U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer." Luister nou hoe kom hierdie woorde terug in Matteus:

- By die doop van Jesus kom die stem van die Vader uit die hemel, wat verklaar: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het." (Matt 3:17)
- In Matteus 8:29 roep twee duiwelbesetenes: "Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God?"
- Petrus bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." (Matt 16:16). Dit kom uit Psalm 2 – Christus (Gesalfde – Ps 2:2), Seun van God (U is my Seun – Ps 2:7), die lewende God (HERE – Ps 2:7).
- By die verheerliking op die berg sê 'n stem, die stem van die Vader, uit die wolk: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. Luister na Hom!" (Matt 17:5).

Psalm 110

Ook Psalm 110 neem 'n heel besondere plek in in Matteus, want in hoofstuk 22:42-44 sê Jesus dat die Heilige Gees in daardie Psalm van Hom en nie Dawid spreek nie.

Johannes – die Psalm 2-evangelie!

Ons kan die Johannes-evangelie met goeie reg die Psalm 2-evangelie noem.

In Psalm 2:7 sê die HERE aangaande sy Gesalfde (sy Christus): "U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer." Luister nou hoe kom hierdie woorde terug in Johannes:

- In Johannes 1:32-33 getuig Johannes die Doper van Jesus se doop (salwing) met die Heilige Gees en dan sê hy: "En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is" (v.34).
- Net na Jesus se doop sê Natanael vir Jesus: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" (Joh.1:50). Weer val twee titels uit Psalm 2: Seun van God en Koning.
- In Johannes 5:15 word vertel dat die Jode "toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het". In Johannes 10:36 sê Jesus vir die Jode: "Sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik—omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?"
- In die woorde van Johannes 20:30-31 word die doel van die ganse Johannes-evangelie saamgevat, ingelui deur die woord sodat: Hierdie tekens is beskrywe "sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam". Opvallend is dat ons in Johannes 20:30-31 dan te make het met twee titels uit Psalm 2, naamlik Christus en Seun van God. Ons kan dus sê: Johannes wil sy lesers oortuig dat Jesus die Christus en Seun van God van Psalm 2 is.

Hoofstuk 7

Die Wraakpsalms

In die Psalms kry ons ook Psalms waarin geroep en gebed word om die HERE se straf oor sy en sy kerk se vyande.

Baie mense voel dat hierdie Psalms Ou Testamenties is en in stryd met die liefdesgebod. Daarom is dit nodig om hier 'n paar opmerkings oor die sogenaamde Wraak- of Vloekpsalms te maak.

- **Die Wraakpsalms leer ons *wië* ons moet haat: God se vyande**

Dit gaan in die Wraakpsalms *nie* om haat teen ons *persoonlike vyande* nie. Dit gaan om "u teëstanders", die "wat vir U haat" en "die wat teen U opstaan" (Ps 139:21).

- **Wraakpsalms uit liefde vir die HERE**

Die Wraakpsalms leer ons *hoëkom* ons God se vyande moet haat: Dit is omdat hulle God, wat ons so oneindig lief het, haat en teen Hom in opstand kom (Ps 139:21), omdat hulle sy eer te na kom.

Die anti-Wraakpsalm-teologie is humanisties. Dit gaan net om liefde vir die mens, maar waar bly die liefde vir God en die liefde vir die eer van sy Naam?

Iemand skryf in die verband: Dit is 'n vraag of die mense-van-die-liefde God nog werklik lief het. Wie waaragtig die HERE lief het, sal ten slotte alles haat, wat die God haat.

- **Wraakpsalms uit liefde vir die kerk**

Wanneer Psalm 137 bid om die HERE se wraak teen Edom en Babel, word die digter daartoe geïnspireer deur dit wat dié volke Jerusalem, die volk van God, aangedoen het. Die woorde van verse 7 tot 9 kan doodeenvoudig nie losgemaak word van vers 5 nie: "As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet". Dit is 'n wraakgebed uit liefde vir Sion en gedra deur dit wat die vyand God se duurgekoopte eiendom, sy oogappel, aangedoen het. Wie hom aan God se volk vergryp, vergryp hom aan God self. Wie sy kerk aanraak, raak sy oogappel aan (Sag 2:8).

- **Die digters van die Wraakpsalms het hulle *slegslaat lei deur die Woord***

Wanneer die digter van Psalm 137 die HERE se straf oor Edom afbid (v 7), laat hy hom daarin lei deur die Woord van God, want die HERE het immers al deur Jesaja oor Edom 'n "'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsak van Sion" aangekondig (Jes 34. Vgl ook Jer 49:7-22; Eseg 25:12-14; Amos 1:11; Obadja). Dieselfde geld van daardie vreeslike woorde teen Babel: "Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!" Hierdie is woorde uit Jesaja 13, waar die HERE sy oordeel oor die wrede Babel aankondig en sê: "En hulle kinders word voor hul oë verpletter" (v 16).

Kritiek op die Wraakpsalms lei daarom tot kritiek op die God van die Heilige Skrif, wat 'n regsak met sy vyande het en in die regsaking sy reg sal seek.

Soos in so baie Psalms hoor ons ook in die Wraakpsalms die weerklank van die profete.

- **Ook die gelowiges van die NT moet hulle laat lei deur die Woord alleen**

Dit spreek vanself dat die Heilige Gees gelowiges in die Nuwe Testamentiese bedeling in die Wraakpsalms leer hoé hulle moet bid om God se verbondsstraf: gelei deur die Woord alleen en nie deur persoonlike gevoelens nie.

In hierdie verband moet onder ander verwys word na die boek Openbaring, 'n boek vol van God se verbondsstraf.

Daar is absoluut niks mee verkeerd as gelowiges bid om die vervulling van dit wat in Openbaring verkondig word nie. Trouens, 'n gelowige moet verlang na die vervulling van God se Woord. Ons moet daarvoor bid, want dit gaan om die eer van ons Koning. Die gebed van die bruid om die koms van Christus (22:17) is tog 'n gebed wat die hele kerk vandag moet bid en dit is sekerlik nie alleen 'n gebed om hulle verlossing nie, maar eweneens 'n gebed om die vervulling van die verbondswraak van Openbaring. Immers, Christus se koms is 'n koms tot verlossing, maar ook tot oordeel.

Wanneer ons bid om die vervulling van God se Woord in Openbaring, bid ons in die gees van Psalm 137. Ja, dan is dit ook 'n wraakgebed en heeltemal in die Gees (met 'n hoofletter) van en gelei deur die Gees van die Wraakpsalms.

Wie Psalm 137 en Jesaja 13 wil bekritiseer en wil bevraagteken, moet ook die hele Openbaring skrap.

- **Wraakpsalms en om die wraak aan die HERE oor te laat**

'n Mens hoor soms van die anti-Wraakpsalmteoloë dat ons as Nuwe Testamentiese gelowiges meer as die gelowiges van die Ou Testament en die skrywers van die Wraakpsalms besef dat die wraak ons nie toekom nie. Die ironie van die saak is egter dat Paulus, wanneer hy in Romeine 12:9 sê dat ons ons nie moet wreek nie, maar dat die wraak aan God toekom, hom vir hierdie uitspraak juis beroep op en aanhaal uit die Ou Testament, want hy sê: "**Want daar is geskrywe**: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here" – 'n aanhaling uit Deut.32:35.

Hier kan nog ander voorbeelde uit die Ou Testament genoem word: Dawid wat hom nie op Saul gewreek het nie, die digter van Ps.137 wat vra dat die HERE die onreg van Edom en Babel sal wreek, soos Hy self beloof het, ens.

Dit is dus nie net Nuwe Testamenties nie, maar ook deur en deur Ou Testamenties om die wraak aan God oor te laat.

- **Die Nuwe Testament deurstreep nie die Wraakpsalms nie, maar onderstreep dit**

Christus self sinspeel op Psalm 137 in sy woorde aan die huilende vroue van Jerusalem: (Lk 23:28-29) en in Openbaring 18:6 roep 'n stem om God se oordeel oor Babel in die styl van Psalm 137.

Psalm 69:24 – 'n Wraakpsalm - word in Romeine 11:9-11 toegepas op die Israeliete wat Christus verwerp. En dan gaan dit werklik nie oor God se oordeel oor hulle *leer of dade* nie, maar oor God se gerig oor hierdie *mense*.

In Handeling 1:20 word aangehaal uit Psalm 109, nog 'n Wraakpsalm, en vers 8 word toegepas op Judas Iskariot.

Christus en die skrywers van die NT het geleef uit en aangehaal uit die Wraakpsalms. Hulle het gesien hoe die Wraakpsalms ook in die tyd van die NT van toepassing is en in die tyd van die NT in vervulling gaan.

As teoloë 'n probleem met die Wraakpsalms het, wat sê hulle dan van Gal.1: 8-9? Want vervloek beteken: oorgegee word aan die oordeel of verbondswraak van God. Hier is geen sprake daarvan dat net hulle leer of bese dade aan die oordeel van God oorgegee word nie. Die valse leraars self word oorgegee. Ons moet boonop weet wat Paulus se dryfveer is, wanneer hy sê: Laat hulle 'n vervloeking wees. **Liefde** is sy dryfveer – liefde vir die eer van God en liefde vir sy gemeente. Want hierdie dwaalleraars het met hulle werketeologie die eer van God te na gekom en die gemeente in ernstige gevaar gebring. Ons moet daarom oppas vir 'n misplaasde liefde, 'n liefde ten koste van God en ten koste van sy duur gekoopte gemeente. Vyandsliefde het niks te make met verloëning van God en 'n groter lojaliteit vir ons vyand as vir Hom en sy volk nie.

- **Ook die Nuwe Testament verkondig God se verbondswraak**

Daar is geen spanning tussen die Ou en die Nuwe Testament nie. Dit is nie so dat die Ou Testament 'n God van wraak en die Nuwe Testament 'n God van liefde verkondig nie.

Inteendeel, Floor (1979) het 'n hele boek oor die gerig van God volgens die Nuwe Testament geskryf. Daarin toon hy aan dat die gerig van God 'n deurlopende lyn in die Nuwe Testament is. Oor die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament, die gerig van God in die Ou Testament en die oordeel van God in die Nuwe, skryf hy (Floor, 1979, p.33): Die prediking van Jesus oor die oordeel sluit nou aan by die van die profete uit die Ou Testament. In die verkondiging van Jesus oor die komende gerig ontdek ons "die geur van die Ou Testament". (C. van der Waal)

Reeds heel aan die begin van die Nuwe Testament laat Johannes die Doper ons Jesus sien as Gerigsvoltrekker: "Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand" (Mt.3:12).

- **Die Nuwe Testament leer ons dat die Wraakpsalms *nuttig* is**

2 Timoteus 3:16-17 is ook van toepassing op die Wraakpsalms. Kragtens hierdie teks is die Wraakpsalms nuttig.

- **Die Wraakpsalms en ons *belydenisskrifte***

Ons *belydenisskrifte* is vol van die oordeel van God en die geweldige erns daarvan.

In die Heidelbergse Kategismus (HK 4:10) bely ons dat God die sonde nie ongestraf wil laat nie. Inteendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdigde oordeel straf. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

Elke Sondag bely ons saam met die Apostoliese Geloofsbelydenis: "Waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel". Daarby gee ons Kategismus (HK 19:52) hierdie verklaring: dat Christus "al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp". Dit is niks minder as voltrekking van die wraak van die Wraakpsalms nie. In die Wraakpsalms gaan dit om die oordeel van Christus oor sy en sy volk se vyande.

Die Kategismus (HK 19:52) praat van "sy en my vyande". Daarin hoor ons hoe Skriftuurlik die belydenis is: Dit gaan nie oor persoonlike vyande nie, maar oor vyande van my wat ook vyande van my Koning is – presies wat die Wraakpsalms (vgl Ps 139:21-22) leer.

Die tweede bede van die Onse Vader - "Laat u koninkryk kom" - is ten diepste ook 'n wraakgebed, want daarmee bid ons onder andere: Vernietig elke mag wat teen U opstaan (HK 48:123). Weereens word die mag ook nader gekwalifiseer as daardie mag "wat teen U opstaan". Dit gaan nie om enige vyandige mag nie.

Volgens die Kategismus (19:52) *verwag* ons Christus *met gespanne verwagting* as *Regter* uit die hemel. Dit is dus nie alleen die siele onder die altaar (Openbaring 6:10) wat daarna verlang nie. Die koms van Christus om te oordeel, is ook deel van die *troos* waarvan die Kategismus (19:52).

Ons Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 37) eindig op dieselfde noot: Die gedagte aan hierdie oordeel is "vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes *begeerlik* en *troosryk*. Want dat sal hulle volle verlossing voltooi word en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolgt, verdruk en gekwel het". En ook die NGB laat hoor, net soos die HK, dat ons hierdie groot dag *met sterk verlange verwag* om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.

- **Die Skrywer van die Wraakpsalms volgens Skrif en belydenis**

Wé is die Skrywer van die Wraakpsalms? Hier het ons seker een van die belangrikste vrae in die hele dispuut rondom die Wraakpsalms. Hier skei die wêre, want 'n mens kry die indruk dat die anti-Wraakpsalmteoloë meen dat in die Wraakpsalms mense (die gelowiges van die OT wat nog nie so baie van God se genade en oordeel soos ons geweet het nie) - en nie God nie – aan die woord is.

Die Heilige Skrif (oa 2 Tim 3:16; 2 Pt 1:12) leer ons egter: Die Skrywer is God self deur sy Heilige Gees. Hierdie Skrifwoorde spreek ons na in *ons belydenis* (NGB Art.3). In ons Heidelbergse (HK 12:31) bely ons dat ons Here Jesus Christus gesalf is tot ons hoogste

Profeet en Leraar. Dit was Hy reeds onder die Ou Verbond. Daarom moet ons weet dat dit Hy, die Woord van God (Joh 1), is wat in die Woord van die Psalms aan die woord is.

Wie daarom probleme het met die Wraakpsalms, moet hom verantwoord teenoor die Skrywer. Wie probleme met die Wraakpsalms het en beweer dat die Wraakpsalms in stryd is met die liefdesgebod van die Nuwe Testament, moet reguit en eerlik sê: Christus weerspreek Homself en Hy sê teenstrydige dinge. Óf mense wat beweer dat die Ou en Nuwe Testament in teenspraak met mekaar is, moet reguit sê: In die Ou Testament is Christus nie aan die woord nie, die Ou Testament is maar net 'n mensewoord.

Hoofstuk 8

Die Naam HERE in die Psalms

Die groot belangrikheid van die Naam HERE

Uit verskillende Skrifgedeeltes kan gesien word hoe belangrik die Naam HERE vir die Heilige Gees Self is.

Toe Moses kleinvee opgepas het vir sy skoonvader, Jetro, het die *Engel van die HERE* in 'n brandende doringbos aan hom verskyn en aan hom die opdrag gegee: Gaan na die Israeliete in Egipte en lei hulle uit die slawehuis uit (Eks 3:1-10).

In antwoord op God (die Engel van die HERE) se opdrag het Moses (Eks 3:13) aan Hom gevra: "Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam?—wat moet ek hulle antwoord?" Daarop het God Moses geantwoord: "**EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die Here, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Eks 3:13-15).

Dit is dus die betekenis van die Naam HERE: EK IS. Om hierdie woorde goed te verklaar, moet ons dit lees binne die verband waarin dit staan. Aan die einde van Eksodus 2 (vv 23-24) lees ons: "En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, **en God het gedink aan sy verbond** met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken". Die Naam EK IS beteken: EK IS aktief by my volk teenwoordig om hulle te verlos en my eeue oue belofte aan Abraham (Gen 15:13-14: "Weet vir seker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in die land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uitrek met baie goed") dat Ek hulle in die beloofde land Kanaän sal bring, gestand te doen. Die Naam HERE sê dus wie en wat die HERE vir sy volk is. Dit spreek van sy verbondstrou. Die Naam verkondig dat God 'n waarmaker is van sy verbondsbeloftes aan sy verbondsvolk.

Daarby het die HERE ook gesê: "Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Eks 3:15). "Gedenknaam" (memorial, herinnering) leer ons iets oor die Naam. God gee sy HERE-Naam as 'n herinnering aan ('n gedenking van, 'n gedagtenis aan) sy verbondstrou.

Eksodus 3:15 en die uitdrukking *gedenknaam* weerklink telkens *in die Psalms*: Psalm 30:5 ("Psalmsing tot eer van die HERE, o sy gunsgenote, en loof sy heilige gedenknaam"); Psalm

97:12 ("o Regverdiges, wees bly in die HERE, en loof sy heilige gedenknaam!"); Psalm 102:13 ("Maar U, o HERE, U bly tot in ewigheid, en u gedenknaam van geslag tot geslag"); Psalm 135:13 ("o HERE, u Naam is tot in ewigheid, u gedenknaam, HERE, van geslag tot geslag!"). **Ook die profete** praat van die gedenknaam. Jesaja 26:8 lui: "Ook in die weg van u oordele het ons U verwag, o HERE! Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit".

Eksodus 3 vers 13 tot 15 leer ons hoe belangrik die Naam HERE is. **So belangrik is hierdie Naam vir die HERE en so belangrik is dit vir Hom dat ons sal weet wat dit beteken, dat Hy self dit uitspel en verklaar:** EK IS.

So belangrik is hierdie Naam nie net vir die Ou Testamentiese kerk nie, maar vir die kerk van alle eeue, dat die Heilige Gees dit ook vir ons vandag in Eksodus 3 laat opteken het. Watter reg het ons dan om die heerlike, betekenisvolle Naam weg te laat?

So ontsaglik belangrik en so veelseggend is die Naam HERE dat God self sy Kind, wanneer Hy na die aarde toe kom, nie sommer enige Naam gee nie, maar uitdruklik sê dat Hy Jesus - die HERE, Jahwe verlos - genoem moet word (Matt 1). Die Heilige Gees wil hê dat ons die verband, die openbaringshistoriese band tussen die Naam HERE en die Naam Jesus, moet sien. Telkens wanneer ons as Nuwe Testamentiese gelowiges hierdie Naam Jesus lees, hoor ons daarin die Naam HERE en word ons in die Naam Jesus herinner aan die Naam HERE en aan dit waarvan die Naam HERE praat, naamlik van sy verbond en sy verbondstrou. In Jesus (die HERE verlos) ontmoet ek daarom op elke bladsy van die NT die Naam HERE en in die geboorte, lewe, lyding en sterwe van Jesus sien ek die Naam HERE uitgespel: Die HERE is inderdaad EK IS, EK IS getrou, want Hy maak in die NT, in Jesus (die –HERE-verlos) al sy beloftes waar. As ek die hele Bybel in een Naam moet saamvat en opsom, dan doen ek dit in hierdie een Naam: HERE. Wie sal dan durf sê dat die Naam HERE onbelangrik is?

Hier moet ek wys op 'n besondere en veelseggende ooreenkoms tussen Eksodus 3 en Matteus 1. In **Eksodus 3**, op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van Egipte, verklaar die Engel van die HERE sy Naam: HERE, dit is EK IS. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: HERE, EK IS WAT EK IS. In **Matteus 1**, op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van die sonde, verklaar die Here by monde van sy hemelse gesant die Naam Jesus: Hy is dit wat sy volk van hulle sondes sal verlos. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: Jesus - die HERE, Jahwe, EK IS, verlos. Verder moet u raaksien: In sowel Eksodus 3 as in Matteus 1 is dit die HERE self wat die Naam gee en verklaar. Dit sê iets oor die groot gewig van God se Naam.

Ten slotte moet nog op die woorde "**Hom wat is en wat was en wat kom**" in Openbaring (1:4, 1:8; 4:8; 11:17. Vgl ook 16:5) gewys word. Dit is duidelik dat daarmee **op die EK IS WAT EK IS (Eks 3:14) gesinspeel** word. Die Griekse woorde "wat is" hier in Openbaring is presies dieselfde as wat die *Septuagint* (die Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik om die WAT EK IS van Eksodus 3:14 mee te vertaal. 'n Joodse geskrif (die *Targum Jonathan*) se parafrasering van Eksodus 3:14 laat eweneens sien dat Openbaring 1:4 (ea plekke) teruggryp op Eksodus 3:14, want die Joodse geskrif parafraseer die EK IS WAT EK IS met die volgende

sin: "Ek is wat ek was en sal wees". Hierdie frase in Openbaring, "Hom wat is en wat was en wat kom", leer sonder enige twyfel dat die Naam HERE in die Ou Testament nie 'n vergete Naam in die Nuwe Testament is nie. Ook in Openbaring gaan die Here wys dat Hy die HERE is, EK IS WAT EK IS. Openbaring spel die Jahwe-Naam nog verder uit.

Hoofstuk 9

Oordenkings van die Psalms van Christus

1. Die Liedboek oor Christus en geskryf deur Christus

Die titel *Die Psalms van Christus* is doelbewus so geformuleer.

Daarmee wil ek sê: Die Psalms is die *Liedboek wat geskryf is deur Christus en dit handel oor Christus*.

- Christus is die **Skrywer** van die Psalms. Die Psalms is van Hom afkomstig. In die boek van die Psalms het ons die volmaakte Liedboek, die Liedboek *deur* Christus self geskryf. Dit is immers wat ons bely: Hy is ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (HK 12:31). Daarom sê die groot kerkvader Augustinus: Jesus self is die Sanger in die Psalms. In die boek van die Psalms het ons die volmaakte, deur Christus self gegewe Liedboek.
- Christus is ook die **inhoud** en die agtergrond en die geheim van elke Psalm. Die Psalms gaan *oor* Hom.

Reeds in die Ou Testament is die Woord, Christus, aan die Woord in en deur die Woord.

Ook van die mense van die Ou Verbond het die Woord gegeld: “Ek (Christus) is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.” Hy is die weg van Psalm 1:6 en Hy is die Wet of Woord van Psalm , waarin die regverdige sy vreugde gevind het (Psalm 1:2). Nooit sou die boom van Psalm 1 ooit vrugte kon dra as dit nie deur die Woord in die Woord ingeplant was nie.

Hierdie oordenkings, *Die Psalms van Christus*, wil meer wees as maar net 'n paar “boodskappe” vir elke dag. My bedoeling is om u te help in die verstaan en uitlê van die Psalms. Ek wil u laat sien hoe ryk en hoe mooi die Psalms is en hoe indrukwekkend die digkuns en die eenheid van die Boek van die Psalms is.

Dit gaan oor 'n geloofsoortuiging, wat gegrond is op Skrif en Belydenis, wanneer ek sê: Die Psalms is die *Liedboek wat geskryf is deur Christus en dit handel oor Christus*.

2. Ons hoor Christus in ál die Psalms

Ons hoef nie ver te soek na Christus in die Psalms nie.

1. Ons hoor ons *sy stem*, die stem van die goeie Herder, in *elke* Psalm.

Dit is heerlik vir die skape, ook die skape van die Nuwe Verbond, om na die stem van die Herder in die Psalms te luister. Die skape ken sy stem en erken sy stem in die spreke van die Psalms tot hulle en hulle volg sy stem in die Woord (Joh.10).

In die Psalms hoor ons die stem van die Herder van Psalm 23. In die Psalms hoor ons hoe Hy ons lei na groen weivelde en hoe Hy ons beskerm in donker doodsvalleie. In die Psalms word die herderlike woorde – stem – van Psalm 23 gehoor.

2. Christus openbaar Hom in *ál* die Psalms. Hy is inhoud en die agtergrond en die geheim van *elke* Psalm – *ál 150 daarvan*.

In die Psalms is daar sogenaamde Messiaanse Psalms. Messiaanse Psalms is Psalms wat so duidelik profeteer van verskillende aspekte in die lewe en werk van Christus. Dink maar net aan Psalm 110, wat verkondig dat Hy gaan sit het aan die regterhand van God.

Tog moet ons nie die fout maak nie: Dit is nie net sekere Psalms, wat van Christus spreek nie. Hy is die hart van elke Psalm. Geen Psalm kan sonder Hom verstaan word nie. Ek noem net enkele voorbeelde:

1. As Dawid in Psalm 32:1 jubel: Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is, dan juig hy oor die offer van Golgota;
2. Die roep om genade in Psalm 4:1 is 'n roep om God se genade in Christus en 'n smeking om genadige gebedsverhoring om Christus wil;
3. As Psalm 98:3 praat van die goedertierenheid (= genade, genadige liefde) en waarheid van die HERE, dan is dit die genade en waarheid van Christus in Johannes 1:14.
4. En so kan 'n mens aangaan.

Elke Psalm is Immanuel – die Seun van God met ons met al sy verlossing en al sy liefde en al sy heerlikheid.

Christus kom in die gewaad, in die kleed van die Woord na ons toe – ook *die kleed van die Woord van die Psalms*. Hy is die Woord, sê Johannes 1. Hy is nie net die vleesgeworde Woord nie, maar ook die Skrifgeworde Woord. Ons mag maar gerus sê: Hy is ook die Woord van die Psalms. Gekleed in die hoëpriesterlik-koninklike kleed van die Psalms kom Hy na ons toe.

Daarom is die Psalms so gelief vir elke gelowige. Dit is immers die Woord, Christus, wat daarin na my toe kom. Die Psalms is pure Evangelie, 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo (Romeine 1:16-17).

3. Die Psalms van Christus bedoel óók vir die kerk van die Nuwe Testament (1)

Daar is diegene wat dink: Die Psalms – soos trouens die hele Ou Testament – is 'n Joodse boek. Dit is **Joodse liedere** bedoel vir die mense van die Ou Testament. Ons egter as gelowiges van die Nuwe Verbond moet Nuwe Testamentiese liedere maak en sing – so meen hierdie mense. Die Psalms word steeds ongewilder en onbekender.

Die feit van die saak is egter dat die Nuwe Testamentiese Kerk **bevel** ontvang om die Psalms te sing.

Ek beperk my tot twee teksgedeeltes:

1. Efesiërs 5:18:-20: **...word met die Gees vervul. Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here, terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus.**
2. Kolossense 3:16: **Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.**

In Efesiërs 5 sowel as in Kolossense 3 kom dit as **bevel** tot die gelowiges van die Nuwe Verbond om die Psalms te sing. Die woorde **psalms en lofsange en liedere** kom uit die Griekse vertaling van die Psalms (Septuagint). Dit is **verskillende woorde vir die Psalms**. Soms word die Psalms *psalms* noem (vgl Ps 3:1; 5:1), soms *lofsange* (Ps 65:2; 40:4) en soms *liederere* (al die bedevaartslidere, Ps 121-134). Soms word een Psalm in die Griekse Vertaling selfs met aldrie die woorde beskryf, byvoorbeeld Psalm 67:1) en Psalm 76:1. Ook die uitdrukkings **tot eer van die Here, sing en Psalmsing** kom by herhaling in die Psalms voor. Die teksgedeeltes (Efesiërs en Kolossense) dus is deurdrenk van Psalmtaal, sodat ons nie hoef te twyfel nie: Die woorde **psalms en lofsange en liedere** verwys na die Psalms.

Die Psalms het volgens hierdie twee teksgedeeltes 'n **dubbele gerigtheid of funksie**:

1. Ons Psalmgesang is **gerig op mekaar**. Daarmee **spreek ons met mekaar** (Efesiërs) en **leer en vermaan ons mekaar** (Kolossense 3). Ons Psalmgesang het 'n opbouende funksie.
2. Ons Psalmgesang is tweedens **gerig op die Here**: Dit is **tot eer van die Here**.

Dit is baie belangrik om te wys op die woorde wat voorafgaan aan die bevel tot Psalmgesang: **Word met die Gees vervul** (Ef 5) en **Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid** (Kol 3). Dit wys ons hoe ons tot Psalmgesang kom: deur Christus en sy Gees. Die twee, **word met die Gees vervul** en **laat die woord van Christus ryklik in julle woon** is nie in teësprak met mekaar nie. Ek kan dit so sê:

- As ons met die Gees vervul is, woon die woord van Christus ryklik in ons en
- as die woord van Christus ryklik in ons woon, is ons met die Gees vervul.

Die Gees is die Gees van Christus en Hy doen niks liever as om Christus na ons toe te bring en in ons te laat woon nie.

Dit is ook besonder veelseggend dat die inwoning van Christus ons tot Psalmgesang bring. Dit laat ons sien waaroor die Psalms gaan: oor Christus. Die mikpunt van die Psalmgesang is sodat die gemeenskap van gelowiges sal groei in Christus – ook dit laat ons sien wat die inhoud van die Psalms is.

Kom ons vat dit so saam:

- Christus bring ons tot Psalmgesang en
- Christus bring ons deur Psalmgesang tot groei in Hom.

4. Die Psalms van Christus óók bedoel vir die kerk van die Nuwe Testament (2)

Daar is 'n **on-Skriftuurlike opvatting** wat daarvan uitgaan dat die Psalms **Joodse liedere** is, wat **net vir die Jode bedoel** is en dat **net die Jode daarin aangespreek** is. Later in die Nuwe Testament – so meen hierdie verklaarders - is dit ook toegepas en betrek op ons en ons tyd, maar dit was nie oorspronklik so bedoel nie. Ons moet die Psalms daarom lees en verstaan soos die eerste lesers dit verstaan het.

1 Petrus 1:10-12 weerlê hierdie opvatting. Petrus laat sien: Die profete het ook ons met hulle profesie-op die oog gehad – nie net die eerste lesers nie. Want, skryf Petrus: Hulle het geprofeteer oor die genade **wat vir ons bestem is** (v 10); hulle het **vir ons dié dinge bedien** (v 12).

Dit het hulle nie uit hulle eie geweet nie. Dit is **deur die Gees van Christus aan hulle geopenbaar** dat hulle vir ons dié dinge bedien. Hulle het dus op grond van Goddelike gesag en Goddelike openbaring geweet: Hulle profesieë is vir die kerk tot in die verre toekoms bedoel is en nie net vir die kerk van hulle tyd nie.

Hier word verder duidelik geleer dat hulle woord nie hulle eie was nie, maar die van die Gees van Christus: **Die Gees van Christus wat in hulle was ... het** (in die profete van die Psalms en ander boeke) **getuig**. Daarmee word 'n uiters belangrike Skrifverklaringsbeginsel gegee: Dit gaan in die Boeke van die Ou Testament nie oor wat mense verstaan of dink of bedoel nie, maar dit gaan oor **die bedoeling van die Gees van Christus**.

Die Gees van Christus – sien julle dat Christus deur sy Gees in die Woord van die profete aan die Woord was en is.

Dit is ook belangrik om te hoor wat van die **inhoud** van die profete se profesieë gesê word: **Die Gees van Christus wat in hulle was ... het vooruit** (in die profete van die Psalms en ander boeke) **getuig ...** Waarvan? **Van die lyding wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna**. Christus was die hoofinhoud van hulle Geskrifte (Matthew Henry). Toe alreeds. Dit is al vooruit getuig dat Christus sou ly, ja, reeds in die Ou Testament.

Calvyn sê dit so mooi: Die profete het die tafel gedek, sodat ander (ons) later van die voedsel kon eet. Hulle het inderdaad deur die geloof die dinge (aangaande Christus) geproe, wat die Here deur hulle hand aan ons voorgesit het om te nuttig; en hulle het ook deel gehad aan Christus as die ware voedsel van hulle siele. Hulle het egter nog nie die volkome vervulling daarvan gesien nie – die vleeswording en lyding van Christus.

In navolging van hierdie Woord bely ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 3: God het deur sy besondere sorg vir **ons** en **ons** saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel (kusivering van my).

1 Petrus 1:10-12 gee vir ons 'n **Skrifverklaringsbeginsel** hoe ons die Psalms vandag moet verstaan, 'n **Skrif-leesreël** hoe ons dit moet lees, 'n **Skrif-sangriglyn** hoe ons dit moet sing: as getuienis van die Gees van Christus vir ons.

5. Christus is óók die Verklaarder van die Psalms

Wie 'n boek wil verstaan, moet na die skrywer self toe gaan. Hy sal immers die beste weet wat hy in sy geskrif bedoel.

Dit geld ook van die Bybel. Wie die Psalms wil begryp, wie wil weet watter plek die Psalms inneem óók in die Kerk van die Nuwe Testament, moet na die Nuwe Testament toe gaan. Daar laat ons hoogste Profeet en Leraar self, Jesus Christus onse Here, Hy wat die Skrywer van die Psalmboek is, ons die Psalms sien in hulle diepste betekenis en waarde.

'n Mens moet in die skool van die beste Leermeester, Jesus Christus, en sy apostels les ontvang in Skrifuitleg, sê Kohlbrugge. Hulle het die sleutel tot die verstaan van die Ou Testament gegee. Met hierdie sleutel kan ons die deur tot die geheimenisse van die Skrifte van die Ou Verbond open. In die klaskamer van die Nuwe Testament leer ons die Ou Testament ken as die gesagvolle Woord van God, wat Christus aan ons verkondig.

Lukas 24:25-27 en 44-47

Menslike onvermoë en onwil om die Skrif te verstaan en te glo - dit sien ons in die geskiedenis van ons Here Jesus se verskyning na sy opstanding aan die Emmausgangers en die dissipels. Ons sien egter ook Wie die Skrifte vir ons oopmaak, naamlik Christus.

In verse 25 tot 27 sê Jesus vir die Emmausgangers: ***o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.***

In vers 44-47 sê Jesus verder: ***Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder."***

Drie punte moet by vers 25 tot 27 en 44 tot 47 aangestip word:

Eerstens is dit uit die geskiedenis van die Emmausgangers duidelik: **Hulle was blind vir iets in die Ou Testament.** In lyn met die Joodse opvatting van daardie tyd wou hulle niks weet van 'n lydende Messias nie. Hulle wou dit nie in die Skrifte (die Ou Testament) sien ***dat die Christus eers moes ly en daarna in sy heerlijkheid ingaan*** nie (Luk 24:26). Hulle het net oog gehad vir die een lyn in die Skrifte van die Ou Verbond: die lyn van verheerliking van die Christus. Hulle wou nie álles glo wat die profete geopenbaar het nie. By daardie álles is ook ingesluit die lyn van lyding. Dit is ook nie vreemd dat hulle dit nie wou glo nie: So 'n evangelie van 'n Christus wat moes ly vir ons sondes – dit is nie na die mens nie (Gal 1:11).

Tweedens dui Christus **die oorsaak van hulle blindheid** aan: hulle ***onverstandigheid*** (v 26), hulle verstand wat gesluit was vir die volle boodskap van die Skrifte (Luk 24:45). Hierdie onverstandigheid of dwaasheid het niks met gewone domheid te make nie, maar slaan in die Bybel altyd op 'n sondige weiering om in te sien en te glo wat so duidelik in die Skrifte staan. Ondanks die duidelikheid van die Ou Testament en die feit dat Jesus self hulle verskeie kere daarop gewys het hoe die Ou Testament van Hom profeteer (sien o.a. Luk 22:37), het hulle steeds nie geglo nie. Daarom beskryf Jesus hulle geestesgesteldheid as ***'n traagheid van hart om te glo alles wat die profete gespreek het*** (Luk 24:25) – ongelooft.

Derdens sien ons **Wíé die blindheid wegneem: Christus** doen dit. Hy neem dit weg deur vir hulle uit te lê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het (Luk 24:27) en deur hulle verstand te open om die Skrifte te verstaan (Luk 24:45). Hy open die Skrifte en Hy open hulle verstand en dán verstaan hulle.

Hierdie dinge moet ons ook onthou as ons ons besig hou met die Bybel, insluitend dus die Psalms. Net biddend, met die hulp van ons hoogste Profeet en Leraar, Jesus Christus, en sy Heilige Gees kan ons verstaan én glo wat daar geskrywe staan.

6. Psalm 1: Met ons hoogste Profeet, Jesus, op die berg van die Psalms

Sonder Jesus kan ons niks doen nie. Dit geld eweneens van ons verstaan en verklaring van Psalm 1. Open my oë, bid die man van Ps.119:18, dat ek kan sien die wonders uit u wet. Jesus moet ons help en Hy doen dit deur sy Woord, ook deur sy Woord in die Nuwe Testament en dan dink ek hier veral aan die Bergrede in Matteus 5 tot 7.

Die ooreenkoms tussen Psalm 1 en Jesus se Bergrede in Matteus 5 tot 7 het baie Skrifverklaarders al opgeval.

In Matteus 5:2-3 open Jesus sy mond en sê: "Salig ...". Ook in Psalm 1:1 open ons Heiland sy mond en leer: "Welgeluksalig ...". Immers, nie net in die Bergrede nie, maar ook in die Psalm is Jesus aan die woord met sy Woord en hoor ons ons hoogste Profeet en Leraar (Heidelbergse Kategismus 12:31), wat die verborge raadsplan en wil van God aangaande ons verlossing openbaar.

Psalm 1 én Jesus se Bergrede begin met die woord **welgeluksalig** of salig: "welgeluksalig is die man" (Ps.1:1), "salig is die wat arm van gees is, ens...." (Mt.5:3-11).

In beide die Psalm en die Bergrede gaan dit om 'n luister na én 'n doen van die Woord. Van die regverdige in Psalm 1 word geskryf dat hy die wet van die HERE dag en nag oordink (Ps.1:2). In die Bergrede hoor ons enersyds van mense wat na hierdie Bergredewoorde van Jesus luister én dit doen. Andersyds word vertel van hulle wat hoor, maar nie doen nie. Die wat luister en doen, word vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. Die wat luister en nie doen nie daarenteen word vergelyk met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het (Mt.7:24, 26).

In Psalm 1 sowel as in die Bergrede volg na die "salig" 'n belofte, wat ingelui word deur **want**: "want die HERE ken die weg van die regverdiges" (Ps.1:6), "want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele" (Mt.5:3).

In beide die Psalm en die Bergrede hoor ons van die twee paaie: die weg van die regverdiges en die weg van die goddelose (Ps.1:1,6; Mt.7:13-14).

In Psalm 1:6 staan dat die HERE die weg van die regverdige **ken**. Daarteenoor sê Jesus in Matteus 7:23 van die wat nie die wil van sy hemelse Vader gedoen het nie: "Ek het julle nooit **geken** nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!"

In Psalm 1 sowel as in die Bergrede hoor ons van die uiteinde van die twee paaie: die een pad is die pad van die lewe (Ps.1:6, Mt.7:14, 26-27) en die ander is die pad van die verderf (Ps.1:6, Mt.7:13, 24-25).

As ons hierdie ooreenkoms tussen Psalm 1 en die Bergrede raaksien, begryp ons hoe belangrik onder andere die Bergrede – en die hele Ou en Nuwe Testament – is vir ons verstaan van Psalm 1.

Om 'n boek te verstaan, is dit van die uiterste belang dat ons die skrywer self sal gaan vra wat hy bedoel. Die skrywer self sal die heel beste weet wat Hy bedoel op 'n bepaalde plek. Dit geld nog meer van die Bybel: Die Skrywer moet ons sê wat Hy bedoel. Wie Skrif met Skrif vergelyk, word deur die Skrywer self, deur Christus en sy Gees, onderrig.

Lees dan u Bybel só: As u 'n Skrifgedeelte nie verstaan nie, gaan op u knieë en bid om die leiding van Christus en sy Gees; gaan sit dan in die Klaskamer genaamd Ou én Nuwe Testament, want daar en daar alleen sal u die Skrywer vind. Laat u dan onderrig deur ons hoogste Profeet en Leraar en laat Hy u aan sy hand – die hand van die Ou en die Nuwe Testament – inlei in die vak Skrifkennis.

7. Die tempel van die Psalms

Die Boek van die Psalms is 'n tempel, 'n evangeliese skatkamer.

Deur die eeue heen het die Israeliete verskillende tempels gehad– **tempels van klip en hout**. Die eerste tempel was die van Salomo. In 1 Konings 6-8 hoor ons van die bou en ingebruikneming daarvan. Daar het die HERE onder sy volk gewoon – sigbaar is dit gesien in die wolk van heerlijkheid wat daarop neergedaal het by die inwyding. Daarheen het die volk gegaan om God te ontmoet. Daarheen het die gelowiges gegaan om hulle offers te bring en die Woord te hoor. Die hele tempel was een groot Evangelie-verkondiging. Daar het God in Christus in al die afbeeldings en seremonies en in die Woord na hulle toe gekom.

Die Psalms kan ook beskryf word as 'n tempel. Dit is egter nie 'n tempel van klip en hout soos die van Salomo nie, maar **'n tempel van papier**, 'n tempel van die Woord op skrif. Dit is eweneens n skitterende, stralende, heerlike gebou:

- As jy daar instap, skitter en straal die heerlike evangelie ons tegemoet.
- In hierdie grootse tempel ontmoet ons God Self. Sy Woord weerklink. Christus, die Skrif-geworde-Woord, kom ons tegemoet in die veelkleurige kled van die Psalms.
- Die verbond na al sy kante word verkondig: die HERE se verlossingsgeskiedenis met sy volk, sy ryk en troosryke beloftes, sy eise, sy seëninge, maar ook sy straf.
- In hierdie tempel is dit sang van voor tot agter, trompette en basuingeklank – 150 Psalms. Alles sing en juig en jubel van die groot werke van God in Christus, van sy Skepping en Herskepping.

Die HERE openbaar Hom en alles word opgeroep om te antwoord op sy openbaring:

***HALLELUJA! Loof God in sy heiligdom, loof Hom in sy sterk uitpansel!
Loof Hom oor sy magtige dade, loof Hom na die volheid van sy grootheid!*** (Ps 150)

Vanselfsprekend het hierdie Heiligdom 'n deur, 'n poort waardeur jy in moet gaan. Daaroor meer 'n volgende keer.

8. Psalm 1 en 2: in die poort van die tempel van die Psalms

Die Psalms is 'n tempel – God se tempel. Daar ontmoet ons die Here. In elke Psalmwoord is Hy aan die woord met sy Woord. Dit is die grootste skat wat daar is. Wie wil daarom nie graag in hierdie tempel ingaan en deel in die weelde nie!

As jy in 'n gebou wil ingaan, moet jy die deur gebruik. Die deur is belangrik, want dit verleen toegang. As die deur gesluit is, bly jy buite staan.

Ook die Psalms het 'n deur. Psalm 1 en 2 kan die toegangspoort tot die tempel van die Psalms genoem word. Wil ons dus ingaan en die skatte van die tempel waardeur en geniet, moet ons deur hierdie deur ingaan.

Ek sal verduidelik wat ek bedoel:

Psalm 1 en 2 vorm die **inleiding** op die Psalms. Dit **lei** ons **in** in die hele boek. Die inleiding gee **in-leiding**. Dit sê waaroor dit gaan.

Iemand noem hierdie twee Psalms die “**preekteks**” van die res van die Psalms. Kort en kragtig kom die hele inhoud van Psalm 3-150 hierin ter sprake.

Die eerste twee Psalms is soos 'n **gids** by 'n groot besienswaardigheid: Voordat jy alles gaan besigtig, gee die gids 'n oorsig van wat jy gaan sien. Dit is 'n groot fout om nie na die gids se woord-vooraf te luister nie – dan verdwaal jy en verstaan jy niks nie.

In Psalm 1 staan die Wet of die Woord van die HERE in die middelpunt

Met **Wet** word meer bedoel as die Tien Gebooie. Ons kan dit liever vertaal met **Lewensleiding of Woord**. Met die vinger wys die Wet vir ons die Weg aan – Christus die weg en die waarheid en die lewe (Joh 14).

Ons hoor in Psalm 1 van 'n man wat so lief is vir hierdie Wet en wat dit op sy hele lewe laat inwerk – hy oordink dit dag en nag (v 2). Daarom is hy salig of geseënd (v 1).

Presies dit kry ons **in ál die Psalms**: die Wet. Die Psalmdigters het hulle verheug in die Wet, hulle het geleef uit die Wet. In die Psalms sing die Psalmdigters van die HERE se Wet na al sy kante en in al sy rykdom:

- al die werke van die HERE in die Wet kom ter sprake: sy skepping, sy verlossing, die geskiedenis van sy handeling met sy volk;
- die heerlike beloftes van die Wet word gehoor: van vergiffenis, van lewe by God, en nog baie meer;
- die heilsame gebooie van die Wet van die HERE.

Dit moet u dus verwag om te siene te kry in die Psalms: die Psalmdigters se groot liefde vir die Wet; hoe die skrywers die Wet oordink word van alle kante; liedere op liedere oor die HERE se mooi Wet.

Daaroor moet dit **óók vir u** gaan as u die tempel binnegaan: om jou te verlustig in die Wet, te leef uit die Wet, te jubel oor die Wet. **Juis daarom staan Psalm 1 voorop.**

Daarteenoor hoor ons ook van ander mense: goddeloses wat nie luister na die Woord nie, maar na die woord (raad) van mede-goddeloses (v 1). Ook hulle sal ons in die gebou van die Psalms raakloop.

In Psalm 2 gaan dit oor die HERE en sy Gesalfde Koning, die Christus én sy juk of Woord

Ook hier speel **die Wet of Woord** 'n groot rol: die nasies en volke wil juis die bande (= die Wet) van die HERE en sy Messias van hulle afwerp.

In Psalm 2 word die heerskappy van Christus en die groot stryd teen die Christus deur die eeue heen aangekondig.

Psalm 2 is die wêreldgeskiedenis in kort: die stryd van die Antichristus teen die Christus van God en sy Wet.

Van hierdie stryd hoor ons ook in Psalms 3 tot 150. Trouens, reeds Psalms 3 begin hierdie stryd. Psalm 3 is 'n Psalm wat Dawid gedig het toe hy moes vlug vir Absalom. Absalom wou Dawid, die gesalfde van die HERE, van sy troon stoot.

Ook in Psalm 2 kry ons dus die twee groepe mense: regverdiges en goddeloses; mense wat luister na die Wet en mense wat nie luister nie; mense wat hulle onderwerp aan die Christus en mense wat sy bande (=sy Woord) van hulle wil afwerp.

Wil jy die Psalms verstaan en geniet? Dan moet jy weet waaroor dit gaan: die Wet van die Christus en die Christus van die Wet.

Wil jy ingaan? Dan moet jy lief wees vir die Wet en vir die Christus van die Wet.

9. Die Wet (1): die belangrike plek van die Wet of Woord in die Ou Testament

In die vorige les (Les 8) het ons gesien hoe 'n belangrike plek die Wet in Psalm 1 inneem. Die wet van die Here is die Psalmdigter se vreugde, en hy oordink sy wet dag en nag (Ps 1:2). Dit wil sê: Hy leef dag en nag daaruit, dit is sy lewe.

Nou gaan ek u laat sien:

- Hoe die Wet soos 'n groot lyn deur die hele Ou Testament loop (Les 9); en
- hoe die Wet 'n groot lyn deur die boek van die Psalms loop.

Dit mag **vir u 'n bietjie ingewikkeld klink**, maar dit is **regtig baie maklik**. Dit sal julle ook help om die Psalms goed te verstaan. Die Psalms sing van die HERE se mooi Wet en die hele Ou Testament gaan oor die mooi Wet.

Nog een uitermate belangrike opmerking: Met Wet word nie net die Tien Gebooue bedoel nie. Die woord wat hier vir Wet gebruik word, beteken eintlik Lewensleiding. Dit is die Wysvinger van God, wat vir ons met die vinger wys: Daar is die Weg. Daar is die Weg of Woord waarop julle moet gaan. Die Vinger wys ons op Christus, wat die Weg is. Ons kan Wet ook met Woord vertaal. Die Wet is pure Evangelie.

Volgorde en indeling van die boeke van die Ou Testament

- **In ons Bybels** is Genesis die eerste en Maleagi die laaste boek in die Ou Testament. In die Hebreuse Bybel is dit egter nie so nie. Daarin is die laaste boek 2 Kronieke.

Ook die volgorde en in indeling van die boeke van die Ou Testament in die Hebreuse Ou Testament is heeltemal anders as die in ons Bybel.

Ons verdeel die boeke van die Ou Testament soos volg:

- die vyf boeke van Moses (Genesis tot Deuteronomium);
- die historiese boeke (Josua tot Ester);
- die digterlike boeke (Job tot Hooglied – waarby die Psalms dus ingesluit is);
- die profete (Jesaja tot Maleagi).

Ons het ons indeling en volgorde gekry by die Griekse vertaling van die Ou Testament, die sogenaamde Septuagint.

- **Die Jode** het die boeke van die Ou Testament egter in die volgende drie dele en volgens hierdie volgorde verdeel:
- die *Wet* (die vyf boeke van Moses: Genesis tot Deuteronomium),
- die *Profete* (Josua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja tot Maleagi) en
- die *Geskifte* (Psalms, Spreuke, Job, Hooglied, Rut, Klaagliedere, Prediker, Ester, Daniël, Esra, Nehemia, Kronieke).

Jesus gebruik ook hierdie indeling in Lukas 24:44, waar Hy praat van die wet van Moses, die profete en die psalms. Met die psalms word die Geskifte bedoel en dit word die psalms genoem, omdat die Psalms in die bundel van die Geskifte voorop staan.

Ook uit Matteus 23:35 (vgl Lk 11:51) kan ons iets aflei oor die volgorde van die boeke van die Ou Testament en die omvang daarvan. Daar praat Jesus van die bloed van Abel (Gen 4:8) tot die bloed van Sagaria (2 Kron 24:20 ev) en dan bedoel Hy: van die begin van die Ou Testament (die eerste boek, naamlik Genesis – die bloed van Abel) tot die einde daarvan (die laaste boek, naamlik Kronieke – die bloed van Sagaria).

Die besondere plek van die Wet in hierdie indeling

As hierdie drie bundels, die *Wet*, die *Profete* en die *Geskifte*, nader bekyk word, is dit opmerklik watter plek die Wet in die indeling speel:

- die *Wet* **eindig** met die ernstige vermaning: Israel, hou julle aan die Wet (Deut 26:16 – 33:29);
- die *Profete* **begin** waar die *Wet* ophou naamlik met die dringende bevel: Handel nougeset volgens die Wet; dit mag nie uit jou mond wyk nie, maar oorpeins dit dag en nag (Jos 1:7-8);
- die *Profete* **eindig** met die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose (Mal 3:18) en die oproep: Dink aan die wet (Mal 4:4);
- die *Geskifte* **begin** waar die Profete geëindig het: met die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose (Ps 1) en dat die regverdige die wet van die HERE dag en nag oording (Ps 1:2).

Dit is voorts opvallend hoe gelykluidend Josua 1:7-8 (die **begin** van die *Profete*) en Psalm 1:2-3 (die **begin** van die *Geskryfte*) is:

- “Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar *bepeins* dit *dag en nag*, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou *weëvoorspoedig* wees” (Jos 1:8);
- “Maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy *oordink* sy wet *dag en nag* ... en alles wat hy doen, voer hy *voorspoedig* uit” (Ps 1:2-3).

10. Die Wet (2): die besondere plek van die Wet in die Psalms

In die vorige oordenking het ek hierdie belangrike opmerking oor die Wet gemaak: Met Wet word nie net die Tien Gebooie bedoel nie. Die woord wat in Psalm 1 vir Wet gebruik word, beteken eintlik **Lewensleiding, Vingerwysing**. Dit is die Wysvinger van God, wat vir ons met die vinger wys: Daar is die Weg. Daar is die Weg of Woord waarop julle moet gaan. Die Vinger wys ons op Christus, wat die Weg is. Ons kan Wet ook met Woord vertaal. Die Wet is dus pure Evangelie.

Psalm 1 en 2: ‘n oproep om te sing oor die Christus en sy mooi Wet of Woord

Ons kan Psalm 1 en 2 as teks van die res van die Psalms. Ons teksvers is - die Wet. Daaroor gaan in Psalm 3 tot 150 gesing word.

In Psalm 1 hoor ons van die regverdige wat hom verlustig in die wet van die HERE.

Ook in Psalm 2 speel die wet ’n groot rol. Die Wet is die Wet van Christus, die Wet van die Gesalfde van die HERE. Die nasies en volke wil juis die juk van die Messias, sy wet, van hulle afwerp.

In Psalm 1 en 2 kry jy twee groepe mense: eersyds die wat lief is vir die Messias en sy Woord en andersyds mense wat sy Wet haat en na ’n ander woord luister.

Psalm 3 tot 150: loflied op loflied oor die Christus en sy mooi Wet of Woord

Die res van die boek van die Psalms (3-150) word ingedeel in 5 boeke:

- Boek 1: Psalm 3-41
- Boek 2: Psalm 42-72
- Boek 3: Psalm 73-89
- Boek 4: Psalm 90-106
- Boek 5: Psalm 107-150

Hierdie vyfdeling word daarop gegrond dat die eerste vier van die vyf boeke met ’n **lofprysing én Amen** eindig:

- Boek 1: Psalm 41:13: “Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid! Amen, ja amen.”

- Boek 2: Psalm 72:18-19: “Geloofd sy die HERE God, die God van Israel, wat alleen wonders doen! En geloofd sy vir ewig sy heerlike Naam! En laat die hele aarde met sy heerlikheid vervul word! Amen, ja amen.
- Boek 3: Psalm 89:52: “Geloofd sy die HERE vir ewig! Amen, ja amen.
- Boek 4: Psalm 106:48: “Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot ewigheid! En laat die hele volk sê: Amen. Halleluja!
- Boek 5: Hierdie Boek eindig ook wel met ’n lofprysing. Hierdie lofprysing bestaan egter nie net uit een of twee verse nie, maar uit ’n lofprysing van 5 Psalms (Ps 146-150). Weer kry ons die getal 5.

Hierdie vyfdeling is nie toevallig nie. Dit is ’n sinspeling op die vyf boeke van Moses (Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium), wat ook Wet of Lewensleiding genoem is. Die vyfdeling wil ons leer wat die inhoud van die Psalms is: die Wet, die Lewensleiding, die Vingerwysing van die HERE. Die Psalms staan nie los van die vyf boeke van die *Wet* nie. Dit staan ook nie los van die Wet soos dit in die ander boeke van die Ou Testament verkondig word nie.

Dit is tog baie opmerklik dat **Sagaria**, die priester, **sy lofsang oor Christus in Lukas 1:68** met die lofprysing aan die einde van Psalm 41 begin: “Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het” Daarby staan dat hy vervul was met die Heilige Gees en geprofeteer het toe hy dié lofsang gesing het. Vervul met die Heilige Gees – hoe anders sou hy die profesie van die Psalms kon verstaan (2 Pet 1:20-22) - begryp Sagaria **die Psalms in hulle diepste bedoeling: die lof van God vir die verlossing wat Hy in Christus kom skenk het.**

Grafiese voorstelling van die indeling van die Psalmboek

Grafies kan alles wat gesê is soos volg voorgestel word:

Inleiding	Boek 1	Boek 2	Boek 3	Boek 4	Boek 5
Psalm 1-2	Psalm 3-41	Psalm 42-72	Psalm 73-89	Psalm 90-106	Psalm 107-150
	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 41:13	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 72:18-19	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 89:52	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 106:48	LOFPRYSING (DIE AMEN AAN DIE EINDE ONTBREEK): Psalm 146-150

11. Psalm 38: Vader, gee u kinders in ons land 'n salige pakslae

Weet die kerk in Suid-Afrika nog van God se Vaderhand wat tugtig tot ons heil? Sien ons nog daardie hand in al die teenspoede in ons land? Besef ons dat die HERE **met óns, met sy kinders, met sy kerk** besig is in al die **slae** en teen-**slae**?

Mag God ons oë gee om dit te sien en dat ons sal luister na 1 Petrus 5:6: ***Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.***

In Ps 38:1 roep Dawid onder die tugtende hand van die HERE: ***o HERE, straf my nie in u toorn nie en kasty my nie in u grimmigheid nie.***

Die woorde ***nie in u toorn*** en ***nie in u grimmigheid*** staan nadruklik voorop. Dawid vra dus nie: HERE, moet my glad nie moet straf nie. Waarvoor hy wel bid is Vaderlike tugtiging, liefdevolle straf.

Hy vra sy Vader: O HERE, straf my, maar net nie in u toorn nie. Ons kry 'n soortgelyke gebed in Jeremia 10:24: ***Tugtig my, HERE, maar met mate; nie in u toorn, dat U my nie te klein maak nie.***

God het **twee roede**, sê Luther:

- Daar is die roede van sy liefde en genade en
- die roede van sy toorn.

Die eerste is bedoel **vir sy kinders**. Die laaste roede gebruik God vir sy en sy volk se **vyande**. Daarom bid Jeremia na vers 24: Stort u grimmigheid uit oor die nasies wat U nie ken nie, en oor die geslagte wat u Naam nie aanroep nie (10:25).

In Hebreërs 12:5-6 hoor ons van die eerste roede, sy genade-roede: ***My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.***

God se Vaderlike tugtiging is goed vir ons. Dit is deel van sy liefde vir ons. Dit is 'n bewys van ons kindskap. Dit is - ja, **deel van die evangelie!**

Dit is altyd sleg om God se Vaderhand af te wys – nie net wanneer die hand ons versorg nie, maar ook as die hand ons slaan. Want wie sy hand afwys, ook sy straffende hand, wys sy liefde af.

Die HERE weet altyd wat goed is vir ons en wat ons nodig het. Ons Vader slaan ons terug huis toe. Ons het ook dikwels 'n salige pakslae nodig, 'n tugtiging ter wille van ons saligheid. Dit werp 'n totaal ander lig op die probleme van ons tyd: agter dit staan 'n Vader – die Vader wat wag vir die verlore seun.

Hoe heerlik, hoe mooi, hoe ryk word dit nie alles saamgevat in Totius se beryming nie:

***Dat U my verdruk het, HERE,
dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper
in u kennis ingelei.
Daarom is dit my veel beter
as die allerrykste skat,
meer as al die goud en silwer***

wat die wêreld kan bevat. 119:25

Die hand is enkel goed vir my ... want dit bring my by die Vaderhuis, dit lei my in die skatkamers van die Evangelie, dit lei my na Christus wat my lewe is.

12. Psalm 2: die wêreldgeskiedenis in 'n neutedop- 'n rewolusie wat reeds verloor is

In Psalm 2 het ons die wêreldgeskiedenis in 'n neutedop: die opstand van konings en nasies teen die gesalfde Koning van die HERE, ons Here Jesus Christus.

Hierdie stryd het reeds in Genesis 3 begin: die stryd van die slangesaad teen die vrouesaad. Die vrouesaad is in die eerste plek Christus en almal wat in Hom glo. Die slangesaad is die duiwel en die Antichris en alle ongelowiges.

Ook ons in Suid-Afrika bevind ons midde-in die stryd. Die Christendom word op verskillende maniere aangeval: nie net deur konings en heidene nie, maar ook deur dwaalleer.

In hierdie verband is Psalm 2 so heerlik troosryk.

Ek wil julle ook **die skoonheid van die Hebreeuse digkuns** laat sien.

Dit digter val met die deur in die huis met die vraag: **Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?**

Die vraag is nie 'n vraag na die rede vir die opstand nie, so asof die digter nie weet hoekom hulle dit doen nie. Dit is 'n stukkie **Hebreeuse digkuns**, waarmee die digter sy **verbasing** uitspreek. Die digter roep as 't ware uit: Hoe op aarde kry hulle soveel dwaasheid in hulle koppe. Dit is be-lag-lik. Daarom lag Hy wat in die hemel woon vir hulle (vers 4).

Waarom ... bedink die volke **nietige dinge**? Die woorde **nietige dinge** is nog 'n besondere **Hebreeuse digkuns**. Die digter vervang dit wat eintlik daar verwag word, **rewolusie**, met die resultaat: **nietige dinge**. Hy kon geskryf het: Waarom ... bedink die volke **rewolusie**? Maar hy doen dit anders. Hy laat die uiteinde van die opstand sien: **nietigheid, tevergeefsheid**. Wat hulle bedink en probeer loop op niks uit nie.

In die vervolg sien ons **nog Hebreeuse digkuns**, waarmee die digter die onsinnigheid van die opstand laat sien: Teenoor **die konings van die aarde** stel hy **Hy wat in die hemel woon**. Met hierdie woordspeling spot met hy met hulle: Klein aardse koninkies, uit die aarde, grond, teen Hom wat in die hemel woon, die almagtige Koning. Dit is doodeenvoudig belaglik.

Die Here wil hê dat ons in die lig van hierdie Psalm na gebeure in ons land en in die wêreld sal kyk. Moet ons nou regtig bang en bekommerd wees vir soveel nietigheid en terwyl ons Koning reeds klaar oorwin het.

Ja, die diepste betekenis van die **nietige dinge** is: Die rewolusie is **klaar verloor**, die vyand is **reeds verslaan**. Ja, **hulle is besig met 'n verlore saak**.

In Handelingte word teruggegryp na hierdie Psalm en dan word dit toegepas op Herodes, Pilatus, die heidene en die Jode: Here, **U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het** (= die almagtige Koning van Psalm 2 teenoor die aardse koninkies!) ... Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het ... (Handelingte 4:24-30). Hierdie aardse koninkies (Handelingte 10:39-40) het Hom omgebring deur Hom aan 'n kruishout op te hang.

Maar hulle rewolusie was 'n mislukking, *nietigheid*: Want *Hom het God op die derde dag opgewek*. Hulle hele rewolusie, die kruisiging, het uitgeloop op hulle eie ondergang.

Die rewolusie het misluk. Ons Koning sit aan die regterhand van God. Hy is beklee met alle mag in die hemel en op die aarde (Mt 28). In Christus die Oorwinnaar is ons meer as oorwinnaars (Rom 8:37).

Kyk ons so na die wêreld en die gewoel rondom ons teen kerk en Christendom?

13. Sonder die Heilige Gees geen verstaan van die Psalms nie

Ek het myself 'n baie groot guns gedoen. Ek het die boek van Bruce K. Waltke en James M. Houston, *The Psalms as Christian Worship*, gekoop.

Bruce Waltke is seker een van die grootste kenners van die Psalms in ons tyd. Hy het 'n besondere kennis van Hebreeus.

Wat my besonder aangenaam aangedoen het in hierdie boek, is die nadruk wat die skrywers daarop lê dat ons sonder die Heilige Gees die Psalms nie kan verstaan nie en hoe hulle na Christus in die Psalms verwys. Hulle wys op die groot beginsel van Skrifverklaring: om Skrif met Skrif te vergelyk, om die Skrif met die Skrif uit te lê.

Hulle neem sterk standpunt in teen die moderne wetenskap en moderne Ou Testamentiese teologie, wat van hierdie beginsels van die vroeëre kerk tot in die agtiende eeu afgewyk het, en dit verruil het vir die menslike verstand.

Hulle skryf: Die Goddelike Skrywer en wat Hy verkondig in die teks, kan nie werklik geken en verstaan word sonder 'n geestelike verhouding met Hom nie. Martin Luther skryf: *As God nie die Heilige Skrif nie vir ons oopmaak en verklaar nie, kan niemand dit verstaan nie; dan bly dit 'n geslote Boek, toegevoeg in duisteris*. Die Geneefse Kategismus (1541) stel dit so: *Ons verstand is te swak om die geestelike rykdom van God te verstaan, wat aan ons geopenbaar is deur die geloof; ons harte is eerder geneig tot afwyking of 'n verdorwe vertroue in onself of in geskape dinge. Maar die Heilige Gees verlig ons om ons instaat te stel om te verstaan, wat andersins onverstaanbaar sou bly; die Heilige Gees versterk ons in versekering en verseëling en afdruk van die beloftes van verlossing in ons hart*.

Die Heilige Gees is **die Gees van die héle Woord – Ou én Nuwe Testament, Nuwe én Ou Testament**. Hy is die Trooster, wat Christus vir ons op Pinksterdag gestuur het en wat ons in die héle waarheid lei (Joh 14:26; 16:13). Hierdie leiding kan en mag nie beperk word tot een van die Testamente nie. Ons het geen gronde daarvoor nie.

In Matteus 22:42-46 (in die Nuwe Testament dus) sê ons **Here Jesus Christus Self deur sy Gees** in alle duidelikheid: Dawid praat **in Psalm 110** (in die Ou Testament dus) **in die Gees – dit wil sê deur die Gees** – nie van homself of van 'n ander koning nie, maar van sy Seun, wat sy Here is. Ons mag nie in ons verklaring en vertaling van Psalm 110 by die verklaring van die Heilige Gees in Matteus 22 verbygaan nie. Dit gebeur helaas by herhaling in Bybelvertalings en verklarings. Daarom moet ook lidmate deeglik kennis neem van hierdie boek van Waltke en Conner. As u nie luister na wat die Gees in Matteus 22 sê nie, sal u ook nie verstaan wat Hy vir u in Psalm 110 leer nie.

As Bybelvertalings nie wil luister na die verklaring van die Gees in onder andere in Matteus 22 nie, mag ons daardie Vertalings nie gebruik nie. Wie dit wel doen, sal nie die stem van die Heilige Gees onder andere in Psalm 110 verstaan nie.

Na die koms van die Nuwe Testament, die Boek van Christus en sy Gees, mag ons nooit meer die twee Testamente van mekaar losmaak nie. In 1 Korintiërs 11:22 staan: Niemand weet wat

in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het geen keuse nie: Die Gees kom na ons toe in Ou én Nuwe Testament, in beide. Die Gees weet wat in Psalm 110 bedoel word. Luister dan na wat Hy orals sê.

Wat is Skrif met Skrif vergelyk anders as om die Stem van die Heilige Gees met die Stem van die Heilige Gees te vergelyk? Dit beteken: om die Stem van die Gees in een Skrifgedeelte te verstaan, moet ek ook na sy Stem in ander Skrifgedeeltes in Ou en Nuwe Testament luister.

Gelowiges – nie net geleerdes nie - het die mooiste beloftes by hulle doop ontvang. Ons het onder andere die belofte van die Heilige Gees in ons doop ontvang. Dit is heerlik om te mag weet dat die Heilige Gees ook aan my belowe is en dat ook ek met vrymoedigheid en vertrouwe mag bid om sy leiding in my Skrifstudie. Maar dan moet ons ook luister na en buig voor sy hêle Woord. Dan moet ons ook, soos Waltke en kie sê, 'n geestelike verhouding met God hê. Met 'n geestelike verhouding bedoel hulle 'n ware geloof.

14. Psalm 1 en 2: salig-rampsalig

Die Hebreuse digkuns is so wonderlik mooi.

Kyk nou maar na Psalm 1:

- Dit **begin** met die woord welgeluksalig of *geseënd* (vers 1) en
- Dit **eindig** met die woord *vergaan* (vers 6).

Ons kan dit ook gerus vertaal met: *salig* en *rampsalig*.

Daaroor gaan dit in die 150 Psalms: oor saligheid of rampsalig, *geseënd* of *vervloek*.

Op daardie noot eindig Psalm 2 (v 12) ook, met salig en rampsalig:

1. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg *vergaan* nie; want gou kan sy toorn ontvlam.
2. **Welgeluksalig** is almal wat by Hom skuil!

Met geseënd begin Psalm 1 en daarmee eindig Psalm 2. Dit laat ons sien dat hierdie twee Psalms 'n eenheid is.

In Psalm 1 en 2 gaan dit oor **twee paaie**:

1. Die weg of lewenspad van die regverdige is geseënd;
2. Die van die goddelose sal vergaan.

Op watter weg is jy? Dit word bepaal deur na wie se woord jy luister:

- Die regverdige luister na die Woord (1:2).
- Teenoor die Woord staan die luister na raad of woord van die goddelose (1:1).

In die bergrede praat ons Here Jesus Christus ook van die twee paaie en die uiteinde daarvan:

Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en **wyd is die pad** wat na die **verderf** lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.

Want die poort is nou en **die pad is smal** wat na die **lewe** lei, en daar is min wat dit vind.

Matteus 7:13-14

In Matteus 7:24 maak Jesus dit duidelik dat dit gaan oor **luister na sy Woord**.

1. Die gelowige **oordink** die Woord (1:2)
2. Die goddelose **oordink** (dieselfde woord as in 1:2) opstand teen die Woord van Christus (2:1).

15. Psalm 1: Salig – die Saligmaker, die salige Weg

Salig – ’n paar keer in **Die Psalms van Christus** het die woord al ter sprake gekom.

Daaroor gaan dit in die Psalms: oor **salig**-heid, **óns** saligheid en veral – veral oor Hom wat ons salig maak, ons Saligmaker, sy saligmakende Woord en sy saligmakende werke.

Laat ek begin deur te sê: om **salig** te vertaal met **gelukkig** soos die 1983- en die 2016-vertaling doen, is nie ’n goeie, duidelike vertaling nie. Salig het ’n dieper betekenis. Dit gaan nie oor gewone geluk nie, maar oor die herstelde verhouding met God. As jy sy saligheid-gewende beloftes het, sy saligmakende werke glo, God se Saligmaker, dan staan jy in ’n salige, geseënde verhouding met God. Nie maar aardse geluk nie, maar onder die menigvuldige seëninge van die God van volle saligheid.

Kyk nou maar na die man van Psalm 1. Hoekom is hy salig? Omdat hy luister na die Woord en in die salige Woord sy vreugde vind. Dít is **die weg van die regverdige**: om te leef uit en jou te verbly in die Woord – om te leef uit die Weg, Christus. En die **HERE ken hierdie weg** van die regverdige. **Ken** – Hy het dit lief. Hy skenk sy saligheid aan almal wat by hierdie salige Weg leef.

Dit gaan in Psalm 1 en in die hele Psalmboek oor die Saligmaker en sy salige Weg. Salig is almal wat by Hom skuil (2:12). Hoe salig is die volk wat luister na U Woord (Ps 89:6 – Totius).

Totius se Beryming vat alles so mooi saam:

God ken die pad waarop sy volk moet gaan;

sy oog is dit wat hulle gadeslaan

en met sy lig hul lewenspad bestraal het (Ps 1:4)

En lees dan daarby (weer die Woord van Ps 1, waarin die regverdige hom verbly):

Hoe salig is die volk wat luister na u woord,

hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort. (Ps 89:6)

16. Psalm 1 en 2: Salig – luister na die Woord van Christus is die geheim

Psalm 1 en 2 is die Psalm van die twee paaie: Die een pad is die pad van **saligheid** (1:1); die tweede pad vergaan, is **rampsalig** (1:6, 2:12).

Hoe kom ons op die een of op die ander pad. **Luister en nie-luister-nie**, dit is die geheim, die skeidende faktor.

Die man van Psalm 1:1,2 **luister** na die Woord. In die oordink van hierdie Woord lê sy saligheid.

Daarteenoor luister dié man nie na **die raad van die goddelose** nie (1:1). Ons kan die raad ook beskryf as: die woord van die goddelose.

In Psalm 2:1 en 2 kan ons meer leer oor die raad of woord van die goddelose. Van die gelowige hoor ons: hy **bedink/oordink** die wet van die HERE (1:1). Van die goddelose daarenteen word gevra: Waarom **bedink** die volke nietige dinge. En dan word presies gesê watter woord of raad die goddelose bedink: Hulle **hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!**. Die goddelose luister nie na die Woord van God en sy Christus, na sy Evangelie nie. Inteendeel, hulle bedink opstand teen die Woord van die HERE. En – dit is juis hierdie weg wat vergaan.

Van die man, wat salig is, kan ons sê: Sy saligheid lê in die luister na die Evangelie, in hom onderwerp aan die juk van Jesus. Teenoor die opstand van die goddelose teen die Gesalfde en sy Woord staan die regverdige se houding teenoor die Woord: **Welgeluksalig is almal wat by die Gesalfde skuil!** (2:12). Om te **skuil by** Hom, beteken: om op Hom te **vertrou**.

In die Psalms gaan ons hoor van mense wat luister na die Woord en mense wat nie luister nie. In die Psalmwoord het ons die Woord saamgepers in 150 Psalms, die twee uiteenlopende paaie, maar veral die één Weg, Christus: **Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil**.

Die Psalms is die leerboek van God en sy Gesalfde. God het die een Psalmboek goed genoeg, voldoende, volkome geag. Daarom is daar baie opvallend nie ‘n Psalmboek in die Nuwe Testament nie. Met hierdie een Psalmboek moet ons mekaar onderrig in die een en enigste salige Weg. Salig is die wat daarna luister.

Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. En waarin vind en moet die ryklik inwonende Woord van Christus uiting vind? In die Psalmgesang Sondae: **Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere...** (Kol 3:16) – aldrie gaan oor die Psalms alleen. Heerlik en ‘n opdrag dat ons mekaar Sondae met die salige, genoegsame Psalms, die Woord van Christus, mag onderrig aangaande die God van volle saligheid.

17. Psalm 2: Kus die Seun – onderwerp julle aan sy Woord

In vorige oordenkings oor Psalm 1 en 2 het ons gehoor hoe belangrik dit is om na die Woord te luister. Dit bepaal of jy op die salige weg is. Wie daarenteen na die raad of woord van die goddelose luister, is op die rampsalige weg.

In Psalm 2 vers 12 kom die opdrag tot ons: **Kus die Seun**. Volledig: **Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam**.

Kus die Seun – dit is besondere woorde, betekenisvolle woorde.

Die Griekse vertaling van die Ou Testament, die **Septuagint**, “vertaal” die woorde **kus die Seun** vertaal met: **omhels onderrig**.

Die Septuagint gee daarmee nie 'n vertaling gee nie, maar (soos meermale) 'n parafrase of omskrywing. Dit gee nie 'n letterlike, woord-vir-woord vertaling van die woorde kus die Seun nie. Dit wil eerder vir ons sê wat beteken die woorde ***kus die Seun***. En inderdaad, om die Seun te kus beteken: om sy onderwysing, om die Woord van die gesalfde Koning, om Christus se lering te omhels en jou daaraan te onderwerp.

'n Besonder belangrike teks in die Hebreuse Ou Testament vier die verstaan van die ***kus die Seun is Genesis 41:40***. Daar sê Faraó vir Josef: Jy moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik. Letterlik staan daar: ***my hele volk moet jou mond kus***. Met die hulle moet ***jou mond kus*** bedoel Faraó: **Hulle moet luister na jou woorde**.

En nou sal ons ook die woorde van God in **Matteus 17:5** beter verstaan. Want daar, op die berg van verheerliking, kom die stem van die Vader: ***Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!*** Volledig verklaar: ***Luister na Hom***, dit wil sê: Kus die Seun! Onderwerp julle aan sy lering, sy evangelie.

Die verklaring **luister na die Seun, onderwerp julle aan die Seun se Woord, sy Evangelie, sy Lering**, pas perfek in die hele verband van Psalm 2:

In Psalm 2 vers 3 sê die opstandige konings en volke vir mekaar: Kom, laat ons die bande van die HERE en sy Gesalfde stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp. Die beeld is die van 'n ***juk*** wat op die nek van osse gesit word. Die konings en die nasies wil die juk van Christus van hulle afgooi. En ... **hierdie juk is die Evangelie**. Want in Matteus 11:29-30 sê Jesus: "Neem my ***juk*** op julle en ***leer*** van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig." Daar word die juk ook beskryf as die leer van Jesus. Met die juk van Jesus en met sy leer word dieselfde bedoel. Ons kan die woord bande in Psalm 2 vers 3 inderdaad ook vertaal met ***leer of onderwysing***. Ook ons Nederlandse Geloofsbelijdenis Artikel 29 beskryf die juk van Christus as die Woord van God. Dit is dieselfde.

In vers 12 kom dan die vermaning: Kus die Seun – onderwerp julle aan sy Leer/Woord/Onderwysing/Evangelie. Weer kom die tweede weg ter sprake: Onderwerp julle aan die Woord van die Seun, dat Hy nie toornig word en julle ***op die weg vergaan nie***.

Weer kom ons op die punt: die geheim van ons saligheid (1:1) lê in luister, luister na die Woord. Welgeluksalig is elkeen wat by die Seun skuil, dit wil sê: Salig is almal wat vertrou op Hom, op sy Woord. Daarom: Skuil by die Seun, vertrou op sy Evangeliewoord. ***Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil***.

18. Psalm 2: Die oordeel is deur die Vader aan Christus gegee

In vers 1-2 hoor ons van die opstand teen die HERE en sy Gesalfde (= Christus). Dit is 'n opsomming van die wêreldgeskiedenis.

Die grootste gedeelte van die wêreld sal Christus nie aanvaar nie. Onder andere Psalm 2 leer ons dit al. In die Nuwe Testament word die opstand teen die HERE se Gesalfde in Psalm 2 toegepas ook op die volk van God: Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het (Vgl Ps 2:1 met Hand 4:25-28: ***Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en***

die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het. Ook kerkmense sal Hom nie aanvaar nie (vgl Jh 1:11).

Die opstand laat die toorn van die HERE ontvlam: *Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik.* (Ps 2:4-5) Die HERE het Hom Self gesalf as Koning. *Ék tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. Ék tog* –dit beteken: maar Ek Self ... die HERE Self, die Vader. In Matteus 3:13-17 hoor ons van die salwing van Jesus toe Hy gedoop is deur Johannes die Doper.

In Ps 2:9 lees ons van die Messias dat Hy almal wat teen Hom opstaan (Ps 2:1-2), sal oordeel: *U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.*

Dat Christus die Koning is van vers 9, wat sy vyande soos 'n pottebakkerskruik verbrysel en hulle met sy ystersepter regeer, is sonder meer duidelik uit 'n teks soos Openbaring 2:26-27: En Hy sal hulle *regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel*, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. Uit die laaste woorde, *net soos Ek ook van my Vader ontvang het*, is dit duidelik dat die Vader die oordeel aan Hom gee, die gesag om die opstandiges te oordeel.

Ook op ander plekke in Openbaring word gepraat van Christus wat met 'n ystersepter of –staf regeer:

1. En sy het 'n manlike kind gebaar, *wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer*; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. (Openb 12:5)
2. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; *en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer*, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. (Openb 19:15)

Daarom kom die oproep in vers 12: *Kus die Seun*, dit wil sê onderwerp julle aan die Woord van die Seun, *sodat Hy* (= die Seun) *nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam*. Opstand teen die Seun is die onheilsweg, die weg wat vergaan. Ons vergaan op dié weg onder die toorn van die Seun.

Verwerping van die Evangelie is doodsake, 'n saak van die ewige dood.

19. Psalm 2: *Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil*

Psalm 1 en 2 is **inleidings** op die Psalmboek.

In hierdie twee Psalms kom **verskillende temas** aan die orde, wat ons deur die hele Psalmboek hoor. Verskeie temas word aangekondig.

In Psalm 2:12 lees ons: *Welgeluksalig is almal wat by Hom* (= by die Seun) *skuil!*

Skuil is ook 'n tema in die Psalms. Ons kan dit ook vertaal met *jou toevlug tot Hom neem*. Dit het alles te make met *vertrou*. En onthou: **óns** moet by Hom skuil en **óns** moet ons toevlug tot Hom neem. **Óns** moet op Hom *vertrou*. Dit is nou juis wat luister na die Woord beteken en inhou, waaroor in vorige dagstukke gepraat is. Om te skuil by die Seun, bepaal op watter pad jy is. Dit bepaal jou welgeluksaligheid.

Kyk maar hoe wyd verspreid die woord skuil (en verwante gedagtes soos *skuilplek*, *rots*, *toevlug*, *skild*, *bergvesting/fort* ...) in die 5 dele van die Psalms voorkom.

Ons kan gerus sê dat dit die groot saak is waaroor dit in die Psalms gaan: Dit gaan oor die Seun en om by Hom te skuil en hulle toevlug tot Hom neem: om by Hom te skuil in nood, om by Hom te skuil teen die vyand, om by Hom te skuil teen die oordeel van die HERE. Gaan kyk maar net na 'n Psalm soos Psalm 91. Lees en herlees dit. Psalm 91 is een van die baie kommentare op Psalm 2:12, 'n uitwerking van die tema *skuil*. Kyk maar na Psalm 91 in onderstaande tabel.

Ek het 'n tabel opgestel om te **laat sien hoe wyd verspreid die tema *skuil* en verwante woorde in al vyf boeke** van die Psalms voorkom. Ek noem weer die vyf boeke Boek 1: Psalm 3-41; Boek 2: Psalm 42-72; Boek 3: Psalm 73-89; Boek 4: Psalm 90-106; Boek 5: Psalm 107-150

Boek	Skuil חָסָה	Skuilplek/ toevlug מִחְסֵה/ מִחְסֵה	Rots צוּר	Skild מָגֵן	Rots- vesting מִשְׁבָּב	Skuil- plek סֶתֶר	Skadu- wee צֶל	Toe- vlug מַעוֹז	Berg- vesting מִצְוּדָה
Boek 1 Ps 3-41	2:12 5:12 7:2 11:1 16:1 17:7 18:3,3 1 25:20 31:2,2 0 34:9,2 3 36:8 37:40	14:6	18:3,32, 47 19:15 27:5 28:1 31:3	3:4 7:11 18:3,31, 36 28:7 33:20 35:2	9:10 18:3	18:12 27:5 31:21 32:7	17:8 36:8	27:1 28:8 31:3,5 37:39	18:3 31:3f
Boek 2 42-72	57:2 61:5 64:11 71:1	46:2 61:4 62:8f 71:7	61:3 62:3,7f 71:3	47:10 59:12	46:8,12 48:4 59:10,17f 62:3,7	61:5	57:2 63:8	43:2 52:9 60:9	66:11 71:3
Boek 3 73-89		73:28	73:26 78:15,20 ,35 81:17 89:27	76:4 84:10,1 2 89:19	94:22	81:8	80:11		
Boek 4 90-106	91:4	91:2,9 94:22 104:18	92:16 94:22 95:1 105:41			91:1 101:5	91:1 102:12 109:23		91:2
Boek 5	118:8f	142:6	114:8	115:9ff	144:2	119:1	121:5	108:9	144:2

5	141:8		144:1	119:114		14	144:4		
107-	144:2			144:2		139:1			
150						5			

20. Psalm 34:6. Die gebed: aanskou die HERE en straal van vreugde

Die uitwerking van gebed word ook op jou gesig gesien, gereflekteer. Gebed gee stralende blydskap.

Toe Hanna met 'n gesig vol verdriet om 'n seun gebid het daar in 1 Samuel 1, het Eli vir haar gesê: ***Gaan in vrede, en mag die God van Israel jou bede gee wat jy van Hom gebid het.*** (1 Sm 1:17). Dan hoor ons: Die vrou het toe daar weggegaan, en sy het geëet en ***haar aangesig was anders.*** (vers 18). Dit was die vrug van God se aangesig soek en sien in die gebed: ***haar aangesig was anders.***

Van Dawid hoor ons iets dergeliks. In sy nood het hy tot die HERE gebid het: Ek het die HERE gesoek (= ernstig gesoek in die gebed), en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered. Hulle het Hom aangesien (in die gebed) en ***gestraal van vreugde***, en hulle aangesig hoef nie rooi van skaamte te word nie. (Ps 34:5,6) Die ***teenoorgestelde*** van 'n stralende aangesig is ***'n aangesig rooi van skaamte***, omdat jy teleurgesteld is, omdat jou gebed nie verhoor is nie. Maar vir Dawid-hulle sê die HERE met nadruk: ***Hulle aangesig sal*** (beslis) ***nie rooi van skaamte word nie*** – so kan ons dit beter vertaal.

Wonderlik hoe die gebed beskryf word: ***Hulle het die HERE aangesien.***(vers 6) ***Soek my aangesig***, staan daar op 'n ander plek. (Ps 27:8) en ook hier in Psalm 34:5: Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord.

Die HERE het Dawid se gebed heerlik verhoor: Hierdie ellendige het geroep, en die HERE het gehoor, en Hy het hom uit al sy benoudhede verlos. (Ps 34:7). Die verhoring was: Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit. (34:8). Die Engel van die HERE is Christus.

Wie dink nie hierby aan die geskiedenis van 2 Konings 6:14-17 nie: Toe die dienaar van Elisa die leër van Aram rondom Dotan gesien het en so bang was. Daarop het Elisa hom geantwoord: Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is. En Elisa het gebid en gesê: HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa.

Wie om Christus en sy werk bid, ernstig daarna soek en vra, hy ontvang dit op sy gebed en - sy gesig straal van blydskap.

Met hoeveel stralende blydskap kan ons nie die Onse Vader bid nie – daardie gebed, wat een groot roep is om die volmaakte, vreugdegewende besit van Christus en sy werke. Gebed verander jou voorkoms.

Jesaja (hoofstuk 60) sien die finale heerlikheid (verlossing) van die kerk en dan skryf hy van die volk van die HERE: ***Dan sal jy dit sien en straal van vreugde***, en jou hart sal ontroer en verruim word. (Jes 60:5)

21. Psalm 3 (1): Die Een is meer as die baie

In Psalm 3 begin die stryd teen die Messias, die opstand waarvan Psalm 2 profeteer.

Dawid is in hierdie Psalm **tipe** van (**heenwysing na en afbeelding van**) Christus. Sy troon word bedreig deur Absalom. Dié rewolusie is dus niks anders as opstand teen Christus self nie.

In hierdie Psalm gaan dit om ‘n aanslag van binne-uit: kerkmense, Absalom en sy volgelinge, kom in verset teen Dawid, die messias van die HERE. Dit gebeur vandag nog: die aanslag teen Christus kom nie net van buite, van die kant van heidene nie, maar ook van die kant van kerkmense, wat nie werklik glo nie.

In vers 2-3 word driemaal die woord **baie** gebruik: “o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig (= **baie** geword)! **Baie** staan teen my op. **Baie** sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie. Sela.”

Dit is dus duidelik: die teenstand was **baie groot**. Ons moet die erns van die situasie en die afmeting van die opstand nie onderskat nie.

Die groot vraag is: Wat doen Dawid onder hierdie benouende omstandighede? Hy loop nie en tob daaroor nie. Hy probeer dit nie self dra en hanteer nie, maar hy sê dit vir die HERE: “o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig ...”. Hy lê sy nood deur die gebed in die HERE se hande. As hy kla, kla hy by die HERE. Dit is die besondere van die Klaagpsalms in die Bybel: dit is nie maar net ‘n geklaag in die algemeen en in die lug (om dit nou maar so te sê) nie, maar dit is ‘n geklaag tot God.

Ons tree so dikwels anders op. Ons probeer self iets aan ons nood doen. Ons probeer om self dinge in ons lewens en in die kerk reg te maak. Teenoor die probleme in kerk en samelewing stel ons **óns** aksies, **óns** beswaarskrifte, **óns** dit en dat. Maar bid, eers na die HERE toe gaan – dit doen ons nie.

In vers 4 stel Dawid teenoor die baie iets, nee, Iemand Anders: “Maar U, HERE ...”. Ons kry ‘n skerpe kontras: “**Maar U ...**” Die U staan daar om nadruk te lê: baie, maar U.

Hy weet: hierdie Een is meer as die baie.

Dawid weet (v 4):

- by hierdie Een is hy veilig (**U is ‘n skild rondom my** – so staan dit daar letterlik);
- by hierdie Een is sy koningskap gewaarborg (**U is my eer** – die Een wat my die eer van die koningskap gee. Dit kom nie uit mensehande nie en word nie bepaal deur mensehande nie);
- by hierdie Een is die oorwinning verseker (**U is die Een wat my hoof ophef** – die oorwinning skenk).

“Baie **staan** teen my **op**“. Dawid bid dat die HERE teen hulle sal opstaan: “**Staan op, HERE; verlos my, my God!**”

Dawid doen wat hy in Psalm 2:12 leer: hy skuil by die HERE. Dit is wat gebed is: skuil by (vertrou op) die HERE.

Die gelowige gebed bring heerlike rus. Dawid kon rustig slaap (Ps 3:6). Dit was die vrug van sy gelowige, vertrouensvolle gebed.

Slaap u lekker?

Indien nie: het u miskien vergeet om te bid? Of het u dalk gebid sonder werklike vertroue, sonder waaragtige oorgawe?

Of glo u miskien nie in die oormag van die Een oor die baie nie? Staar u u blind teen die oormag van die meerderheid, sonder om die almag en beloftes van die HERE te sien?

22. Psalm 3 (2): Staan op, verlos my

Die Psalms is so mooi. Alles hang so pragtig saam en in die samehang is soveel lering.

Kyk nou maar na Psalm 3 en woorde soos **staan op** en **verlossing**. Hierdie twee woorde is die **kernwoorde** van hierdie Psalm:

- **Staan op** word 2x gebruik:
- In vers 2 sê Dawid in die gebed vir die HERE: Baie **staan** teen my **op**.

Die teenstand teen hom was enorm groot, maar wat doen hy daaraan? Hy sê dit vir die HERE.

- Baie **staan** teen Dawid **op** (v 2). Sy antwoord daarop is om tot die HERE te bid: **Staan** (U) **op**, HERE; verlos (U) my, my God! (v 8)

Dawid staan nie self op nie, maar hy vra dat die HERE sal opstaan. Vgl. Ps 68:1 (berymd – Totius): Die HEER sal opstaan tot die stryd

Staan (U) **op**, HERE - dit is 'n strydkreet. Of nog liever: 'n strydgebed. Dit was die gebed van Moses as die Israeliete laer opbreek en die ark van die HERE voor hulle begin uittrek. Dan het Moses gebid: **Staan op, HERE, dat u vyande verstrooi kan word en u haters voor u aangesig kan vlug** (Num 10:35). Dan stry **Hý** vir sy volk.

- **Verlossing** kom 3x voor:
- Dawid se teenstanders sê vir hom: Daar is geen **verlossing** (heil) vir hom by God nie.

Dit is die heel ergste versoeking wat daar is: God het jou verlaat; Hy sal jou nie help nie. Spurgeon skryf: As alle beproewings uit die hemel, as alle versoekings uit die hel en as alle kruise wat opkom uit die aarde gemeng en saamgepers sou word in een, sal dit nog nie so erge beproewing wees soos hierdie een nie. Dit is die bitterste beproewing om verlei te word om te vrees dat God jou nie sal help nie.

Dit is hierdie versoeking wat Jesus aan die kruis moes verdra, toe hulle vir Hom gesê het: Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou **verlos** as Hy behae in Hom het (Mt 27:42, 43).

- Teenoor die vyand se hoon dat die HERE hom nie sal verlos nie, antwoord Dawid afhanklik-gelowig: Staan op, HERE; **verlos** my, my God!

En dan voeg hy daarby: Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan; U het die tande van die goddelose stukkend gebreek. Hy stel die oorwinning van die HERE oor sy vyande, sy verlossing, **in die verlede tyd** – so seker is hy dat die HERE hom sal verlos.

Let op dat Dawid ongeag die vyand se aanspraak dat hy geen verlossing by God het nie, die HERE **my God** noem en met die Naam **HERE**, troue VerbondsGod dus.

So roep Jesus ook aan die kruis: **My God, My God ...** (Mt 27:46).

- In vers 9 sê hy: Die **verlossing** (heil) behoort aan die HERE.

Dit is Dawid se belydenis.

Dit is die hoofsaak en die inhoud van die Calvinistiese leer. Dit is die groot leerstuk van die Woord: Ons verlossing is net die HERE se werk.

Dit moet ons ook onthou in ons tyd, waarin die kerk so onder druk is.

23. Psalm 4: Gebed om die lig van die HERE se aangesig

Psalm 4 is gedig in die selfde tyd as Psalm 3. Dit was toe Dawid moes vlug vir sy seun Absalom.

Dit was vir die groepie lojales wat Dawid gevolg het op sy vlug 'n moeilike tyd. Die opstand van Absalom was groot. **Baie** het teen Dawid opgestaan, sê hy in Psalm 3:2..

Dit het die klein groepie by Dawid moedeloos gemaak. Hulle skouers het gehang. In vers 7a lees ons wat Dawid se klein groepie aanhangers gesê en gedink het: **Baie sê: Wie sal ons die goeie laat sien?** Wie kan onder sulke omstandighede help? Alles het uitsigloos gelyk. Letterlik staan daar: **Baie het bly sê**, baie het aanhou dink

Wat doen die herder Dawid dan? Dan praat hy nie met die skape nie, maar – hy praat met GóD. Hy bid tot God: **Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE!** Dit is 'n samevatting van die priesterlike seën uit Numeri 6:24-26: **Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.**

As ons die seën van Numeri 6 met aandag lees, sal ons presies weet waarvoor Dawid bid in hierdie seën en wat die seën inhou: Die HERE sal ... **jou seën en jou bewaar**; die HERE sal ... **jou genadig wees**; HERE sal ... **aan jou vrede gee**.

Dawid weet dat, al moet ons alle ander dinge mis, juis dít die belangrikste is: die HERE, die troue Verbondsgod, se **seën, bewaring, genade en vrede**. Dan het jy alles – as jy Hom het, as die lig van sy teenwoordigheid oor jou skyn. So laat die HERE ons ondanks alles **die goeie sien**.

Hierdie lig van die HERE se nabyheid het Dawid **so bly gemaak**. Daarom laat hy op die bedevolg: **Groter vreugde** het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is. Absalom en sy manne het oorvloedig koring en mos gehad, terwyl die vluggende Dawid en sy manne skynbaar gebrek gehad het. En tog het Dawid en sy makkers meer gehad as Absalom en sy manne. Hulle het die lig van die HERE se aangesig gehad. Dit

is **groter vreugde**. Die groter vreugde het Dawid ook al ervaar in die verlede – daarom staan dit in die verlede tyd. Hy beroep hom ook nou op die God van die verlede en vertrou op die God van die verlede in die hede van hulle druk.

In vers 8 sien ons die vrug van die gebed van Dawid: **Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon**. In vers 8 sien ons die **vrede** en **bewaring** (in veiligheid woon) van Dawid se gebed om die priesterlike seën gestalte vind.

Dit moet ons ook altyd en onder alle omstandighede onthou: Wie die HERE het, wie in die lig van sy aangesig mag leef, het alles, al moet jy alle ander dinge mis.

Kyk na die woordspeling in vers 2: In benoudheid (letterlik: in die **engte** van Absalom se bedreiging) het U vir my **ruimte** gemaak, die ruimte van die lig van u aangesig: u **seën**, **bewaring**, **genade** en **vrede**. Dít is ruimte, lewensruimte. Dit is **die goeie**.

Met die gebed om genade begin die Psalm en daarmee eindig dit: Dawid slaap gerus, in vrede, bewus van die HERE en sy genade.

Hierdie Psalm moet ons as Nuwe Testamentiese kerk so ryklik troos en verbly. Omstandighede in ons lewens en in die kerk kan so uitsigloos lyk, die kans op uitkoms so bitter min. As die meerderheid, die oorwig, teen ons is, wie kan dan help? Baie dink so en sê dit ook. Maar vergeet tog nie: Ons het die Opperherder van die skape, die groot Voorbidder, wat vir ons bid (Joh 17). Deur sy Voorbidding het ons die lig van God, het ons God Self, het ons die lig van sy aangesig, wat oor ons skyn: sy seën, bewaring, genade en vrede. Daarom, klein kudde, waarom so onrustig? Gaan slaap in vrede. Die kerk is veilig.

24. Psalm 5 (1): Gebed die eerste item op ons dagprogram

'n Môre-gebed – dit was **nommer een op Dawid se dagprogram**. Dit moet ook die eerste item op ons dagrooster wees.

Luther het op 'n keer gesê: As hy 'n baie besige, moeilike dag voor hom het, het hy nie een uur nie, maar juis twee ure aan die gebed afgestaan. Ons doen die omgekeerde: As ons baie besig is, sny ons juis aan ons omgang met God. Wie het vandag in die oggend nog ruimte vir Skrifstudie en gebed in ons gejaagde tyd? Wie bid nog ernstig aan die begin van elke dag?

Dawid daarenteen bid 'n hartstogtelike oggend-smeekgebed. Dit is meer as 'n gebed net met woorde. Dit het gepaardgegaan met **versugting** en **gekreun** (vers 2). Dit is duidelik dat sy nood groot was.

Die agtergrond van hierdie gebedspsalm was dat Absalom besig was om rewolusie te organiseer teen Dawid, die gesalfde van die HERE (Ps 2). Die vyande was daarom vyande van die HERE en sy groot Gesalfde, Christus, wat Dawid afbeeld.

Onder hierdie omstandighede bid Dawid: **In die môre, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag**. Die woord **voorlê** is offertaal – die priester wat die hout en die dier **voorlê** of **rangskik** voor God. Gebed is offer; gebed is om met die offer van ons lippe in die teenwoordigheid van God te kom. Gebed is **voorlê** en **afwag** (met sekere verwagting).

Dawid **hét toegang** gehad tot sy Here en sy God.

Van die goddelose daarenteen skryf Dawid vers 5 en 6 dat hulle **géén toegang** tot God het nie: **Die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie. Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie** (Vgl 1:5: die sondaars sal nie bestaan/staan in die vergadering van die regverdiges nie.) Hulle sal in die teenwoordigheid van die HERE nie kom nie.

Let daarop dat die goddelose nie in God se teenwoordigheid mag kom nie. Maar was Dawid nie eweneens 'n sondaar nie? Van die goddelose sê Psalm 5:10: **Hulle keel is 'n oop graf; hulle maak hul tong glad.** Maar in Romeine 3:13 word hierdie selfde woorde op alle mense toegepas – ook op Dawid en ons.

Maar hoe sal Dawid – self ook sondaar – dan wel in die teenwoordigheid van die HERE kan en mag kom?

Dit sê hy in vers 8: **Maar ek, deur die grootheid van u goedertierenheid mag ek in u huis ingaan, my buig na u heilige tempel, in u vrees.** Met die **grootheid** van God se **goedertierenheid** van God bedoel hy: die grootheid van sy Koning en sy God se verbondsliefde (goedertierenheid) in Christus. Moet die woord **grootheid** nie miskyk nie. God se genade in sy Seun is groot.

Wat kan Dawid en ons beter – en noodsaakliker - in ons gebedsoffer bring as die offer van Christus? Sy offer alleen verleen toegang tot God en ook die heerlikste en mees vaste sekerheid van verhooring.

Daarom weet Dawid dat sy gebed verhoor sal word en dat hy beskerm sal word teen die vyandelike aanslag teen hom. Daarom kan hy sy gebed in vers 12 en 13 met geloofsblydskap en sekerheid eindig: **Maar laat hulle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet. Want U seën die regverdige, o HERE, U omring hom met welbehae soos met 'n skild.** Hier het ons weer die woord **skuil** van Psalm 2:12.

25. Psalm 5 (2): 'n Gebed wat oorloop van sekerheid en vertrou

Die eerste wat Dawid in die oggend gedoen het, was om te bid. So hoor ons in Psalm 5.

Dit is duidelik dat dit 'n **dringende gebed**, dat die nood groot is: **Gee aandag aan my gesug** (gekreun) (v 2), **gee aandag aan my roep** (skreeu) **om hulp** (v 3).

Maar die gebed van Psalm 5 is **óók 'n gebed wat oorloop van sekerheid.**

Die sekerheid word reeds in die aanspreekvorms uitgedruk:

- Twee maal spreek hy die HERE in vers 2 tot 4 aan as **HERE**. Dit is die Verbondsnaam. Daarmee sê hy: HERE, U het tog 'n verbond met my gesluit.
- Daarby noem hy Hom **my Koning en my God**. Die klein woordjies **my** is groot van belangrikheid. Dawid roep nie tot 'n onbekende, onpersoonlike God nie, maar tot **mý** Koning en **mý** God. Die Koning en God wat met hom 'n verbond opgerig het. Die **my** spreek van vertrou. Dit is wat Thomas ook na Jesus se opstanding vir Hom gesê het: **my Here (Koning) en my God** (Joh 20:28)

Mý, om te sê **mý**, HERE U is **mý** Koning en **mý** God – dit is woorde wat die HERE in ons mond en hart moet lê. Uit jou eie sê ‘n mens dit nie. Deur die Heilige Gees alleen is ons instaat om te sê: Here Jesus, U is **my** Koning en **my** God, U het gesterf en U het dit ook vir **mý** gedoen.

Die goddelose mag nie – wil trouens ook nie - tot die HERE nader nie. Dawid daarenteen het heerlike sekerheid: **Maar ek, deur die grootheid van u goedertierenheid mag ek in u huis ingaan, my buig na u heilige tempel, in u vrees.** Die **maar ek** staan daar met nadruk en as teenstelling: **maar ek** in teenstelling tot die goddelose.

En dan onthul hy die geheim waarom hy wél mag nader tot die HERE: Maar **ék, deur die grootheid van u goedertierenheid** mag ek in u huis ingaan. Dit is die grootheid van die HERE se goedertierenheid (=genadige verbondsliefde) in Christus. Hierin lê sy rede, sy vrymoedigheid om te kan bid: **mý** Koning en **mý** God.

Dit moet ons opval opval, is dat Dawid nie sy vroomheid as rede aanvoer, waardeur hy wel in God se teenwoordigheid mag kom nie. O nee, Dawid weet dat hy dit self ook verbeur het deur sy sonde. Maar hy weet van die grootheid van die HERE se genade: Ek mag in u huis kom ... **deur die grootheid van u goedertierenheid!** Die goedertierenheid, die liefde van die HERE word as groot beskryf.

Vir die goddelose wag daar slegs oordeel: **Verklaar hulle skuldig, o God! Laat hulle val deur hul planne; dryf hulle weg oor die menigte van hul oortredinge, want hulle is wederstrewig teen U.** (v 10). Wat ’n smart.

Van die gelowige **daarenteen** bid Dawid: **Maar laat hulle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet. Want U seën die regverdige, o HERE, U omring hom met welbehae soos met ’n skild.** (vv 11-12). Op die noot van sekerheid en sekere veiligheid eindig Dawid sy gebed - met ’n gejubel en gejuig.

Weer hoor ons die woordjie **skuil** van Psalm 2:12. Wie steun op die grootheid van die HERE se goedertierenheid, wie vir Jesus sê my Koning en my God – **hý** skuil by God.

Toe Luther na Augsburg op pad was om voor kardinaal Cajetanus te verskyn, het een van Cajetanus se knegte spottend vir Luther gesê: “Waar sal jy skuiling vind as jou beskermheer, die keurvors van Sakse, jou in die steek laat?” Daarop het Luther geantwoord: “Onder die skuilplek van die hemel”. Dit was Dawid se skuilplek. Laat dit ook ons skuiling wees. Daar is geen sekerder skuilplek as dit vir ’n gelowige nie.

26. Psalm 6 (1): Die eerste van sewe Boetpsalms

In die Boek van die Psalms is daar 7 Psalms wat al vir eeue bekendstaan as **Boetpsalms**.

Psalm 6 is die eerste in die ry. Die ander ses Boetpsalms is Psalms 32, 38, 51, 102, 130 en 143.

’n Boetpsalm is ’n Psalm waarin ’n bekeerde sondaar met sy hemelhoë skuld na God toe gaan: Dáár - voor die HERE – bely hy sy ontsaglike groot sondes. Maar Boetpsalms is óók Psalms waarin die sondaar tot die HERE roep om sy vergifnis. Die Psalmdigters bely hulle

kleinheid en jubel oor die grootheid van God se genade – tot eer van God alleen en van sy Lam.

Dit alles sien ons ook so mooi in Psalm 51. Dit is die Psalm wat Dawid gedig het na sy sonde met Batsaba. Toe het die HERE hom deur sy profeet Natan en deur die krag van sy Woord oortuig en Dawid het bely: Ek het teen Ú ootree en nie maar net teen mense nie. Toe het Dawid geroep, toe het hy gepleit om God se genade en barmhartigheid, toe het hy gebid dat die HERE uit genade sy sondes nie sal straf nie.

Bid u dit ook: HERE, my sondes is só groot, ek het u genade só nodig? Vergewe my hemelhoë skuld alleen om Christus wil.

Die negentiende eeuse teoloog **HF Kohlbrugge** het ‘n reeks preke oor Psalm 51 gehou. Wat hy daar aan die begin van sy preek oor Psalm 51 skryf, sal ek nooit vergeet nie. Hy skryf naamlik: Psalm 51 staan bekend as ‘n Boetpsalm. En, sê hy, Psalm 51 kan maar die naam behou. Maar as ek die woorde van Jesus lees in Lukas 15 (vv 7,10), in die gelykenis van die verlore skaap, as ek daar lees: so is daar blydschap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer - as ek daaraan dink, verstaan ek waarom die Heilige Gees hierdie Psalm nie ‘n Boetpsalm noem nie, maar ‘n **Psalm. Psalm beteken immers: ‘n loflied op God se genade.** Want elke keer **as die engele hierdie Psalm hoor**, sê hulle: Wat ‘n koninklike lied! Hoe verheerlik hierdie klanke nie die ewige God nie!

Hierdie kommentaar van Kohlbrugge op Psalm 51 belig ook die ander Boetpsalms en dan ook Psalm 6. Daarom het ek dit as noodsaaklike inleiding op die komende stukke oor Psalm 6 geag.

Gebrek aan lofprijsing op God se genadewerke het altyd alles te make met gebrek aan selfkennis, sondekennis. Genadekennis laat jou jubel. In die Boetpsalms gaan dit oor waaragtige sondekennis en genadekennis. Daarby breek die Evangeliewoord ons lippe daarvoor oop. Die Evangelie alleen laat en maak ons sing. Sonder Christus sal die Boetpsalms altyd onbegryplik wees.

27. Psalm 6 (2): Straf my soos ‘n Vader

Psalm 6 begin met die gebed van Dawid: o HERE, straf my (maar nie) **nie in u toorn nie**, en kasty my (maar nie) **nie in u grimmigheid nie**. Die nadruk is op die **nie in u toorn nie** en **nie in u grimmigheid nie**. Dawid bid dus dat die HERE hom vaderlik sal tuggtig en nie soos ‘n streng regter (= in toorn, in grimmigheid) nie.

Luther skryf in sy preek oor Psalm 6: God straf op twee maniere:

- Die een manier is dat hy as vriendelike Vader in genade tydelik straf;
- Die ander manier is dat hy as streng Regter in toorn ewig straf.

Daarom skryf Augustinus ook: O God, verdruk maar hier (= hier, aan hierdie sy van die graf – AHB), tref maar hier, slaan maar hier; maar slaan ons nie (eenmaal, in die hiernamaals – AHB) vir ewig voor u regterstoel nie.

Dit sal nie goed wees as God ons nie vaderlik tuggtig nie. Dit weet die Nuwe Testament ook, want die Hebreër-brief (12:5-7) sê: **En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot**

julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?

Dit is verder belangrik om te sien dat Dawid nie vaskyk teen wat mense, vyande, hom aandoen nie, maar dat hy agter die vyandsopptrede die Vader se slaanende hand erken, wat deur die hand van vyande ons tereg wys.

Dit is treffend dat Dawid ondanks die HERE se tugtiging nogtans roep tot die HERE. Agt maal weerklink die Naam HERE in hierdie Psalm ; vyf maal roep hy die Naam van die HERE aan in die eerste vyf verse.

In vers 3 bid hy om verlos te word van die straf: ***Wees my genadig, HERE, want ek is verswak; maak my gesond, HERE, want my gebeente is verskrik.*** Let op die ***wees my genadig, HERE.*** Dawid weet dat hy die straf verdien het. In homself vind hy geen gronde waarom die HERE moet ophou met die straf nie. Hy kan alleen pleit: uit genade, HERE, om Christus wil. God se genade is die enigste, maar ook die sekerste grond waarop hy kan staan. Daardie genade kan ons so spel: C-H-R-I-S-T-U-S. In Christus is al God se genade saamgevat.

Die HERE slaan Dawid in die arms van Christus. Dit is die resultaat van die vaderlike tugtiging. Met die tugtiging het die Vader altyd die heel beste met ons op die oog: Hy bring ons by sy Christus en sy genade in Christus. Die Vader gee sy kinders 'n salige pakslae.

28. Psalm 6 (3): Vir my is die lewe Christus

Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins. (Fil 1:21) Met hierdie woord sê Paulus wat vir hom die sin van sy lewe, die **doel** van sy bestaan was: Christus, om Hom te verheerlik, om God te prys vir sy werk in sy Seun.

Dit is ook presies waaroor dit vir Dawid in Psalm 6 vers 5 tot 6 gaan: ***Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil. Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?***

Kom ons luister daarom saam met aandag na hierdie woorde van Dawid in vers 5 en 6.

Red, verlos my HERE, sê Dawid ***om u goedertierenheid ontwil.*** Ek wil dit liever so vertaal: ***ter wille van u genadige verbondsliefde.*** Die ***ter wille*** van dui die doel aan waarom die HERE hom moet red. As die HERE hom red, sal dit dien tot verheerliking en lofprysing van die HERE.

Daarom wil hy ook bly leef: om dit te kan doen. Red, verlos my sodat (ter wille van = met die doel dat) ek u goedertierenheid kan gedink en u kan loof daarvoor.

Met die ***want - want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?*** – gee hy die rede aan hoekom hy wil bly leef en nié wil sterf nie: want as hy in die graf is, kan hy nie meer in die kerk kom nie, as hy sterf, kan hy nie meer daar in die vergadering van die lewendes God loof vir sy ***genadige verbondsliefde*** nie.

HERE, as U my red, kan ek u goedertierenheid verkondig, soos dit gestalte vind in my redding.

Daar is geen beter kommentaar op die Bybel en ook op hierdie gedeelte nie as die Skrif self nie. Ek dink veral aan Psalm 9:14-15. Daar bid Dawid: Wees my genadig, HERE, aanskou my ellende vanweë my haters, U wat my verhef uit die poorte van die dood; sodat ek al u roemryke dae kan vertel, in die poorte van die dogter van Sion kan juig oor u heil.

Hoor u dit in Psalm 9? **Daarom** verlos die HERE Dawid uit die poorte van die dood, **sodat** hy al die roemryke dae van die HERE kan vertel en in die poore van Sion kan juig oor sy verlossing.

Dit is mos presies waarom Paulus ook nog in die lewe wou bly, ter wille van Christus se lof in die kerk van Filippi: ... *as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid* in die gemeente (Fil 1:22), sodat *Christus ... groot gemaak sal word in my liggaam*, dit wil sê ook in my lewe (Fil 1:20).

29. Psalm 6 (4): Monumente van die HERE ter nagedagtenis

Dit gaan vandag oor drie woorde: goedertierenheid, gedagtenis en loof. Die drie hoor ons in vers 5 en 6: ... verlos my om u *goedertierenheid* ontwil. Want in die dood word aan U nie *gedink* nie; wie sal U *loof* in die doderyk?

Ons as mense is gewoon daaraan om monumente vir ons volkshelde op te rig. Die doel van die monumente is: **nagedagtenis**. Ons rig die monumente op, sodat ons en ons nageslag sal **dink aan** die groot dae van ons helde.

Die HERE het ook sulke monumente opgerig. Ons kan sê: sy dae, sy verlossingswerk in Christus, is monumente van die HERE. Die Woord is een groot monument van God se dae. Sy werke in Christus is vir ons opgeteken in die Bybel ter **nagedagtenis**. Ons moet daaraan **dink**.

Die woordjies **nagedagtenis**, **gedagtenis** en **dink** in die Bybel is ryk woorde. Gedink is meer as om maar net in jou gedagtes of in jou binnekamer daarvoor te dink. Dit gaan in die gedagtenis oor 'n **in die publiek dink** aan die dae van die HERE. In die woordjies dink en gedagtenis lê ook die gedagte van **lofprysing** opgesluit: om God in die openbaar in die samekoms van die gelowiges te prys vir sy dae.

In die woord *goedertierenheid* het ons 'n samevatting van die monument van die HERE. Dít is waaraan ons moet dink en waarvoor ons die HERE moet loof: vir sy goedertierenheid. Sy goedertierenheid is eenvoudiger vertaal: sy genadige verbondsliefde en lojaliteit in Christus.

In Christus aanskou ons God se goedertierenheid. In Johannes 3:16 word God se goedertierenheid of genade kort en kragtig saamgevat: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê*. Daarin sien u die HERE se monument. Daaraan moet u altyd dink. Daarvoor moet u die HERE loof.

30. Psalm 6 (5): nogeens goedertierenheid en gedagtenis

Die woorde goedertierenheid en gedagtenis is so ryk, dat ek my gedring voel om nog 'n oordenking daaraan te wy. Dit gaan vir my nou veral om die lyne na die Nuwe Testament.

In Johannes 1:14 skryf die apostel: En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon —en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van *genade* en waarheid.

Die woord *genade* is 'n vertaling van *goedertierenheid* in die Ou Testament.

Goedertierenheid het ek in vorige stukke verduidelik, is eenvoudiger vertaal God se genadige verbondsliefde en lojaliteit jeens ons. Ons moet die klem ook lê op die *genade*: genadige verbondsliefde en lojaliteit. Uit genade, om Christus, wil is die Here lojaal teenoor ons. Ons het dit nie verdien nie. Sy genade in Christus is en gee die sekerheid van sy liefde en goedertierenheid.

En nou die woord gedink of *gedagtenis*:

In 1 Korintiërs 11:23-28 sien ons die inhoud van daardie gedagtenis : Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my *gedagtenis*. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my *gedagtenis*. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

Die inhoud van die gedagtenis aan die Nagmaaltafel is Christus se liggaam wat vir ons gebreek en sy bloed wat Hy vir ons vergiet het. Nagmaal is ook 'n monument van God waardeur ons herinner aan sy daad in sy Seun. Ons **dink** aan wat God gedoen het: Neem, eet, **gedenk** en glo ...

Dit is ook nie 'n stil *gedagtenis* nie, maar aan die tafel **verkondig** ons in die gemeente wat Hy ook aan ons gedoen het.

31. Psalm 6 (6): die gebed van 'n regverdige het groot krag

Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag, skryf Jakobus (5:16).

Waarom dit so is dat die gebed van 'n gelowige soveel krag het, verduidelik Jakobus aan die hand van die voorbeeld van Elia (5:17): **Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie**. Wat was so besonders aan die gebed van Elia? Hoekom het dit soveel krag gehad? Die antwoord is: Omdat Elia hom in sy gebed op God se eie Woord beroep het (vgl Deut:28:23-24).

In Psalm 6 vers 9 kry ons 'n ommekeer in die Psalm. Driemaal sê Dawid dat die **HERE** sy gebed verhoor het: ... **die HERE het die stem van my geweene gehoor. Die HERE het my smeking gehoor; die HERE neem my gebed aan**.

Hoe het Dawid geweet dat die HERE sy gebed verhoor het? Hoe kon hy so seker wees daarvan? Het 'n profeet dit vir hom gesê?

Ons sal die antwoord moet gaan soek in die Psalm self, in vers 1 tot 8. Dawid se gebed was naamlik soos die gebed van Elia 'n steun op die HERE se eie Beloftewoord. Ook Dawid het hom op die HERE se eie Woord beroep. In vers 5 byvoorbeeld beroep hy hom op die HERE se *goedertierenheid, sy genadige verbondsliefde en trou*. So het God Hom immers aan Moses en aan Dawid self geopenbaar: as HERE wat goedertieren, vol van genadige verbondsliefde en trou is (Eks 34:6-7. Sien ook 2 Samuel 7:15 en 22:51).

Omdat Dawid hom met 'n opregte hart beroep het op God se eie Beloftewoord van genade en goedertierenheid, was hy seker van verhooring. Die sekerheid lê in die seun op die Woord alleen. Dit maak Dawid se gebed 'n vurige, ernstige gebed, soos Jakobus die gebed van Elia beskryf.

32. Psalm 6 (7): 'n vloeistofgebed, maar nie krokkediltrane nie

In Psalm 6 word daar gehuil. *Ek is moeg van my gesug*, huil Dawid. *Elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bed met my trane. My oog het dof geword van verdriet; dit het swak geword vanweë al my teëstanders*.

Daar word so gehuil, dat Spurgeon praat van 'n vloeistofgebed, 'n gebed van trane.

Meermale in die Bybel gaan die twee saam: gebed en trane.

Oor verskillende sake word daar in die gebed gehuil. Dawid huil oor die toorn van God; die digter van Psalm 42 (v 4) stort trane, omdat sy vyande spottend vir hom vra waar sy God nou is; en Hannah ween in haar gebed, omdat sy geen kind het nie (1 Samuel 1:10).

Gebed en trane sien ons ook by ons Here Jesus Christus. Hebreërs 5:7 skryf dat Christus in die dae van sy vlees gebede en smeking met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs.

Die HERE is nie doof en blind vir ons trane nie. Inteendeel, in Psalm 56:9 sê Dawid: U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?

Nou moet ons nie dink dat ons trane 'n vloeistoffer is, waardeur ons gered word nie. Wel word ons gered deur die gebed en trane en bloed van ons Middelaar.

Vanselfsprekend mag ons trane in ons gebed nie krokkediltrane wees nie. Dit moet opkom uit 'n gelowige hart. So moet daar ook 'n hartlike droefheid oor ons sonde en oor die toorn van God wees.

33. Psalm 9 (1): Die Naam is die inhoud van Psalm 9 en van die hele Bybel

In Psalm 9 hoor ons tweemaal die woord *Naam*: ek wil psalmsing tot eer van *u Naam*, o Allerhoogste, (Ps 9:3); hulle wat *u Naam* ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE! (Ps 9:11)

Die woordjie *Naam* vat die kern van Psalm 9 saam. Dit gaan in hierdie Psalm oor die Naam. Trouens die inhoud van die hele Bybel is die Naam van God. Die Bybel is die boek oor die Naam van God. Daarmee is gesê hoe belangrik die woord Naam is en dat u beslis moet weet wat die Bybel met Naam bedoel.

Juis in verband met die woord Naam en die verklaring van Psalm 9 wil ek julle in hierdie dagstuk wys hoe belangrik dit is om 'n woord en 'n Psalm in hulle **verband** te sien. Daar is 'n besondere samehang, 'n besonder verband tussen die Psalms. Die Psalms is nie sommer net so op een hoop, ongeordend, bymekaar gegooi nie. Die een Psalm hang met die volgende en die vorige saam en elke Psalm is deel van die groter geheel van die Psalms.

Om daarom 'n woord en 'n Psalm reg te verstaan en te kan verklaar, is dit absoluut nodig om met hierdie verband rekening te hou.

Wie 'n konkordansie raadpleeg, sal sien dat daar verskeie kere in die Psalms van die *Naam* gepraat word. Ek gaan my egter beperk tot drie Psalms: Psalm 7, 8 en 9. Aan die hand van hierdie drie Psalms wil ek wys hoe belangrik die samehang van die Psalms is vir die uitleg van die Psalms en hoe 'n woord soos Naam duidelik word as jy die samehang in ag neem.

Psalm 7 eindig met die woorde: Ek wil die HERE loof na sy geregtigheid en die *Naam* van die HERE, die Allerhoogste, psalmsing. (v 18) Dit wil hy doen en dit doen hy dan ook inderdaad in die volgende twee Psalms: lofprysing van die Naam van die HERE. Sowel Psalm 8 as Psalm 9 gaan oor die lofsing van die Naam van die HERE. Hoor maar:

- Psalm 8:2: o HERE, onse Here, hoe heerlik is *u Naam* op die ganse aarde!
- Psalm 9:3: ek wil psalmsing tot eer van *u Naam*, o Allerhoogste.

Hoe lofsing hy die Naam van die HERE? Deur te sing oor die HERE se **dade**:

- Psalm 8 lofsing oor **die daad van HERE se skepping**. As klimaks lofsing hy in 5 tot 9 oor die skepping van die mens.
- Psalm 9 is 'n lofsang oor **'n daad van die HERE se verlossing**. Die HERE het opgestaan as Regter-Redder en sy volk van die vyand verlos.

Hierdie twee Psalms spel die HERE se Naam vir ons uit. Ons sien sy Naam in sy daad. In sy daad van Skepping en in sy daad van Verlossing leer ons sy Naam ken.

Kom ek stel dit so: As jy sing oor die HERE se Skeppingsdade en Verlossingsdade, dan is jy besig met die lofsing van sy Naam.

Dit is die hart van Christus se Psalms: lofprysing van God se daad. Ons sien sy Naam in sy daad. Dit moet die inhoud van al ons lofliedere wees: die daad van die skepping, die daad van die kruis, die daad van die opstanding, ensovoorts.

34. Psalm 9 (2): Die Naam, die Onse Vader en ons Kategismus

Dit is wonderlik hoe die Here 'n mens se pad lei ook in die verklaring van die Heilige Skrif.

Tans is ons mos besig met die Naam van die Here in die Psalms en die betekenis daarvan en ons het gesien: God openbaar sy *Naam* in sy werke of **dade**. Wie met die Here se daad besig

is, is besig met sy Naam en wie sy dade verkondig, is besig met lofprysing van die Naam van die Here.

En die afgelope Sondag was ek juis met my katkisanter besig met die Onse Vader en spesifiek die eerste bede: Laat U **Naam** geheilig word (HK 47:122). Die bede het ek behandel aan die hand van ons Heidelbergse Kategismus. En daar, in ons eeuë oue geloofsbelydenis, kry ek toe presies die verklaring van God se Naam soos die Psalms dit verklaar. Die Kategismus verklaar naamlik die bede **Laat u Naam geheilig** word so: **Gee ons eerstelik, dat ons U reg ken en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys; dan ook dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word.**

Het julle dit goed gehoor? As ons God reg ken en Hom **in al sy werke (dade)** heilig, roem en prys, dan is ons besig met die heiliging van God se Naam. **In al sy werke (dade)** skitter en straal sy almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid ons toe.

Ek wil graag twee dinge in verband met ons belydenis uitlig:

- In die eerste plek is dit duidelik dat ons Heidelbergse Kategismus die Skrif geken en nagespreek het.
- Tweedens leer ons hoe belangrik die belydenis is: **Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges**. Die manne van Heidelberg is deel van daardie gemeenskap van die heiliges en gemeenskap van die heiliges beteken: Ons het deel aan en ons moet gebruik maak van die Geestesgawes, wat God aan hulle gegee het. Die Heilige Gees het hulle deel van die liggaam van Christus gemaak, 'n deel van die liggaam, wat ons nie kan mis nie. Wie by hulle verbyloop, stap by die Heilige Gees self verby. Die Heilige Gees het hulle onmisbare gawes gegee.

Wat 'n mooi verklaring het ons nie van die Naam van die Here in hierdie uitleg van ons belydenis nie!

In al die werke van die Here sien ons **u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn**. Dit is kennis van die Naam: kennis van sy **almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid**.

35. Psalm 9 (3): Lofprysing is om te vertel van die HERE se wonderdade

Psalm 9 se eerste gedeelte (vv 1-13) is 'n **lofprysing**. Dit is 'n loflied, 'n lofprysing van die HERE se Naam, sy dade.

In vers 4 gee Dawid die rede (**omdat**) vir sy lofprysing: **omdat my vyande agteruitwyk, struikel en omkom van voor u aangesig**.

Die woorde **van voor u aangesig** is baie belangrik. Dit beteken: Hy het in sy heerlikheid verskyn. In vers 5 en verder word presies gesê wat hierdie verskyning beteken: Die HERE het op die troon gaan sit as Regter; Hy het die vyand laat omkom; Hy hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd.

1. Vir gelowiges beteken die verskyning van die HERE (die **voor u aangesig**) verlossing, vreugde.
2. Vir die vyande van God en sy volk daarenteen beteken die **voor u aangesig** oordeel en straf.

In antwoord op die heerlike uitredding deur die HERE dig Dawid hierdie loflied.

Nou weet u sekerlik: Dawid was 'n groot generaal. Hy was 'n krygsman by uitnemendheid. Wat egter opval in hierdie Psalm, is dat wat Dawid in die oorlog gedoen het, nie eens genoem word nie. Menslike krygsvernuf kom nie ter sprake nie. **Vir die Psalmdigter is die oorwinning van die HERE alleen.** Dit is Hy alleen wat sy volk verlos het. Daarom prys Dawid Hom alleen.

In die Psalm kan ons presies sien wat lofprysing is: om te vertel van die dade van God. In vers 2 spel Dawid dit vir ons uit: Ek wil die HERE loof met my hele hart; ek wil al u **wonders** vertel. Die betekenis van die woord **wonders** is: dade, werke, wat net die HERE alleen kan doen. **Wonders** is dade wat bo die normale, bo die menslik moontlike uitgaan. Met **wonders** word bedoel die HERE se magtige dade in die skepping en in die heilsgeskiedenis. Hy alleen doen wonders (Ps 72:18).

Uit Psalm 9 is dit duidelik dat dit die wil van die HERE is dat ons sal vertel van sy dade. Hy eis van ons lofprysing vir sy wonders.

In U wil ek bly wees en juig, sê Dawid (v 3). Die HERE en sy dade maak ons bly en laat ons juig. Lofprysing gaan gepaard met blydschap en gejuig. Daarvan weet die Nuwe Testament ook: **Verbly julle altyd in die Here ... Die Here is naby.** (Fil 4:4-5) Die woord **evangelie** beteken **blye boodskap**. Dit is ook nie 'n wonder nie. Die dade van God in sy Seun is die grootste blydschap denkbaar. Daarop kan daar net een reaksie wees: lofprysing - oorvertel, uitbasuin.

In die lofprysing gaan dit oor die eer van die HERE: **Ek wil psalmsing tot eer van u Naam.** (v 3)

In vers 12 kom Dawid weer terug op die lofprysing, die eer van die HERE en die verkondiging van sy dade: **Psalmsing tot eer van die Here wat op Sion woon; verkondig onder die volke sy dade.** Die woord **verkondig** het te make met die vertel van iets wat nog nie bekend was nie. Die **dade** van die Here moet onder al die nasies bekendgemaak word; die woord **dade** van vers 12 beteken dade wat gedug en ontsagwekkend is (Ps 66:5; Psa 105:1).

In vers 15 beskryf Dawid die dade van die HERE met 'n woord wat beteken: **roemryke dade.** God word in sy dade geroem en grootgemaak. Sy dade loof Hom.

God se grootste werk, sy genadige verlossing van sy volk en die regverdigmaking deur die geloof alleen (Ps 40:6), moet bekendgemaak word aan al die nasies (Ps 22:31; Jes 48:20; Jes 66:19; vgl Mt 28:18 ev).

36. Psalm 9 (4): die evangelie die wonder van alle wonders van die HERE

Psalm 9 se eerste gedeelte (vv 1-13) is 'n **lofprysing**. Lofprysing is om te vertel van God se wonders, sy dade.

Vandag gaan dit oor die grootste wonder, die heerlikste daad van die HERE: die wonder van die evangelie. Die evangelie is die wonder van alle wonders van die HERE.

In Psalm 118:21-23 kry ons ook die woord wonder of *wonderbaar* van Psalm 9. In Psalm 118:21-23 lees ons naamlik: Ek wil U loof, omdat U my verhoor het en my tot heil geword het. Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n *hoeksteen* geword. Dit het van die HERE gekom; dit is *wonderbaar* in ons oë.

Dit (die hoeksteen) is *wonderbaar* in ons oë. Die toeskouers beskou die hoeksteen as wonderbaar. Met wonderbaar bedoel hulle: Hulle sien die hoeksteen as God se werk. Die Psalmdigter sê dit baie uitdruklik: ***Dit*** (die hoeksteen) ***het van die HERE gekom***. Dit wil sê: Die hoeksteen is sy daad; dit is iets wat net Hy kan doen; dit is dus 'n wonder. Juis daarom sê die Psalmdigter ook: die heil, die verlossing wat geopenbaar word in die hoeksteen, is *wonderbaar in ons oë*. Die hoeksteen-daad is uitsluitlik en alleen Gods-daad, Gods-wonder.

Die hoeksteen is alles bepalend en alles beslissend vir 'n gebou: Dit bepaal die stewigheid van fondament en gebou. As die hoeksteen nie daar is nie of nie goed is nie, sal die hele gebou 'n mislukking wees.

Op die hoeksteen verrys die tempel. Sonder God se wonderdaad van die gee en die lê van die hoeksteen sou daar geen Nuwe Testamentiese tempel (kerk), geen geredde volk van God wees nie.

In die Nuwe Testament word Psalm 118 op ons Here Jesus Christus en sy verlossing toegepas. Gaan lees maar Matteus 21:42, Markus 12:10-11, Lukas 20:17, Handeling 4:11, Efesiërs 2:20-22 en 1Petrus 2:4-8. Ons Here Jesus Christus is die hoeksteen van God en deur God gegee.

Uit Handeling 4:10 is dit duidelik dat Christus deur sy kruis en opstanding ons hoeksteen is.

Oor hierdie daad, hierdie hoeksteen-wonder, **lofprys** die Psalmdigter die HERE: ***Ek wil U loof, omdat U my verhoor het en my tot heil (verlossing) geword het.*** (Ps 118:21).

37. Psalm 9 (5): Kennis van die Naam en vertroue

In die middel van hierdie loflied verklaar Dawid: ***Hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!*** (9:11)

Wat bedoel Dawid met die *ken* van die Naam van die HERE? Beteken dit dat ons moet weet hoe om daardie Naam te *spel*? Nee, dit gaan om veel meer. Om sy Naam te ken, beteken: **om te weet Wie en Wat die HERE vir sy kerkvolk is**. Ons leer sy Naam ken in sy werke, in sy daade, in dit wat Hy doen vir sy kinders om hulle te verlos en te bewaar.

Uit die geskiedenis wat Dawid in vv.4-7 beskrywe het die koning-digter en sy volksgenote die Naam van die HERE leer *ken*. Hulle het sy Naam hierin, in hierdie historiese daad, leer ken dat ***U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!*** Hulle het die HERE in hulle nood ***gesoek*** in die ***gebed***. Die geskiedenis toe die HERE hulle bevry het van die vyand - dit was vir Dawid en sy mense 'n ***leerskool*** dat ***U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!***. Uit daardie gebeure in die geskiedenis het hulle die Naam van die HERE leer spel: sy Naam is Verlosser van sy kerk, Redder van sy volk, Hoorder van hulle gebede. So het die HERE sy Naam kenbaar gemaak aan sy kerk.

Maar daar eindig die boek van die geskiedenis, die boek van God se daade, nie. Nog heerliker het God sy Naam bekendgemaak in die **geskiedenis van Christus.**

In Johannes 17:6 sê Jesus: (Vader) ***Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.*** (vgl Joh 17:26). In die daade van Jesus is die Naam van die Vader aan ons bekendgemaak. In die daade Christus se kruis en opstanding leer ons die Vader-Naam ken en leer ons wat 'n Vader ons het. In die geskiedenis van Christus word aan ons aangaande ons Vader geopenbaar: ***Want so lief het God (die Vader) die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*** (Joh 3:16)

Interessant dat ook ons Kategismus die woord **ken** gebruik: Gee ons eerstelik, dat ons U reg **ken** en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys (HK 47:122).

Wat sien ons van die HERE in sy werke: In sy werke, in sy daade, ***skyn sy almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder.***

38. Psalm 9 (6): Kennis van die Naam en gebedsvertroue

Psalm 9 bestaan uit twee dele: 'n loflied (vv 1-13) en 'n gebed (vv 14-21).

Die twee dele hang egter ten nouste saam: deel een is 'n loflied op God se daade en **God se daade in deel een gee Dawid gebedsvertroue.** Hy ken die HERE uit die geskiedenis, uit sy daade en dit gee hom vertroue om in die huidige nood tot die HERE te bid.

In deel een prys hy die HERE se daade en in deel twee bid Dawid met 'n beroep op God se daade in die verlede om die HERE se verlossing in die hede.

In vers 14 en 15 weerklink die daade deur in die gebed: ***Wees my genadig, Here, aanskou my ellende vanweë my haters, U wat my verhef uit die poorte van die dood; sodat ek al u roemryke daade kan vertel, in die poorte van die dogter van Sion kan juig oor u heil.***

In vers 15 laat hy hoor wat die bedoeling van sy gebed is, waarop dit gemik is: lofprysing. Hy bid om verlossing van die dood, ***sodat ek al u roemryke daade kan vertel, in die poorte van die dogter van Sion kan juig oor u heil.***

Dawid se gebed is een groot lofprysing. Daarom is ook deel twee van die Psalm 'n loflied tot eer van God. Om te erken dat alleen die daade van die HERE ons red en om te roep om daardie daade – dit is lofprysing, dit is waaragtige gebed.

In die eerste deel van Psalm 9 sien ons dat God sy Naam bekendmaak deur sy verlossingsdaade. In deel twee bid Dawid: Laat u Naam gesien word in u verlossingsdaade in antwoord op my gebed.

39. Psalm 9 (7) Die groot Naam teenoor die klein naampie

Ek sit my vandag en verwonder oor die skoonheid van die Bybelse digkuns. Om dit meer presies te sê: die Kuns van die groot Psalmkunstenaar, ons Here Jesus Christus.

Want het die groot kontras in Psalm 9 u al opgeval? Ek bedoel: die groot God teenoor die klein mensie?

- Psalm 9 begin met **die groot Naam van die HERE**: Ek wil die **HERE** loof met my hele hart; ek wil al u wonders vertel. In U wil ek bly wees en juig; ek wil psalmsing tot eer van **u Naam, o Allerhoogste**(vv 2-3)

Hoor u dit? Die HERE is die **Allerhoogste**.

Allerhoogste beteken: Hy staan bo alles, Hy het alles in sy hand, Hy kan sy volk red. Die vyand van sy volk deins voor Hom terug.

- En kyk nou hoe eindig Psalm 9: met **die kleinheid en nietigheid van die mens**: Staan op, HERE, laat die **mens** nie sterk word nie; laat die heidene voor u aangesig geoordeel word! o HERE jaag hulle skrik aan; laat die heidene weet, hulle is **mense!** Sela. (vv 20-21).

Mens – in die Hebreeus druk dit **die nietigheid van die mens** uit. Hoor u dit? Die **mens** is maar net **mens**, nietigheid, **niks** teenoor die **Allerhoogste**.

Psalm 9 begin met 'n jubeling oor die groot Naam van God, die God wat wonders doen, dade wat die mens nie kan doen nie. En die Psalm eindig met die kleinheid van die mens, wat teen God niks vermag nie.

Wat 'n troos lê nie daarin opgesluit vir die gelowiges vandag nie. Ons kan ons so blindstaar teen mensies en menslike magte, maar Psalm 9 leer ons: ons HERE staan bo alles, ook die mensies wat die kerk vandag bedreig.

Ek hoef nie bang te wees nie. My HERE is die Allerhoogste. Dit maak die digter van Psalm 9 so bly. Dit laat hom jubel.

Hoe moet **ons Here Jesus Christus se Naam** ons nie verbly nie: **Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!** (Fil.4:4) En: **Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.** (Mt 28:18)

40. Psalm 11 (1): Ongeloof in die krisis

In Psalm 11 bevind koning Dawid hom in 'n krisis.

Die **fondamente word omgegooi**, hoor ons (v 3). Daaronder moet ons die grondslae van sy koninkryk verstaan. Om dit nog meer presies te sê: Dawid se koningskap, dit wat die fondament van die koninkryk is, word bedreig deur die rewolusie van Absalom.

Maar ons sal nog dieper moet kyk. Dawid is 'n tipe van Christus. Ten diepste gaan dit daarom om die koningskap van Christus. Die Evangelie is in gedrang. Die stryd teen Christus is 'n kenmerk van die Bybel en die geskiedenis: Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! (Ps 2:2-3).

Onder hierdie omstandighede kom politieke en militêre raadgewers, vriende van die koning, met goedbedoelde raad (vv 1-3: ***Vlug na julle berg soos 'n voël***. Vir die welgemeende raad is daar oënskynlik hegte grond: ***Want kyk, die goddelose span die boog; hulle het hul pyl op die snaar reggesit om in die donker te skiet na die opregtes van hart***. Die vyand sit klaar gereed.

Nie alle raad van vriende is egter altyd goed nie. In sy lis maak die Satan van vertrouelinge gebruik om Dawid te mislei. Die duiwel kom in die gewaad van 'n engel van die lig, in die gestalte van vriende.

Boonop gee die harde realiteite die vriende blykbaar gelyk: Die vyand maak reeds gereed. Hulle het al klaar die boog gespan en die pyl op die snaar gesit. Die rewolusie is reeds aan die gang. En dit is nie al nie. Wat meer is: Dawid is so swak en sy totale weerloosheid word uitgedruk met die van 'n voël. Wanneer gevaar dreig, is daar vir 'n voël net een uitweg en dit is om weg te vlieg.

Die vriende eindig in die lig van dit alles hulle raad met die woorde: ***As die fundamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?*** Dit is 'n vraag met as noodwendige antwoord: niks nie, net wegvlug.

Wat is fout met die raad van die vriende? Dat met geen woord van die HERE gerep word nie. Dit is net die mens voor en na. Die mens moet tot aksie oorgaan: vlug. Dit is ongeloof in die krisis. Na God word nie gevra en aan Hom word nie gedink nie. Die blinde raadgewers staar hulle blind teen die skynbaar harde werklikheid. Vir die Ander werklikheid het hulle geen oog, geen geloofsoë nie.

As die fondament van die evangelie in kerk en staat ondergrawe word, wat kan die gelowige dan doen? Is dit dan nie beter om te vlug nie: om te emigreer of van kerk te verander nie?

Sekerlik kan die gelowige mensie niks doen nie. Maar God kan wel alles doen. Ongeloof is nie die antwoord nie, maar geloof.

41. Psalm 11 (2): Geloof in die krisis

Dawid se vriende se raad is gerig op die aksie wat die mens moet neem in die krisis: vlug, red jouself, help jouself. Die mens is van nature lid van die klub "Help jouself".

Daarteenoor is Dawid se reaksie 'n geloofsbelydenis: ***By die HERE skuil ek*** (v 1). Dit is ook vlug, maar dan vlug na die HERE toe, na die enigste Helper in die nood. Dit is wat ware geloof inderdaad is: heeltemal afsien van jouself en opsien na die HERE alleen. In teenstelling met sy vriende het Dawid geglo: Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou. (Ps. 118:8)

Let op dat die Naam HERE voorop staan: By ***die HÉRE*** skuil ek (v 1). Die Naam HERE kry die nadruk. Dit gaan oor Hom in Psalm 11.

In die woordjie *skuil* lê die gedagte van **eie onvermoë** en van die **HERE se alvermoë**. Skuil by Hom hou ook in: om op Hom te **vertrou**. **Vertrou** is ook **toe-vertrou**, om jou aan Hom **toe te vertrou**.

*Ek gee my gees oor in u hande,
my Redder, wat my trou
in veil'ge hoede hou.* (Ps 31:3 - Totius-beryming)

Die woordjie *skuil* is 'n sentrale woord in die Psalms. Dit is een van die groot temas in die Psalmboek. Dit word reeds aangekondig in die inleidende Psalm, Psalm 2: **Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil! Die Hom is Christus**. Wie by Hom skuil, is welgeluksalig of geseënd.

Skuil word vier-en – twintig maal in die Psalms gebruik (Pss 2:12; 5:12; 7:2; 11:1; 16:1; 17:7; 18:3, 31; 25:20; 31:2,20; 34:9, 23; 36:8; 37:40; 57:2; 64:11; 71:1; 91:4; 118:8, 9; 141:8; 143:9; 144:2). Daarby kom nog ander woorde soos *skuilplek*. Skuil word ook dikwels saam met woorde soos *skild*, *rots* en *bergvesting* gebruik: die HERE is ons skild, ons rots, ons bergvesting.

Om by die HERE te skuil, beteken om op Hom alleen te vertrou vir verlossing en beskerming. HERE, my God, by U skuil ek; verlos my van al my vervolgers en red my (Ps. 7:2). Hy is 'n skild vir almal wat by Hom skuil. (Ps 18:31)

*O neig u oor en red 'n lyder,
wees my by stormgerug
'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o Bevryder,
wat op 'n berg verhewe,
my veiligheid kan gewe!*(Ps 31:2 - Totius-beryming)

In die ware geloof gaan dit nie oor menslike aksies nie, maar vertrou op die aksies van God, sy wonders, sy dade.

Ons hoor Dawid se diepe afkeur van die raad van sy vriend in die woorde: *Hoe* (hoe op aarde) ***kan julle dan vir my sê: *Vlug ...**** (v 1) ***Hoe*** op aarde kan julle dit vir my sê, vir my wat die volmaakte, almagtige, algenoegsame Skuilplek het.

42. Psalm 11 (3): Godskennis in die krisis

In vers 1 het Dawid bely: ***By die HERE skuil ek***.

Vanaf vers 4 kry ons 'n nadere uitwerking van Dawid se geloofsbelydenis: hy vertel meer oor die HERE, wat Hy is en doen vir sy volk in die krisis.

Reeds voorop in Psalm 11:1 hoor ons die Naam HERE. In vers 4 en verder kry ons vier maal die Naam HERE. Telkens is Hy die onderwerp, die handelende. Anders as met die raad van

sy vriende (vv 1-3) kom by Dawid net die Naam van die HERE en sy handeling aan die orde en nie die mens nie. Drie maal staan die Naam HERE met nadruk voorop.

Dawid spel dit in vers 4 tot 7 uit wat dit beteken om by die HERE te skuil: wat Hy doen vir die gelowiges in die krisis. Ons leer God ken.

Die HERE is in sy heilige paleis. Dit wil sê: Hy is in Jerusalem in sy tempel, Dit beteken: Hy is **midde-in** die krisis en **by** sy volk in die krisis.

Maar nie alleen is Hy **by** ons in die krisis nie. Hy staan ook **bó** die krisis: **Die troon van die HERE is in die hemel.** Dit hou in: Hy staan bo alles, ook bokant die krisis, en Hy heers oor alles.

Dat Hy in sy tempel is en in die hemel troon, beteken nie dat Hy niks doen nie. Intendeel: **sy oë sien, sy ooglede toets die mensekinders.** By die woorde **oglede** kan ons dink aan die trek van die oë op skrefies om skerper te sien. Die HERE neem regverdige en goddelose noukeurig waar en Hy sien wat in elkeen is: opregtheid of goddeloosheid.

En **sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet.** Die haat sal nie sonder daad bly nie, maar **Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën.** Dit is 'n sinspeling op God se gerig oor Sodom en Gomorra. Die krisistigters en revolusionêres, die fondamentgooiers, die haters van die evangelie, moet weet dat hulle met vuur speel.

Ons moet Psalm 11 lees in die lig van Psalm 2. Die konings en volke bedink revolusie teen die HERE en sy Gesalfde (vv 2-3), maar dit is nietige dinge, dinge of planne wat op niks uitloop nie (v 1). Die HERE lag vir hulle en sy toorn ontbrand teen hulle (vv 3-4). In Psalm 11 gaan dit om dieselfde krisis as die in Psalm 2: opstand teen God en Christus en sy evangelie.

By hierdie Psalm moet ons dink aan Matteus 28: **Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. ... En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. Hy is met ons in die krisis – met al sy mag.** Weet dit daarom: By Hom kan jy gaan skuil; dis die moeite werd. Op Pinksterdag het Hy **in** ons kom woon deur sy Gees, so naby, so midde-in die krisis.

Nooit gaan gelowiges 'n landskrisis en kerkkrisis en samelewingskrisis alleen binne nie.

43. Psalm 11 (4): Sekerheid in die krisis

Dit is so heerlik om te weet: die HERE is **by my** in die krisis is, Hy, my Vader, die Almagtige. Dit is ook so ontsaglik troosryk om te weet: Hy regeer en Hy staan **bokant** die krisis .

Maar ag, soms twyfel ons so daaraan en en is ons geloof so vreeslik klein.

In ons swak geloof kom die HERE ons nou te hulp met die woorde van vers 7: **Want die HERE is regverdig; Hy het geregtighede lief.** Jy kan **seker wees** dat die HERE daar is, **want Want** – en dan volg die grond van ons **sekerheid** van God se woord in vers 4-6: ...

Want die HERE is regverdig. Dat die HERE regverdig is, kan ons ook so vertaal: ... die HERE is **getrou**. **Regverdig** spreek van sy verbondstrou, Hy is getrou aan al die woorde van sy verbond, ook die verbondswoorde van vers 4 tot 6. Ons hoef nooit te twyfel daaraan of die almagtige, getroue Verbondsgod by ons is in die krisis nie en dat Hy die vyande van sy uitverkorenes sal tref met sy gerig nie.

Hoor hoe mooi verwoord Psalm 97 vers 1 en 6 (Totius-beryming) dit:

God heers as hoogste HEER

.....

**Hy is sy volk geneë
en sal in doodsgevaar
sy gunsgenoot bewaar;
Hy red hom van die hand
wat dreig van alle kant,
van die geweldenaar.**

In ons Heidelbergse Kategismus 10:28 bely ons: Ons moet ... **'n vaste vertrouwe stel op ons getroue God en Vader, dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.** Die krisismakertjies, skepseltjies, is in sy hand.

En dan vervolg Dawid die **want**, die rede vir ons sekerheid dat die HERE daar is, met die woorde: **Hy het geregtighede lief.** Hierdie geregtigheid kan ons weer vertaal met **verbondstrou** en hier gaan dit oor die verbondstrou, die werke van sy kinders.

Maar ons moet die woord **geregtighede** nader verklaar,. Want op onself is ons vol ongeregtighede. Daarom: dit gaan nie oor ons geregtighede nie, maar oor **Christus se geregtighede in ons**. Die Vader sien die werke (geregtigheid) van sy Seun in ons en Hy het die werke van sy Seun lief. Ja, Christus en sy werke gee ons sekerheid in die krisis: dat die HERE by ons is en ons lief het. Sy geregtighede word ons toegereken; sy geregtighede bedek al ons ongeregtighede. Van Christus word in Jeremia 23:6 gesê: dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: **DIE HERE ONS GEREJTIGHEID.**

Van die goddelose sê vers 5: die HERE **haat die goddelose en die wat geweld liefhet.** Van die gelowige daarenteen kan ons op grond van vers 7 sê: die HERE het die regverdiges lief. In Psalm 146:8 staan dit letterlik: **die HERE het die regverdiges lief.**

44. Psalm 11 (5): Om God se aangesig te sien in die krisis

God se gesig straal ons toe in die krisis: **Die opregtes sal sy aangesig sien**, sê vers 7.

Wat word bedoel met die HERE se **aangesig**? Ons ken die uitdrukking ook in Afrikaans. Ons sê: Jy kan dit op sy gesig sien; dit staan op sy gesig geskryf; sy gesig is bewolk, ens. Ons kan maar sê: 'n Mens se gesig sê wat in jou hart omgaan; dit openbaar wat in jou omgaan.

God se **aangesig** is God se openbaring: In sy aangesig openbaar Hy Hom aan ons. As Hy sy aangesig vir ons verberg, is Hy toornig op ons; as Hy sy aangesig oor ons laat skyn, beteken dit vrede, die heerlike vrede van die Evangelie.

Die **hoëpriesterlike seën van Numeri 6:23-27** is 'n **kommentaar** op die openbaring van God se aangesig: Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën.

Die Bybel is die HERE se aangesig. In Christus sien ons die aangesig van die Vader. Lees maar 2 Korintiërs 4:6: Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God **in die aangesig van Jesus Christus**.

In Johannes 14:9 sê Jesus vir Filippus: Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. In die werk van Christus, in sy kruis en opstanding en koningsheerskappy, straal God se aangesig ons toe.

Ons hoef nie ver te soek in Psalm 11 om 'n verklaring vir die woorde **die opregtes sal sy aangesig sien** te kry nie. Vers 4 tot 7 laat ons die aangesig van die HERE sien: sy almagtige heerskappy, sy liefde vir sy volk, sy haat van die goddelose.

Psalm 97:7 (beryming) beskryf die wonder van God se heerskappy en aangesig so heerlik mooi:

***Gods vriend'like=aangesig
straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte
vir alle=opregte harte.
Regverdiges, wees bly!
En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER!
Lofsing sy Naam tot eer,
Hy's hoog en heilig, Hy!***

In Psalm 27 (4, 8, 9) skryf Dawid: Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. Van U sê my hart: Soek my **aangesig!** Ek soek u **aangesig**, o HERE! Verberg u **aangesig** nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil!

Die HERE se aangesig bring bevryding en vrede in die krisis - sy openbaring verlig ons. Dit is duidelik uit die priesterlike seën van Numeri 6: 22-27.

Van die gelowiges word verskillende dinge in die Nuwe Testament geskryf oor die vervulling van die sien van die HERE se aangesig. So spreek Jesus die gelowiges salig, geseënd: **Salig**

is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Hulle sal God se **volle, heerlike openbaring** sien. Nou is daar nog beperkings in die openbaring wat ons aanskou: Want nou **sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig.** Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek **ten volle ken**, net soos ek ten volle geken is. (1 Kor 13:12) In die vervulde paradys-tempel-stad sal hulle die Lam voluit sien, dit wil sê sy volle openbaring: En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees (Opb 22:4). En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid. (Opb 22:5)

Die Vader openbaar Homself, onthul Homself deur die Lam wat Hy om ons ontwil geslag het. Groter lig en heerliker kennis van die heerlijkheid van God is daar nie.

45. Psalm 11 (6): Die onomgooibare fondament in die krisis

Ek wil hierdie oordenkings oor Psalm 11 afsluit deur weer stil te staan by vers 3, daardie ongeloofswoorde van Dawid se raadgewers: ***As die fundamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?***

In die rewolusie van Absalom het Dawid se vriende dit ervaar as sou die fundamente van die koninkryk van Dawid omvergegooi word. En ons het gehoor: Dawid, die gesalfde koning van die HERE, beeld die groot Gesalfde, ons Here Jesus Christus, af. Dit beteken: die Evangelie, die Woord, is in gedrang.

Maar kan die Woord, die Evangelie, die heerskappy van Christus onderstebo gekeer word? Vers 4 tot 7 leer ons die teendeel: Die HERE staan bo die krisis, bo-kant die fondamentbestormers. Hulle kan die fundamente nie omgooi nie. Immers, die HERE se koningsheerskappy, die fondament van sy Woord, die fondasie van sy Evangelie, staan onwrikbaar vas.

Reeds in Psalm 2 is verklaar dat hierdie revolusionêres, hierdie fondamentbestormers, se opstand op niks (= nietige dinge) uitloop nie: Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg ...

... die opstandelinge sien ook 'n aangesig, maar 'n aangesig wat toornig is, wat hulle uitlag.

Die fundamente kán nie omgegooi word nie! Hoekom is ons as gelowiges dan so bang dat die Woord, dat die kerk omgegooi en vernietig sal word. Christus het tog in Matteus 16:18 gesê sy kerk is op hierdie rotsfondament gebou: U is die Christus, die Seun van die lewende God ...en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.